(ii) absence with the permission or condonation of the employer. Provided that an employee who is aggrieved by the employer's non-condonation of his absence may appeal to a Regional Council against the employer's decision applied to him, and the Regional Council may after considering any reasons which may be submitted for such decision, confirm that decision or give such other decision as in its opinion ought to have been given in such case. In the event of the employee not being satisfied with the Regional Council's decision he may appeal there-against to the National Council whose decision shall be final;

(iii) the beginning of a new contract of employment.

(6) No male employee shall be required or permitted to work overtime for more than two hours after the completion of his ordinary working hours on any day, unless such employee has been provided with an adequate meal before beginning such overtime, or alternatively has been paid a minimum allowance of 90c in sufficient time to enable such an employee to obtain a meal before the overtime is due to begin

University of Pretoria
IN LUMINE TUO VIDEBIMUS LUMEN

KLOUSULE 6—SONDAGWERK

Die reg om op Sondae te werk

(1) Geen werknemer mag verplig of toegelaat word om op 'n Sondag te werk nie, behalwe vir voorraadopname, toesighouding oor skofveranderings, invordering van kontant by petrolpompbedieners of die verrigting van noodwerk

Besoldiging vir Sondagwerk

(2) Behoudens subklousule (3) van hierdie klousule, moet die werkgewer van 'n werknemer wat op 'n Sondag werk, óf—

(a) die werknemer—

(i) as hy aldus vir hoogstens vier uur werk, minstens die gewone besoldiging betaal wat betaalbaar is vir die tydperk wat hy gewoonlik op 'n weekdag werk; óf

(ii) as hy aldus vir meer as vier uur werk, minstens dubbel sy gewone besoldiging betaal vir die totale tydperk op sodanige Sondag gewerk of minstens dubbel die gewone besoldiging betaalbaar vir die tydperk wat hy gewoonlik op 'n weekdag werk, naamlik die grootste bedrag; of

(b) die werknemer minstens een en 'n derde maal sy gewone besoldiging betaal vir die totale tydperk op sodanige Sondag gewerk en hom binne sewe dae na sodanige Sondag een dag verlof toestaan en hom daarvoor minstens sy gewone besoldiging betaal asof hy op sodanige dag verlof sy gemiddelde getal gewone werkure vir daardie dag van die week gewerk het.

(3) Wanneer 'n werknemer hoogstens vier uur op 'n Sondag werk om toesig te hou oor skofveranderings en/of om kontant by petrolpompbedieners in te vorder, moet sy werkgewer hom—

(a) twee uur se loon betaal vir werk wat tot een uur duur;

(b) 'n addisionele twee uur se loon betaal vir elke addisionele uur of gedeelte van 'n uur gewerk, en wel tot vier uur.

(*Opmerking*.—'n Werknemer wat op 'n Sondag voorraadopname doen of noodwerk verrig of langer as vier uur die pligte verrig wat in hierdie subklousule vermeld word, moet in ooreenstemming met subklousule (2) van hierdie klousule besoldig word.)

KLOUSULE 7—GEREEDHEIDS- EN ROEP-TOELAES

(1) *Gereedheidstoelae*.—

(a) 'n Werkgewer kan van 'n werknemer vereis om „gereed" te wees op enige Saterdag en/of Sondag mits sodanige werknemer minstens een week skriftelik kennis daarvan gegee word.

(b) Waar daar van 'n werknemer vereis word om ingevolge hierdie klousule „gereed" te wees, moet hy 'n „gereedheidstoelae" van minstens R4 ontvang vir elke dag waarop hy „gereed" moet wees, afgesien daarvan of daar van hom vereis word om te werk of nie terwyl hy „gereed" is: Met dien verstande dat as hy moet werk terwyl hy „gereed" is, die „gereedheidstoelae" nie afgetrek mag word van besoldiging wat vir sodanige werk ingevolge hierdie Ooreenkoms betaalbaar is nie.

(c) 'n Werknemer wat „gereed" moet wees, moet homself vir diens aanmeld binne een uur nadat hy geroep is en as hy versuim om homself aan te meld, verbeur hy die „gereedheidstoelae".

(d) Hierdie klousule is nie van toepassing nie op werknemers wat voor die sluiting van besigheid op Vrydae 'n ooreenkoms met hul werkgewers aangaan om op die daaropvolgende Saterdag of Sondag oor skofveranderings toesig te hou en/of om kontant by petrolpompbedieners in te vorder.

(2) *Roep-toelae*.—

(a) 'n Werkgewer kan 'n werknemer vóór sy gewone begintyd of ná sy gewone uitskeityd roep op enige dag van die week, mits daar 'n roep-toelae van R4 betaal word in elke geval waar so 'n werknemer aldus geroep word.

(b) 'n Werknemer wat aldus geroep word, moet homself vir diens aanmeld binne een uur nadat hy geroep is, en as hy versuim om hom aldus aan te meld, verbeur hy die roep-toelae.

(b) As 'n werknemer geroep word, mag die roep-toelae nie afgetrek word van besoldiging wat vir sodanige werk ingevolge hierdie Ooreenkoms betaalbaar is nie.

KLOUSULE 8—OPENBARE VAKANSIEDAE

(1) *(a)* Alle werknemers is geregtig op verlof met besoldiging op ondergenoemde statutêre openbare vakansiedae:

Nuwejaarsdag, Goeie Vrydag, Paasmaandag, Hemelvaartsdag, Republiekdag, Krugerdag, Geloftedag, Kersdag en Gesinsdag.

(b) Alle werknemers, uitgesonderd werkwinkeladministrasiepersoneel en leweransier-verkoopspersone, moet, benewens die openbare vakansiedae in paragraaf *(a)* genoem, verlof met volle

CLAUSE 6—SUNDAY WORK

The right to work on Sundays

(1) No employee shall be required or permitted to work on a Sunday except for the purposes of stock-taking, supervising shift changes, collecting cash from petrol pump attendants, or performing emergency work.

Pay for Sunday work

(2) Subject to the provisions of subclause (3) of this clause, the employer of an employee who works on a Sunday shall either—

(a) pay the employee—

(i) if he so works for a period not exceeding four hours, not less than the ordinary remuneration payable in respect of the period ordinarily worked by him on a week-day; or

(ii) if he so works for a period exceeding four hours, remuneration at a rate of not less than double his ordinary rate of remuneration in respect of the total period worked on such Sunday, or remuneration which is not less than double the ordinary remuneration payable in respect of the period ordinarily worked by him on a week-day, whichever is the greater; or

(b) pay the employee remuneration at a rate of not less than one and one third times his ordinary rate of remuneration in respect of the total period worked on such Sunday and grant him within seven days of such Sunday one day's leave and pay him in respect thereof remuneration at a rate of not less than his ordinary rate of remuneration as if he had on such day's leave worked his average ordinary working hours for that day of the week.

(3) Whenever any employee works not more than four hours on a Sunday to supervise shift changes and/or to collect cash from petrol pump attendants, his employer shall pay him—

(a) two hours' wages for work up to one hour;

(b) an additional two hours' wages for every additional hour or part of an hour worked up to four hours.

(*Note*.—An employee who on a Sunday does stock-taking or work of an emergency nature or who works for more than four hours on the duties specified in this subclause shall be paid in accordance with subclause (2) of this clause.)

CLAUSE 7—STAND-BY AND CALL-OUT ALLOWANCES

(1) *Stand-by Allowance*—

(a) Any employer may require an employee to "stand-by" on any Saturday and/or Sunday: Provided that such employee shall be entitled to notice, in writing, of not less than one week to that effect.

(b) Whenever an employee is required to "stand-by" in terms of this clause, he shall be paid, irrespective of whether or not he is required to work whilst on "stand-by", a "stand-by" allowance of not less than R4 in respect of each day on which he is required to "stand-by": Provided that whenever he is required to work whilst on "stand-by", the "stand-by", allowance shall not be set off against remuneration payable in terms of this Agreement for such work.

(c) An employee who is required to "stand-by" shall present himself for duty within one hour of being called and where he fails so to present himself, the "stand-by" allowance shall be forfeited.

(d) The provisions of this clause shall not apply to employees who before the close of business on Friday, enter into an agreement with their employers to supervise shift changes of and/or to collect cash from petrol pump attendants on the succeeding Saturday or Sunday.

(2) Call-out Allowance—

(a) An employer may call-out an employee to work prior to his normal starting time or after his normal finishing time on any day of the week provided a call-out allowance of R4 is paid in each case where such employee is so called out.

(b) An employee who is so called out shall present himself for duty within one hour of being called and where he fails so to present himself, the call-out allowance shall be forfeited.

(c) Whenever an employee is called-out, the call-out allowance shall not be set off against remuneration payable in terms of this Agreement for such work.

CLAUSE 8—PUBLIC HOLIDAYS

(1) *(a)* All employees shall be entitled to leave on full pay on the undermentioned statutory public holidays:

New Year's Day, Good Friday, Easter Monday, Ascension Day, Republic Day, Kruger Day, Day of the Covenant, Christmas Day and Boxing Day.

(b) All employees, other than workshop administrative staff and supply sales persons, in addition to the public holidays enume-

besoldiging op alle ander statutêre openbare vakansiedae toegestaan word.

(*Opmerking.*—2 Januarie is nie 'n statutêre openbare vakansiedag nie, behalwe waar Nuwejaarsdag op 'n Sondag val.)

(c) Ondanks paragrawe *(a)* en *(b)* van hierdie subklousule, verbeur 'n werknemer wat op die werkdag of 'n gedeelte van die werkdag onmiddellik vóór of ná 'n statutêre openbare vakansiedag met besoldiging van die werk afwesig is, sy reg om vir sodanige openbare vakansiedag betaal te word, tensy sy afwesigheid deur die werkgewer toegelaat of gekondoneer word.

(d) 'n Werknemer wat reken hy word veronreg deur die toepassing op hom van paragraaf *(c)* van hierdie subklousule kan by 'n Streekraad appèl aanteken teen die werkgewer se beslissing wat op hom toegepas is en die Streekraad kan, nadat hy alle redes oorweeg het wat vir sodanige beslissing aangevoer word, daardie beslissing bekragtig of 'n ander beslissing gee wat na sy mening in daardie geval gegee behoort te gewees het. As die werknemer nie met die Streekraad se besluit tevrede is nie, kan hy daarteen appèl aanteken by die Nasionale Raad wie se beslissing finaal is.

(e) Waar 'n statutêre openbare vakansiedag op 'n Sondag val, moet die volgende Maandag vir die toepassing van hierdie klousule geag word daardie besondere vakansiedag te wees, en waar Kersdag op 'n Sondag val, moet die volgende Dinsdag geag word Gesinsdag te wees.

(f) Indien 'n statutêre openbare vakansiedag op 'n Saterdag val, word so 'n Saterdag nie 'n vakansiedag met besoldiging vir 'n werknemer wat nie gewoonlik op 'n Saterdag werk nie.

(2) Behoudens subklousule (1) hiervan, wanneer 'n werknemer, werk op enigeen van die statutêre openbare vakansiedae ten opsigte waarvan hy kragtens subklousule (1) op verlof met volle besoldiging geregtig is, moet sy werkgewer hom, benewens sy gewone besoldiging vir sodanige dag, die volgende betaal:

(a) Besoldiging teen minstens sy uurloon vir elke uur of gedeelte van 'n uur gewerk, tot agt uur; en

(b) dubbel sy uurloon vir elke uur of gedeelte van 'n uur langer as agt uur op sodanige dag gewerk.

(3) Wanneer een van die statutêre openbare vakansiedae in subklousule (1) vermeld, op 'n ander dag as 'n werkdag val, uitgesonderd 'n Sondag, moet 'n werknemer wat op sodanige statutêre openbare vakansiedag werk, besoldig word teen die loon wat in klousule 5 (5) van hierdie Afdeling voorgeskryf word.

(4) As 'n werkgewer sy bedryfsinrigting op 'n statutêre openbare vakansiedag, uitgesonderd dié genoem in subklousule (1) *(a)*, wil sluit, moet hy werkwinkeladministrasiepersoneel en lewensmiddelverkoopspersone die besoldiging betaal wat hulle sou ontvang het as hulle op sodanige dag hul gewone werkure gewerk het.

rated in paragraph *(a)*, shall be granted leave on full pay on all other statutory public holidays.

(*Note.*—January 2nd is not a statutory public holiday except when New Year's Day falls on a Sunday.)

(c) Notwithstanding the provisions of paragraphs *(a)* and *(b)* of this subclause, an employee who absents himself from his place of employment on the whole or part of the work-day immediately preceding or following a paid statutory public holiday shall forfeit his right to be paid for such holiday unless his absence is with the permission or condonation of the employer.

(d) Any employee who is aggrieved by the application to him of the provisions of paragraph *(c)* of this subclause may appeal to a Regional Council against the employer's decision applied to him, and the Regional Council may after considering any reasons which may be submitted for such decision, confirm that decision or give such other decision as in its opinion ought to have been given in such case. In the event of the employee not being satisfied with the Regional Council's decision, he may appeal there-against to the National Council whose decision shall be final.

(e) Where any statutory public holiday falls on a Sunday, the following Monday shall for purposes of this clause be deemed to be that particular holiday and where Christmas Day falls on a Sunday the following Tuesday shall be deemed to be Boxing Day.

(f) Where any statutory public holiday falls on a Saturday such Saturday does not become a paid holiday for an employee who does not normally work on a Saturday.

(2) Subject to the terms of subclause (1) hereof, whenever an employee works on any statutory public holiday in respect of which he is entitled to leave on full pay in terms of subclause (1), his employer shall, in addition to his normal remuneration for such day, pay him—

(a) remuneration at a rate not less than his hourly wage for each hour or part of an hour worked up to eight hours; and

(b) double his hourly wage for each hour or part of an hour worked in excess of eight hours on such day.

(3) Whenever one of the statutory public holidays referred to in subclause (1) falls on a non-working day, other than a Sunday, an employee who works on such statutory public holiday shall be remunerated at the rates prescribed in clause 5 (5) of this Division.

(4) If an employer wishes to close his establishment on any statutory public holiday other than those referred to in subclause (1) *(a)*, he shall pay workshop administrative staff and supply sales persons the remuneration they would have received if they had worked their ordinary hours on such day.

Klousule 9—Jaarlikse Verlof

(1) Vir die toepassing van hierdie klousule—

(a) beteken „verlofsiklus" die tydperk waarin 'n werknemer drie weke verlof ingevolge subklousule (2) van hierdie klousule verdien;

(b) word die terme „diens" en „skof" geag die volgende in te sluit:

(i) Skofte wat korter duur as dié wat ingevolge hierdie Afdeling toegelaat word, omdat—

(aa) die werknemer laat by sy werkplek aangekom het, maar nie later as 'n halfuur nie; of

(ab) korttyd gewerk is; of

(ac) sodanige korter skofte met die toestemming van die werkgewer gewerk is;

(ii) skofte wat die betrokke werknemer gewoonlik sou gewerk het maar nie gewerk het nie omdat hy—

(aa) met verlof met besoldiging ingevolge hierdie Ooreenkoms afwesig was;

(ab) militêre diens ingevolge die Verdedigingswet, 1957 (Wet 44 van 1957), tot 'n maksimum tydperk van vier maande per jaar moes ondergaan;

(ac) op las of op versoek van sy werkgewer van die werk afwesig was;

(ad) weens siekte of 'n ongeluk van sy werk afwesig was vir 'n tydperk van altesaam hoogstens 30 dae in 'n verlofsiklus;

(ae) van die werk afwesig was op enigeen van die openbare vakansiedae in klousule 8 (1) van hierdie Afdeling:

Met dien verstande dat 'n werknemer wat ná die verstryking van sy jaarlikse verlof sy diens beëindig deur te dros, geen eis ten opsigte van (ii) *(aa)* hierbo van hierdie omskrywing kan instel nie;

(c) beteken „besoldiging" 'n werknemer se loon soos in hierdie Ooreenkoms omskryf, plus enige bonus wat gereeld aan die werknemer betaal word, en word sodanige bonus geag die gemiddelde bedrag te wees wat sodanige werknemer ontvang of

Clause 9—Annual Leave

(1) For the purposes of this clause—

(a) "leave cycle" shall mean the period during which an employee earns three weeks' leave in terms of subclause (2) of this clause;

(b) the terms "employment" and "shift" shall be deemed to include—

(i) shifts which are of shorter duration than those permitted in terms of this Division, because—

(aa) the employee arrived late at his place of work, but such lateness did not exceed half-an-hour; or

(ab) short-time was worked; or

(ac) such shorter shifts were worked with the permission of the employer,

(ii) shifts which the employee concerned normally would have worked but did not work because he was—

(aa) absent on paid leave in terms of this Agreement;

(ab) undergoing military service in terms of the Defence Act, 1957 (Act 44 of 1957), to the extent of a maximum period of four months per year;

(ac) absent from work on the instructions or at the request of his employer;

(ad) absent from work owing to sickness or accident amounting in the aggregate to a period not exceeding 30 days in any leave cycle;

(ae) absent from work on any of the public holidays referred to in clause 8 (1) of this Division:

Provided that an employee who after the expiration of his annual leave terminates his employment by desertion, shall have no claim in respect of (ii) *(aa)* above of this definition;

(c) "remuneration" shall mean an employee's wages as defined in this Agreement plus any bonus regularly paid to the employee, the amount of such bonus being deemed to be the average amount received by or accrued to an employee in respect of the

wat aan hom toegeval het vir 'n tydperk van 13 weke onmiddellik vóór die datum waarop die werknemer met jaarlikse verlof gaan of sy diens beëindig, of, as hy minder as 13 weke gewerk het, die gemiddelde bedrag wat deur 'n werknemer ontvang is of wat aan hom toegeval het vir die getal voltooide weke wat hy werklik gewerk het.

(*Opmerking.*—'n „Bonus wat gereeld aan die werknemer betaal word", ingevolge hierdie omskrywing, sluit nie kommissie nie.)

(2) Drie weke verlof met volle besoldiging moet toegestaan word aan alle werknemers wat die tydperk van aaneenlopende diens, uiteengesit in die Bylae van hierdie subklousule, voltooi het by dieselfde werkgewer sedert die datum van indiensneming of die datum waarop die vorige jaarlikse verlof verskuldig geword het (naamlik die jongste datum).

Bylae

(a) Weekliks besoldigde werknemers—
  (i) wat gewoonlik vyf en 'n half dae per week werk: 313 skofte, uitgesonderd oortydwerk;
  (ii) wat gewoonlik vyf dae per week werk: 261 skofte, uitgesonderd oortydwerk.

(b) Maandeliks besoldigde werknemers: 12 maande.

(3) Jaarlikse verlof moet oor agtereenvolgende weke toegestaan en geneem word.

(4) Jaarlikse verlof word verskuldig sodra 'n werknemer die kwalifiserende tydperk in subklousule (2) van hierdie klousule vermeld, voltooi het, maar dit kan geneem word voor of nadat dit verskuldig word indien—

(a) die omstandighede van die werkgewer se besigheid dit vereis; of

(b) die werkgewer en die werknemer aldus ooreenkom:

Met dien verstande dat jaarlikse verlof in geen omstandighede meer as twee maande *voor* die datum waarop dit verskuldig is geneem mag word nie, en ook nie langer as vier maande na die datum waarop dit verskuldig is, uitgestel mag word nie, tensy die betrokke werknemer en werkgewer voor die verstryking van sodanige tydperk van vier maande skriftelik daarvoor ooreengekom het en in daardie geval mag dit nie langer as ses maande na die datum waarop dit verskuldig is, uitgestel word nie.

(5) Besoldiging vir jaarlikse verlof moet bereken word teen die skaal van besoldiging wat die werknemer ontvang op die datum waarop hy met jaarlikse verlof gaan: Met dien verstande dat dit nie minder mag wees as die skaal van besoldiging in hierdie Afdeling vir die betrokke kategorie werknemer voorgeskryf nie.

(6) *(a)* As enigeen van die openbare vakansiedae met besoldiging wat in klousule 8 (1) *(a)* van hierdie Afdeling vermeld word op 'n werkdag binne die verloftydperk van 'n werknemer val, moet een werkdag met volle besoldiging vir sodanige openbare vakansiedag by genoemde verlof gevoeg word.

(b) As enige openbare vakansiedag met besoldiging, uitgesonderd dié in klousule 8 (1) *(a)* van hierdie Afdeling vermeld, op 'n dag in die verloftydperk van 'n werknemer val, uitgesonderd 'n werknemer wat as lid van die werkwinkeladministrasiepersoneel of leweransier-verkoopspersone aan geklassifiseer word, moet een werkdag met volle besoldiging by genoemde verloftyd vir elke sodanige vakansiedag gevoeg word.

(7) *(a)* Jaarlikse verlof mag nie saamval met 'n werknemer se diensopseggingstermyn nie en ook nie, tensy die werknemer dit skriftelik versoek, met 'n tydperk waarin hy militêre diens ingevolge die Verdedigingswet, 1957, ondergaan nie.

(b) Enige tydperk waarin 'n werknemer met siekteverlof is, word nie geag deel van sodanige werknemer se jaarlikse verlof uit te maak nie.

(8) Geen werknemer mag sy gewone beroep gedurende sy verlof beoefen nie en geen werknemer mag van 'n werknemer vereis of hom wetens toelaat om gedurende sy verlof in die Nywerheid te werk nie.

(9) Behoudens andersluidende bepalings in hierdie Ooreenkoms, mag geen bedrae wat aan 'n werkgewer verskuldig is, van verlofbesoldiging afgetrek word nie.

(10) Die werkgewer moet die besoldiging wat aan 'n werknemer vir jaarlikse verlof verskuldig is, op die laaste werkdag voor die begin van die werknemer se verlof betaal indien die werknemer om betaling aansoek doen voordat hy met verlof gaan.

(11) By diensbeëindiging van 'n werknemer wat kragtens subklousule (2) van hierdie klousule vir jaarlikse verlof gekwalifiseer het, maar wat nie sy verlof op die datum van sodanige beëindiging toegestaan is of dit geneem het nie, moet sy werkgewer hom verlofbesoldiging, bereken in ooreenstemming met subklousule (12) van hierdie klousule, asook verlofbonus in ooreenstemming met subklousule (13) van hierdie klousule, betaal.

(12) 'n Werknemer wat ontslaan word of sy diens verlaat voor die datum waarop hy vir jaarlikse verlof ingevolge subklousule (2) van hierdie klousule gekwalifiseer het, is geregtig op besoldiging vir opgelope verlof gelyk aan drie twee-en-vyftigstes van een week se besoldiging vir elke voltooide „week" diens vanaf die datum waarop hy

period of 13 weeks immediately preceding the date the employee goes on annual leave or terminates his employment, or if a period of less than 13 weeks has been worked, the average amount received by or accrued to an employee in respect of the number of complete weeks actually worked.

(*Note.*—A "bonus regularly paid to the employee" in terms of this definition does not include commissions.)

(2) Three weeks' leave on full pay shall be granted to all employees who have completed the period of continuous employment set out in the Schedule to this subclause with the same employer since the date of engagement or from the date on which the previous annual leave fell due (whichever is the later).

Schedule

(a) Weekly paid employees—
  (i) normally working a five-and-a-half-day week: 313 shifts, excluding overtime;
  (ii) normally working a five-day week: 261 shifts, excluding overtime.

(b) Monthly paid employees: 12 months.

(3) Annual leave must be granted and taken in consecutive weeks.

(4) Annual leave shall become due immediately an employee has completed the qualifying period specified in subclause (2) of this clause, but it may be taken before or after it becomes due if—

(a) the exigencies of the employer's business so require; or

(b) the employer and the employee so agree:

Provided that annual leave shall in no circumstances be taken more than two months before due date, nor delayed for more than four months after due date unless the employee and the employer concerned have, before the expiration of such period of four months, agreed thereto, in writing, and shall not be delayed by more than six months after due date.

(5) Pay for annual leave shall be calculated at the rate of remuneration which the employee is receiving at the date on which he proceeds on his annual leave: Provided that this shall not be less than the rate prescribed in this Division for the category of employee concerned.

(6) *(a)* If any of the paid public holidays referred to in clause 8 (1) *(a)* of this Division falls on a working day within the period of leave of an employee, one working day on full pay shall be added to the said period in respect of such public holiday.

(b) If any paid public holiday, other than those referred to in clause 8 (1) *(a)* of this Division, falls on a working day within the period of leave of an employee other than an employee who falls into the classification of workshop administrative staff and supply salesman, one working day on full pay shall be added to the said period of leave in respect of each such holiday.

(7) *(a)* Annual leave shall not be concurrent with any period during which the employee is under notice of termination of employment, nor, unless the employee so requests in writing, with any period during which an employee is undergoing military service in terms of the Defence Act, 1957.

(b) Any period during which an employee is on sick leave shall not be counted as part of such employee's annual leave.

(8) No employee shall engage in his normal occupation during the period of his leave and no employer shall require or knowingly permit any employee to work in the Industry during the period of his leave.

(9) Except as provided elsewhere in this Agreement, no deductions from leave pay shall be made as a set-off against any moneys which may be owing to the employer.

(10) The pay due to an employee for annual leave shall be paid by the employer on the last working day prior to the beginning of the employee's leave if the employee requests payment before his proceeding on leave.

(11) On the termination of the services of an employee who has qualified for annual leave in terms of subclause (2) of this clause, but who has not been granted or has not taken his leave at the date of such termination, an amount of leave pay calculated in accordance with the provisions of subclause (12) of this clause and a leave bonus in accordance with the provisions of subclause (13) of this clause shall be paid by his employer.

(12) An employee who is discharged from or leaves his employment before he has qualified for annual leave in terms of subclause (2) of this clause shall be entitled to accrued leave pay equivalent to three fifty-seconds of one week's remuneration for each completed span of employment from the date of beginning work with the employer or

by die werkgewer in diens getree het of vanaf die datum waarop sy laaste verlof verskuldig geword het, naamlik die jongste datum. Vir die toepassing van hierdie subklousule beteken „week" die getal skofte wat die werknemer gewoonlik in 'n week werk.

(*Opmerking.*—Besoldiging vir opgehope verlof word bereken deur drie weke se loon te vermenigvuldig met die gedeelte van 'n jaar gewerk, aldus.

Vir 6 maande diens is die verlofbesoldiging ½ × 3 weke se besoldiging.

Vir 13 weke diens is die verlofbesoldiging ¼ × 3 weke se besoldiging.

Vir 5 weke diens is die verlofbesoldiging $\frac{5}{52}$ × 3 weke se besoldiging.

Om drie weke se besoldiging vir 'n *maandeliks besoldigde* werknemer te bereken, moet die maandelikse besoldiging met $\frac{9}{13}$ vermenigvuldig word. Wat 'n maandeliks besoldigde werknemer betref, is die verlofbesoldiging opgeloop in—

6 maande, dus ½ × $\frac{9}{13}$ × 1 maand se besoldiging;

13 weke, dus ¼ × $\frac{9}{13}$ × 1 maand se besoldiging;

5 weke, dus $\frac{5}{52}$ × $\frac{9}{13}$ × 1 maand se besoldiging.)

(13) *(a)* Werkgewers moet 'n vakansiebonus betaal aan werknemers vir wie lone voorgeskryf word in paragrawe *(a)*, *(c)* en *(d)* van die Bylae van klousule 3 van hierdie Afdeling en aan deeltydse werknemers wat gewoonlik vier uur of meer per dag of 20 uur of meer per week werk en wat kwalifiseer vir jaarlikse verlof met besoldiging.

(b) Die bedrag van die vakansiebonus in paragraaf *(a)* van hierdie subklousule bedoel, is een week se loon.

(c) Die vakansiebonus word verskuldig en betaalbaar op die datum waarop die jaarlikse verlof verskuldig word.

Klousule 10—Verskaffing van Oorpakke

(1) Elke werkgewer wat van 'n werknemer vereis om 'n uniform, oorpak, stofjas of voorskoot te dra, moet sodanige kledingstuk gratis verskaf.

(2) Werknemers wat ingevolge hierdie Ooreenkoms van kledingstukke voorsien word, moet sodanige kledingstukke in 'n skoon toestand hou.

(3) Kledingstukke wat ingevolge hierdie klousule verskaf word, bly die eiendom van die werkgewer.

(4) *(a)* Elke werkgewer wat kledingstukke aan werknemers ooreenkomstig hierdie klousule verskaf, moet 'n register byhou wat te alle tye ter insae beskikbaar is en waarin die name van die betrokke werknemers, die datum waarop die kledingstukke aan hulle uitgereik is en die getal kledingstukke wat uitgereik is, met ink aangeteken moet word.

(b) Die handtekening van die betrokke werknemer by elke aantekening ooreenkomstig die vorige paragraaf, is bewys van die ontvangs van sodanige kledingstukke deur die werknemer.

(5) Werkgewers moet aan hul werknemers gratis persoonlike beskermende uitrusting en/of klere verskaf ooreenkomstig regulasies B6 en C20 van die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941.

Klousule 11—Getalsverhouding

(1) 'n Werkgewer moet een gekwalifiseerde winkelassistent of klerk in diens hê voordat hy 'n ongekwalifiseerde winkelassistent of klerk in diens mag neem, en vir elke gekwalifiseerde winkelassistent of klerk in sy diens, mag hy hoogstens een ongekwalifiseerde winkelassistent of klerk in diens hê.

(2) Vir die toepassing van subklousule (1) van hierdie klousule, word 'n ongekwalifiseerde winkelassistent of 'n ongekwalifiseerde klerk wat minstens die besoldiging van 'n gekwalifiseerde winkelassistent of 'n gekwalifiseerde klerk ontvang, geag 'n gekwalifiseerde winkelassistent of 'n gekwalifiseerde klerk te wees.

(3) 'n Werkgewer wat aktief die Motornywerheid beoefen, word geag 'n gekwalifiseerde winkelassistent of 'n gekwalifiseerde klerk te wees: Met dien verstande dat hoogstens een wekgewer ten opsigte van enige bedryfsinrigting geag mag word so 'n werknemer te wees.

(4) Waar 'n werkgewer in die Motornywerheid sake doen in meer as een bedryfsinrigting, mag hy nie ten opsigte van meer as een sodanige bedryfsinrigting geag word 'n gekwalifiseerde winkelassistent of 'n gekwalifiseerde klerk te wees nie, en hierdie klousule moet nagekom word met betrekking tot elke sodanige bedryfsinrigting.

Klousule 12—Diensbeëindiging

(1) Behoudens—

(a) die reg van 'n werkgewer of 'n werknemer om 'n dienskontrak sonder kennisgewing om 'n regsgeldige rede te beëindig; of

from the date on which his last leave became due, whichever is the later. For the purposes of this subclause, "span" means the number of shifts normally worked by the employee in a week.

(*Note.*—Accrued leave pay is calculated by multiplying three weeks' wages by the fraction of a year worked, thus—

For 6 months' employment, leave pay is ½ × 3 weeks' pay.

For 13 weeks' employment, leave pay is ¼ × 3 weeks' pay.

For 5 weeks' employment, leave pay is $\frac{5}{52}$ × 3 weeks' pay.

To arrive at three weeks' pay for a *monthly paid* employee, multiply the monthly pay by $\frac{9}{13}$. Thus for a monthly paid employee the leave accrued in—

6 months is ½ × $\frac{9}{13}$ × 1 month's pay.

13 weeks is ¼ × $\frac{9}{13}$ × 1 month's pay.

5 weeks is $\frac{5}{52}$ × $\frac{9}{13}$ × 1 month's pay.)

(13) *(a)* Employees for whom wages are prescribed in paragraphs *(a)*, *(c)* and *(d)* of the Schedule to clause 3 of this Division, and part-time employees who normally work four hours or more per day or 20 hours or more per week who qualify for paid annual leave shall be paid a holiday bonus by their employers.

(b) The amount of the holiday bonus referred to in paragraph *(a)* of this subclause shall be one week's wages.

(c) The holiday bonus shall become due and payable at the same time as the annual leave falls due.

Clause 10—Supply of Overalls

(1) Every employer who requires any employee to wear a uniform, overall, dustcoat or apron, shall provide such garment free of charge.

(2) Employees supplied with garments in terms of this Agreement shall maintain such garments in a clean condition.

(3) Garments supplied in terms of this clause shall remain the property of the employer.

(4) *(a)* Every employer who supplies garments to employees in terms of this clause shall keep available for inspection at all times a register in which shall be recorded in ink the names of all employees concerned, the date of issue of the garments and the number of garments issued.

(b) The signature of the employee concerned to each record in terms of the preceding paragraph shall be evidence of the receipt by the employee of such garments.

(5) Employers shall provide their employees free of charge with articles of personal protective equipment and/or clothing in accordance with regulations B6 and C20 of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941.

Clause 11—Ratio

(1) One qualified shop assistant or clerical employee shall be employed by an employer before an unqualified shop assistant or clerical employee may be employed by him, and for each qualified shop assistant or clerical employee employed not more than one unqualified shop assistant or clerical employee may be employed.

(2) For the purposes of subclause (1) of this clause, an unqualified shop assistant or unqualified clerical employee receiving not less than the remuneration of a qualified shop assistant or qualified clerical employee, shall be reckoned as a qualified shop assistant or a qualified clerical employee.

(3) An employer who is actively engaged in the Motor Industry may be deemed to be a qualified shop assistant or a qualified clerical employee: Provided that in respect of any establishment, not more than one employer shall be deemed to be such an employee.

(4) Where an employer carries on business in the Motor Industry in more than one establishment, he shall not be deemed to be a qualified shop assistant or a qualified clerical employee for more than one of such establishments, and the provisions of this clause shall be observed in relation to each such establishment.

Clause 12—Termination of Service

(1) Subject to—

(a) the right of an employer or an employee to terminate employment without notice for any good cause recognised by law as sufficient; or

(b) 'n skriftelike ooreenkoms tussen 'n werkgewer en 'n werknemer waarby 'n langer kennisgewingstermyn beding word as die wat in hierdie klousule bepaal word,

moet 'n werkgewer of sy werknemer minstens een week vooraf in die geval van weeklikse besoldigde werknemers en twee weke vooraf in die geval van maandeliks besoldigde werknemers kennis gee van sy voorneme om 'n dienskontrak te beeindig

(2) Die kennisgewing in subklousule (1) hiervan bedoel, moet skriftelik wees, moet in werking tree met ingang van die dag waarop sodanige kennis gegee word en kan op enige dag van die week of maand gegee word: Met dien verstande dat die diensopseggingstermyn nie mag saamval nie met, en daar nie kennis gegee mag word gedurende die werknemer se afwesigheid met jaarlikse verlof of militêre diens nie

(3) Behoudens subklousule (1) indien 'n werkgewer versuim om werk te verskaf en indien 'n werknemer versuim om die toepaslike kennisgewingstermyn uit te dien, moet 'n bedrag gelyk aan die besoldiging wat gedurende die onverstreke gedeelte van die kennisgewingstermyn verdien sou gewees het deur die werkgewer en/of die werknemer onderskeidelik betaal of verbeur word

(4) Ingeval die geld wat 'n werkgewer aan 'n werknemer in die vorm van loon verskuldig is, onvoldoende is vir die volle bedrag van die vergoeding hierin bedoel, is die werkgewer, ondanks andersluidende bepalings in hierdie Ooreenkoms, daarop geregtig om sodanige bedrag af te trek van ander voordele (indien daar is) wat ten tyde van die diensverlating van sodanige werknemer aan die werkgewer verskuldig is

Klousule 13—Los Winkelassistente/Verkoopspersone/Klerke en Aflosklerke

(1) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie Ooreenkoms, is die bepalings van hierdie Ooreenkoms, uitgesonderd die volgende, nie van toepassing nie op los winkelassistente/verkoopspersone of los klerke soos in die Opmerking aan die einde van hierdie subklousule omskryf:

(a) Die kontrakgrondslag vir die indiensneming van 'n los winkelassistent/verkoopspersoon of los klerk is uurliks, en die werkgewer moet—

(i) waar die dienstydperk op enige dag twee uur of korter is, sodanige werknemer minstens twee en twee derde maal die uurloon betaal; of

(ii) waar die dienstydperk op enige dag langer as twee uur maar hoogstens nege uur is, sodanige werknemer minstens een en 'n derde maal die uurloon betaal vir elke uur of gedeelte van 'n uur wat hy gewerk het, of

(iii) waar die dienstydperk op enige dag langer as nege uur duur, sodanige werknemer oortyd vir sodanige oortydwerk betaal op die grondslag van die oortydbesoldiging voorgeskryf in klousule 5 (5) van hierdie Afdeling van hierdie Ooreenkoms.

(b) Die werkgewer moet die besoldiging wat aan 'n los winkelassistent/verkoopspersoon, of los klerk verskuldig is, by die beëindiging van sy diens betaal

(c) Vir die toepassing van hierdie klousule beteken „uurloon" die minimum weekloon in klousule 3 van hierdie Afdeling voorgeskryf vir 'n gekwalifiseerde winkelassistent, verkoopspersoon en/of klerk, gedeel deur 46.

(d) Geen los winkelassistent/verkoopspersoon of klerk mag verplig of toegelaat word om—

(i) voor 08h00 of na 18h00 van Maandae tot Vrydae;

(ii) voor 08h00 of na 13h00 op Saterdae;

(iii) te enigertyd op 'n Sondag of openbare vakansiedag te werk nie, behalwe met die doel van voorraadopname

(*Opmerking.*—„Los winkelassistente/verkoopspersone/klerke" beteken enige werknemer wat in 'n tydelike of los hoedanigheid deur dieselfde werknemer in diens geneem word vir 'n tydperk van hoogstens 23 uur, aaneenlopend of nie, in 'n bepaalde maand vir enigeen van die pligte van 'n „winkelassistent/verkoopspersoon" of „klerk", na gelang van die geval, soos in hierdie Ooreenkoms omskryf.)

(2) *Aflosklerk* —

(a) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie Ooreenkoms, is geen van die bepalings van hierdie Ooreenkoms, behalwe paragraaf *(b)* van hierdie subklousule en daardie bepalings in hierdie Afdeling wat betrekking het op die lone vir gekwalifiseerde werkers (klousule 3), gewone werkure (klousule 4), oortydwerk (klousule 5) en Sondagwerk (klousule 6) op aflosklerke, soos in hierdie Ooreenkoms omskryf, van toepassing nie

(b) Elke werkgewer wat iemand in diens neem om op sy perseel as aflosklerk werksaam te wees, moet binne twee dae na sodanige indiensneming die naam van sodanige aflosklerk en die naam van die werknemer wie se plek sodanige aflosklerk inneem, verstrek aan die Sekretaris van die Streekraad in wie se regsgebied sy sakeonderneming gelee is

(b) the provisions of any written agreement between employer and employee stipulating a period in excess of that provided for in this clause,

an employer or his employee shall give notice of intention to terminate a contract of service of not less than one week in the case of weekly paid employees and two weeks in the case of monthly paid employees

(2) The notice referred to in subclause (1) hereof shall be given in writing, shall take effect from the day on which it is given and may be given on any day of the week or month: Provided that the period of notice shall not run concurrently with, nor shall notice be given during, the employee's absence on annual leave or military service

(3) Subject to the provisions of subclause (1), should an employer fail to provide work or should an employee fail to work for the appropriate period of notice, the employer and/or employee shall pay or forfeit respectively an amount equal to the remuneration that would have been earned during the unexpired part of the notice period

(4) Notwithstanding anything to the contrary in this Agreement should any money owing by the employer to the employee by way of wages be insufficient to meet the full amount of the forfeiture referred to herein, the employer shall be entitled to recover such amount from other benefits (if any) accruing to such employee at the time of his desertion

Clause 13—Casual Shop Assistants Sales persons, Clerical Employees and Relief Clerical Employees

(1) Notwithstanding anything to the contrary contained in this Agreement, none of the provisions of this Agreement other than the following, shall apply to casual shop assistants/sales person or casual clerical employees as defined in the Note at the end of this subclause:

(a) The basis of contract of employment as a casual shop assistant/sales person or casual clerical employee shall be hourly, and the employer shall pay such employee where the period of employment on any day—

(i) is of two hours' duration or less, an amount equal to not less than two and two-third times the hourly wage; or

(ii) is of longer duration than two hours but not more than nine hours, not less than one and one-third times the hourly wage for each hour or part of an hour worked; or

(iii) is of longer duration than nine hours, overtime for such excess time on the basis of overtime prescribed in clause 5 (5) of this Division of this Agreement

(b) The employer shall pay the remuneration due to a casual shop assistant/sales person or casual clerical employee, on termination of his employment

(c) For the purposes of this clause "hourly wage" means the minimum weekly wage prescribed in clause 3 of this Division for a qualified shop assistant, sales person and/or clerical employee, divided by 46.

(d) No casual shop assistant/sales person or clerical employee shall be required or permitted to work, except for the purpose of stock-taking—

(i) before 08h00 or after 18h00 on Mondays to Fridays,

(ii) before 08h00 or after 13h00 on Saturdays;

(iii) at any time on a Sunday or public holiday

(*Note.*—"Casual shop assistants/sales persons/clerical employees" shall mean any employee who is temporarily or casually employed by the same employer for not longer than 23 hours, continuous or otherwise, in any one month on any of the duties of a "shop assistant/sales person" or "clerical employee", as the case may be, as defined in this Agreement)

(2) *Relief clerical employee.*—

(a) Notwithstanding anything to the contrary contained in this Agreement none of the provisions of this Agreement other than paragraph *(b)* of this subclause and those in this Division relating to qualified wage rates (clause 3), ordinary hours of work (clause 4), overtime (clause 5) and Sunday work (clause 6) shall apply to relief clerical employees as defined in this Agreement.

(b) Every employer who engages any person to work on his premises as a relief clerical employee shall within seven days of such engagement supply the Secretary of the Regional Council within the area of jurisdiction of which his place of business is situated with the name of such relief clerical employee and the name of the employee whose place the relief clerical employee is taking

(*Opmerking* — Aflosklerk word omskryf as 'n klerk wat tydelik in diens geneem word vir 'n tydperk van hoogstens 28 kalenderdae in enige ses maande en wel vir die doel om die werk uit te voer van 'n klerk wat van sy werk afwesig is.)

KLOUSULE 14—KORTTYD

(1) Behoudens subklousule (3) van hierdie klousule en ondanks andersluidende bepalings in hierdie Ooreenkoms, kan 'n werkgewer sy werknemers korttyd laat werk: Met dien verstande dat waar sodanige korttyd te wyte is aan 'n handelslapte en/of 'n tekort aan materiaal en daar van 'n werknemer vereis word om nie op 'n bepaalde dag in die bedryfsinrigting teenwoordig te wees nie, die werkgewer hom voor of op die dag onmiddellik voor die dag waarop daar van hom vereis word om nie te werk nie, van sodanige feit in kennis moet stel, en waar die werkgewer uitdruklik van die werknemer vereis om hom op 'n bepaalde dag by die bedryfsinrigting aan te meld met die doel om vas te stel of daar werk beskikbaar is, moet die werknemer, indien daar geen werk beskikbaar is nie of indien slegs werk vir minder as vier uur beskikbaar is, minstens vier uur se besoldiging vir sodanige dag betaal word.

(2) Waar daar korttyd gewerk word, is 'n werkgewer nie verplig om lone aan sy werknemers te betaal nie, behalwe vir die tydperk wat hulle werklik gewerk het of soos uitdruklik anders in subklousule (1) van hierdie klousule bepaal.

(3) 'n Werknemer mag nie op 'n korttydgrondslag geplaas word nie op Nuwejaarsdag, Goeie Vrydag, Paasmaandag, Hemelvaartsdag, Republiekdag, Krugerdag, Geloftedag, Kersdag of Gesinsdag.

(4) 'n Werknemer mag nie op Setlaarsdag op 'n korttydgrondslag geplaas word nie, tensy—

(a) die meerderheid van die werknemers in die bedryfsinrigting korttyd wil werk; of

(b) korttyd op die dag voor of na sodanige openbare vakansiedag gewerk word; of

(c) sodanige statutêre openbare vakansiedag op 'n dag van die week val waarop die werknemers van 'n bedryfsinrigting ook op 'n korttydgrondslag geplaas is in die week onmiddellik voor dié waarin die statutêre openbare vakansiedag val.

(*Note* —"Relief clerical employee" is defined as a clerical employee who is temporarily employed for a period of not more than 28 calendar days in any six months for the purpose of carrying out the duties of a clerical employee who is absent from work.)

CLAUSE 14—SHORT-TIME

(1) Subject to the provisions of subclause (3) of this clause and notwithstanding anything to the contrary in this Agreement, an employer may employ his employees on short-time: Provided that where such short-time is owing to slackness of trade and/or shortage of material, if an employee is required not to attend the establishment on a particular day, the employer shall notify him of the fact not later than the day immediately preceding the day on which he is not required to work, and where the employee is expressly required by the employer to report at the establishment on any particular day for the purpose of ascertaining whether work will be available, he shall, if no work or if work of less than four hours' duration is available, be paid not less than four hours' pay in respect of such day.

(2) In the event of short-time being worked an employer shall not be required to pay wages to his employees except for the period actually worked or as otherwise expressly provided for in subclause (1) of this clause.

(3) An employee may not be placed on short-time on New Year's Day, Good Friday, Easter Monday, Ascension Day, Republic Day, Kruger Day, Day of the Covenant, Christmas Day or Boxing Day.

(4) An employee may not be placed on short-time on Settlers' Day unless—

(a) the majority of the employees of the establishment wish to work short-time; or

(b) short-time is worked on the day preceding and the day succeeding such public holiday; or

(c) such statutory public holiday falls on a day of the week on which the employees of an establishment were also placed on short-time in the week immediately preceding that in which the statutory public holiday falls.

AFDELING C

HOOFSTUK I

BEPALINGS MET BETREKKING TOT ALLE BEDRYFSINRIGTINGS, UITGESONDERD DIE WAT INGEVOLGE HOOFSTUKKE II, III, IV OF V GEREGISTREER IS

KLOUSULE 1—TOEPASSINGSBESTEK

Die bepalings van hierdie Hoofstuk en dié van Afdelings A en B is van toepassing op alle bedryfsinrigtings in die Motornywerheid wat nie ingevolge Hoofstukke II, III, IV of V geregistreer is nie, en as enigeen van die bepalings van Afdelings A of B strydig is met hierdie Hoofstuk, geld die bepalings van laasgenoemde.

KLOUSULE 2—WOORDOMSKRYWING

Vir die toepassing van hierdie Hoofstuk, beteken—

(1) „B/A-vakman" 'n werknemer oor die leeftyd van 22 jaar wat kan bewys dat hy minstens drie jaar ondervinding het in 'n ambag wat vir die Motornywerheid aangewys is of, met die goedkeuring van die betrokke Streekraad, ondervinding in 'n ander ambag, en wat onder die toesig van 'n vakman, werk in die aangewese ambag verrig waarin hy ondervinding opgedoen het, of, met die goedkeuring van die betrokke Streekraad, in 'n ander ambag in verband met die werksaamhede wat deur die omskrywing van „Motornywerheid" in hierdie Ooreenkoms gedek word;

(2) „batteryhersteller" 'n werknemer wat werksaam is in 'n bedryfsinrigting waarin batterye vernuwe, herstel en/of versien word en wat hoofsaaklik of uitsluitlik batterydefekte opspoor en/of batterye herstel, uitmekaarhaal, van nuwe plate voorsien, weer inmekaarsit en/of opnuut insoleer;

(3) „bakwinkelassistent" 'n werknemer in enige motorbakhersteiwinkel waar minstens een vakman van die tipe wat gewoonlik aktief in hierdie soort werkwinkel werksaam is, in diens is, wat onder toesig van sodanige vakman hoofsaaklik of uitsluitlik—

(a) die volgende verwyder en/of vervang, sonder om finale elektriese verbindings aan te bring:

Alternators;
bakke;
baklyswerk;
enjinkappe;
remtrommels, uitgesonderd waar die trommel en naaf 'n volledige eenheid vorm;
gloeilampies;

DIVISION C

CHAPTER I

PROVISIONS RELATING TO ALL ESTABLISHMENTS OTHER THAN THOSE REGISTERED UNDER CHAPTERS II, III, IV OR V

CLAUSE 1.—SCOPE OF APPLICATION

(1) *Minimum loon.*—Die minimum loon wat 'n werkgewer aan elke lid van ondergenoemde klasse van sy werknemers moet betaal, is dié soos in onderstaande Loonbylae uiteengesit.

(2) *Stelbonus.*—Die minimum weekloon voorgeskryf in Deel B van die Bylae hieronder moet met R5 per week verhoog word indien die werknemer te eniger tyd in die loop van sy pligte die masjien of masjiene wat hy bedien, stel en regstel.

(3) *Ondervinding.*—Vir die toepassing van hierdie klousule beteken „ondervinding" die totale tydperk of tydperke diens van 'n werknemer by óf sy huidige óf by enige ander werknemer in die bepaalde beroep waarin hy werksaam is.

(9) "operative Grade BR," means an employee mainly or exclusively engaged in—

buffing of metals;

operating but not setting machines designed or permanently adapted for a single-tool operation and where manual operations are limited to loading, starting, stopping and unloading, but excluding any operations connected with the machining of brake drums or brake discs;

placing of welding tips in position;

sharpening but not re-shaping of welding tips;

soldering, tinning, sweating, continuous wire welding, spot and/or tack and/or butt welding including the removing and replacing of welding tips and the cleaning of welding tips with abrasive materials or by hand filing;

and who may, provided he is paid the prescribed setting bonus, set and adjust the machines he operates;

(10) "operative, Grade CR," means an employee mainly or exclusively engaged in the repetitive operation of or attending to, but not setting, semi automatic machines where the work cycle is power driven and the end point is controlled by automatic operating stops, including capstan and turret type lathes where all operations are limited to fixed stops: Provided that this operative may not perform any operation related to the machining of brake drums or brake discs; and who may, provided he is paid the prescribed setting bonus, set and adjust the machines he operates;

(11) "operative, Grade DR," means an employee mainly or exclusively engaged on welding with electric welding equipment and/or cutting with profile cutting machine, and setting and regulating of the heating and cutting gas mixtures of the welding or cutting equipment at the torch; welding and/or brazing to jigs and/or parts so formed and/or located as to obviate the need for jig: Provided that any freehand arc or gas welding performed by this operative Grade DR must be restricted to welds which are—

(a) down-hand;

(b) of components of which the completed mass does not exceed 13,6 kg;

(c) not in excess of 38,1 cm total length of one welding seam;

and who may, provided he is paid the prescribed setting bonus, set and adjust any machines he operates;

(12) "operative supervisor" means an employee mainly or exclusively engaged in supervising the work of any operative classes of workers and general workers.

Clause 3—Employees

(1) Subject to the provisions of subclause (2) of this clause, a reconditioning establishment which is registered with the Council in terms of clause 1 of this Chapter may employ, in addition to apprentices and trainees in terms of clause 1 (2) of Division A of this Agreement, and the classes of employees referred to in clause 3 of Division B and clause 3 of Chapter I of Division C of this Agreement, any of the classes of employees referred to in clause 4 of this Chapter under the terms and conditions laid down in this Chapter: Provided that where the provisions of Divisions A or B or Chapter I of Division C and the provisions of this Chapter are in conflict, the provisions of this Chapter shall obtain and have preference.

(2) Notwithstanding anything to the contrary in this Agreement, the provisions of Chapter I of Division C relating to body shop assistants, B/A journeymen and repair shop assistants shall not apply to reconditioning establishments registered as such by the Council.

Clause 4—Wages

(1) *Minimum wage.*—The minimum wage which an employer shall pay to each member of the undermentioned classes of his employees shall be as set out in the following Wage Schedule.

(2) *Setting bonus.*—The minimum weekly rates prescribed in Part B of the Schedule hereunder shall be increased by R5 per week if the employee at any time in the course of his duties sets and adjusts the machine(s) he operates.

(3) *Experience.*—"Experience" for the purposes of this clause shall mean the total period or periods of employment which an employee has had either with his present or any other employer in the particular occupation in which he is employed.

LOONBYLAE

DEEL A—DIVERSE

Klas werknemer	*Loon per week (Alle gebiede)*
	R
Remtrommelskuiler	69,92 (R1,52 per uur)
Skoonmaakster	20,24 (44c per uur)
Vakman	100,28 (R2,18 per uur)
Algemene werker.	
Graad I	28,98 (63c per uur)
Graad II	27,14 (59c per uur)
Ankerwikkelaar—	
gedurende eerste drie maande ondervinding	34,04 (74c per uur)
daarna	38,64 (84c per uur)
Masjiensteller—	
gedurende eerste jaar ondervinding	29,44 (64c per uur)
gedurende tweede jaar ondervinding	35,42 (77c per uur)
daarna	67,16 (R1,46 per uur)
Werkman-toesighouer	30,82 (67c per uur)

DEEL B—WERKMANNE

	R
Werkman graad AR—	
gedurende eerste drie maande ondervinding	29,44 (64c per uur)
daarna	30,36 (66c per uur)
Werkman graad BR—	
gedurende eerste ses maande ondervinding	30,36 (66c per uur)
daarna	30,82 (67c per uur)
Werkman graad CR—	
gedurende eerste ses maande ondervinding	30,82 (67c per uur)
daarna	31,28 (68c per uur)
Werkman graad DR—	
gedurende eerste maand ondervinding	34,04 (74c per uur)
daarna	34,50 (75c per uur)

KLOUSULE 5—WERKURE

(1) Die gewone werkure van 'n werknemer is hoogstens 46, uitgesonderd etenspouses in 'n week en nege en 'n kwart, uitgesonderd etenspouses, op 'n dag.

(2) Geen werkgewer mag van 'n werknemer vereis of hom toelaat—

(a) om vir 'n aaneenlopende tydperk van meer as vyf uur sonder 'n ononderbroke pouse van minstens een uur te werk nie: Met dien verstande dat, vir die toepassing van hierdie paragraaf, werktydperke wat deur pouses van minder as een uur onderbreek word, geag word aaneenlopend te wees;

(b) om, as sy 'n vrou is, tussen 18h00 en 06h00 te werk nie;

(c) om, behoudens klousule 9 van hierdie Hoofstuk, sy gewone weeklikse ure op ander dae as Maandae, Dinsdae, Woensdae, Donderdae of Vrydae te werk nie:

Met dien verstande dat 'n werkgewer met daardie werknemers van hom wat gewoonlik net vyf dae elke week werk, ooreen kan kom dat die ononderbroke pouse in subparagraaf *(a)* van hierdie subklousule bedoel, tot minstens 30 minute ingekort word, maar voordat 'n ingekorte pouse ingevoer word, moet die werkgewer die Sekretaris van die Streekraad in sy gebied skriftelik in kennis stel dat sodanige werknemers tot die ingekorte pouse ingestem het.

(3) Dit is toelaatbaar vir 'n werkgewer om verskillende aanvangs- en uitskeitye op 'n dag vir verskillende werkwinkelwerknemers te reël: Met dien verstande dat die tydperk tussen sodanige aanvangs- en uitskeitye op 'n bepaalde dag pouses van altesaam hoogstens 45 minute in 'n bepaalde bedryfsinrigting mag wees.

(4) Alle werknemers is geregtig op en moet 'n ruspouse van 10 minute toegestaan word so na doenlik aan die middel van elke werktydperk in die oggend en in die namiddag, en sodanige pouse word, vir die berekening van besoldiging, geag deel van die gewone werkure te wees.

(5) Behoudens klousule 5 (10) van Afdeling A en klousule 8 van hierdie Hoofstuk, wanneer 'n ander werknemer as 'n vakman of remtrommelskuiler of masjiensteller minder as 46 uur in 'n week werk omdat—

(a) die gewone werkure van die bedryfsinrigting minder as 46 is;

(b) die werkgewer nie die skofte van sodanige werknemer só kan reël dat dit 46 uur beloop nie;

word sodanige werknemer se week geag 46 uur te wees.

(6) 'n Werknemer wat deur die Polisie gearresteer of aangehou word weens 'n misdryf of vermoedelike misdryf, moet vir die tydperk wat hy aldus gearresteer of aangehou word en nie in staat is om sy werk voort

WAGE SCHEDULE

PART A—MISCELLANEOUS

Clas of employee	*Wages per week (All areas)*
	R
Brake drum skimmer	69,92 (R1,52 per hour)
Char	20,24 (44c per hour)
Journeyman	100,28 (R2,18 per hour)
General worker:	
Grade I	28,98 (63c per hour)
Grade II	27,14 (59c per hour)
Armature winder—	
during first three months of experience	34,04 (74c per hour)
thereafter	38,64 (84c per hour)
Machine setter—	
during first year of experience	29,44 (64c per hour)
during second year of experience	35,42 (77c per hour)
thereafter	67,16 (R1,46 per hour)
Operative supervisor	30,82 (67c per hour)

PART B—OPERATIVES

Operative, Grade AR—	
during first three months of experience	29,44 (64c per hour)
thereafter	30,36 (66c per hour)
Operative, Grade BR—	
during first six months of experience	30,36 (66c per hour)
thereafter	30,82 (67c per hour)
Operative, Grade CR—	
during first six months of experience	30,82 (67c per hour)
thereafter	31,28 (68c per hour)
Operative, Grade DR—	
during first month of experience	34,04 (74c per hour)
thereafter	34,50 (75c per hour)

University of Fort Hare
Together in Excellence

CLAUSE 5—HOURS OF WORK

(1) The ordinary hours of work of an employee shall not exceed 46, excluding meal intervals, in any one week and nine and a quarter, excluding meal intervals, in any one day.

(2) No employer shall require or permit any employee—

(a) to work for a continuous period of more than five hours without an uninterrupted interval of at least one hour: Provided that for purposes of this paragraph periods of work interrupted by intervals of less than one hour shall be deemed to be continuous;

(b) who is a female, to work between 18h00 and 06h00;

(c) subject to the provisions of clause 9 of this Chapter, to work his ordinary weekly hours on any days other than Mondays, Tuesdays, Wednesdays, Thursdays or Fridays:

Provided that an employer may agree with those of his employees who normally work on only five days each week, that the uninterrupted interval referred to in paragraph *(a)* of this subclause should be reduced to not less than 30 minutes, but before a reduced interval may be put into operation, the employer shall inform the Secretary for the Regional Council in his area, in writing, that such employees have agreed to the reduced interval.

(3) It shall be permissible for an employer to arrange different starting and finishing times on any day in respect of different workshop employees: Provided that the period between such starting and finishing times on any one day shall not in the aggregate exceed intervals of more than 45 minutes in any one establishment.

(4) All employees shall be entitled to and be granted a rest interval of 10 minutes at as nearly as practicable to the middle of each morning and afternoon work period and such interval shall, for the purpose of calculating the remuneration, be reckoned as part of the ordinary working hours.

(5) Subject to the provisions of clause 5 (10) of Division A and clause 8 of this Chapter, whenever any employee, other than a journeyman or brake drum skimmer or a machine-setter, works for less than 46 hours in any week owing to—

(a) the usual working hours of the establishment being less than 46;

(b) the employer being unable to regulate the shifts of such employee to 46 hours;

such employee's week shall be deemed to be 46 hours.

(6) An employee who is arrested or detained by the Police for any offence or suspended offence shall, for the period during which he is

te sit nie, vir die toepassing van hierdie klousule geag word sonder toestemming afwesig te wees.

KLOUSULE 6—OORTYDWERK

(1) Vir die toepassing van hierdie klousule, beteken „oortydwerk" alle tyd wat daar, uitgesonderd op Sondae, langer gewerk word as die getal gewone werkure wat in klousule 5 (1) van hierdie Hoofstuk voorgeskryf word.

(2) Ondanks klousule 5 (1) van hierdie Hoofstuk, kan 'n werkgewer van 'n werknemer vereis of hom toelaat om oortyd te werk vir 'n totale tydperk van hoogstens 10 uur in 'n week: Met dien verstande dat geen werkgewer van 'n vroulike werknemer mag vereis of haar mag toelaat om—

(a) meer as twee uur op 'n dag;
(b) op meer as drie agtereenvolgende dae;
(c) op meer as 60 dae in 'n jaar;
(d) ná voltooiing van haar gewone werkure, meer as een uur op 'n dag,

oortyd te werk nie, tensy hy—

(i) voor die middag kennis daarvan aan sodanige werknemer gegee het; of
(ii) sodanige werknemer van 'n toereikende ete voorsien het voordat sy met die oortydwerk moet begin; of
(iii) sodanige werknemer 'n minimum toelae van 90c betyds betaal het om haar in staat te stel om 'n ete te bekom en te nuttig voordat sy met die oortydwerk moet begin.

(3) Die minimum loon waarteen werknemers vir oortydwerk besoldig moet word, is een en 'n half maal hul gewone loon: Met dien verstande dat 'n werknemer nie vir oortyd kwalifiseer ten opsigte van 'n week waarin hy minder as 46 uur gewerk het nie en dat hierdie getal onderworpe is aan 'n *pro rata*-vermindering ten opsigte van ondervermelde in 'n besondere week:

(i) Statutêre openbare vakansiedae in hierdie Hoofstuk bedoel.
(ii) afwesigheid met vergunning of kondonering van die werkgewer: Met dien verstande dat 'n werknemer wat reken dat hy veronreg word omdat sy werkgewer nie sy afwesigheid wil kondoneer nie, by 'n Streekraad appèl kan aanteken teen die werkgewer se beslissing wat op hom toegepas is, en die Streekraad kan, nadat hy alle redes oorweeg het wat vir sodanige beslissing aangevoer word, daardie beslissing bekragtig of 'n ander beslissing gee wat na sy mening in sodanige geval gegee behoort te gewees het. As die werknemer nie met die Streekraad se beslissing tevrede is nie, kan hy daarteen appèl aanteken by die Nasionale Raad, wie se beslissing finaal is;
(iii) die begin van 'n nuwe dienskontrak.

(4) Klousules 5 (1), (2), (3) en (4) van hierdie Hoofstuk en subklousule (2) van hierdie klousule is nie op 'n manlike werknemer van toepassing nie terwyl hy werk verrig wat, weens onvoorsiene omstandighede soos 'n brand, storm, ongeluk, epidemie, gewelddaad, diefstal of 'n onklaarraking van 'n installasie of masjinerie, sonder versuim gedoen moet word of terwyl hy werk verrig in verband met die opknapping of herstel van installasie of masjinerie wat nie gedurende gewone werkure verrig kan word nie.

KLOUSULE 7—SONDAGWERK

(1) Behoudens klousule 9 (3) van hierdie Hoofstuk, wanneer 'n werknemer op 'n Sondag werk, moet sy werkgewer óf—

(a) sodanige werknemer—
(i) as hy aldus hoogstens vier uur werk, minstens die gewone besoldiging betaal wat vir die tydperk wat hy gewoonlik op 'n weekdag werk, betaalbaar is, óf
(ii) as hy aldus langer as vier uur werk, minstens dubbel sy gewone besoldiging betaal ten opsigte van die totale tydperk op sodanige Sondag gewerk, of minstens dubbel die gewone besoldiging wat betaalbaar is vir die tydperk wat hy gewoonlik op 'n weekdag werk, naamlik die grootste bedrag; óf
(b) die werknemer minstens een en een derde maal sy gewone besoldiging betaal ten opsigte van die totale tydperk op sodanige Sondag gewerk en hom binne sewe dae van sodanige Sondag af een dag verlof toestaan en hom daarvoor minstens sy gewone besoldiging betaal asof hy op sodanige dag van verlof sy gemiddelde gewone werkure vir daardie dag van die week gewerk het.

KLOUSULE 8—KORTTYD

(1) 'n Werkgewer kan, behoudens subklousule (2), die gewone werkure van 'n werknemer inkort weens korttyd en in so 'n geval 'n bedrag van die werknemer se verdienste aftrek wat eweredig is aan die tydperk wat daar nie gewerk word nie: Met dien verstande dat—

(i) geen bedrag in die geval van korttyd wat ontstaan uit 'n bedryfslapte of 'n tekort aan materiaal afgetrek mag word nie

under arrest or so detained and unable to continue his employment, be deemed to have absented himself without permission for the purposes of this clause.

CLAUSE 6—OVERTIME

(1) For the purposes of this clause "overtime" means all time worked other than on Sundays in excess of the number of ordinary hours of work prescribed in clause 5 (1) of this Chapter.

(2) Notwithstanding the provisions of clause 5 (1) of this Chapter, an employer may require or permit an employee to work overtime for a total period not exceeding 10 hours in any one week: Provided that no employer shall require or permit a female employee to work overtime—

(a) for more than two hours on any day;
(b) on more than three consecutive days;
(c) on more than 60 days in any year;
(d) after the completion of her ordinary working hours, for more than one hour on any day unless he has—
(i) given notice thereof to such employee before midday; or
(ii) provided such employee with an adequate meal before she has to commence overtime; or
(iii) paid such employee a minimum allowance of 90c in sufficient time to enable the employee to obtain a meal before the overtime is due to commence.

(3) The minimum rate at which employees shall be remunerated for overtime shall be one and a half times their normal rate of pay: Provided that an employee shall not qualify for overtime in respect of any week during which he has worked less than 46 hours, this figure being subject to *pro rata* reduction in respect of the following which occur during a particular week:

(i) Statutory public holidays referred to in this Chapter;
(ii) absence with the permission or condonation of the employer: Provided that an employee who is aggrieved by the employer's non-condonation of his absence may appeal to a Regional Council against the employer's decision applied to him, and the Regional Council may, after considering any reasons which may be submitted for such decision, confirm that decision or give such other decision as in its opinion ought to have been given in such case. In the event of the employee not being satisfied with the Regional Council's decision, he may appeal thereagainst to the National Council whose decision shall be final;
(iii) the beginning of a new contract of employment.

(4) The provisions of clause 5 (1), (2), (3) and (4) of this Chapter and subclause (2) of this clause shall not apply to any male employee while employed on work which, owing to unforeseen circumstances such as fire, storm, accident, epidemic, act of violence, theft or a break-down of plant or machinery, must be done without delay or on any work in connection with the overhauling or repairing of plant or machinery which cannot be performed during ordinary working hours.

CLAUSE 7—SUNDAY WORK

(1) Subject to the provisions of clause 9 (3) of this Chapter, whenever an employee works on a Sunday, his employer shall either—

(a) pay to the employee—
(i) if he so works for a period not exceeding four hours, not less than the ordinary remuneration payable in respect of the period ordinarily worked by him on a week-day; or
(ii) if he so works for a period exceeding four hours, remuneration at a rate of not less than double his ordinary rate of remuneration in respect of the total period worked on such Sunday, or remuneration which is not less than double the ordinary remuneration payable in respect of the period ordinarily worked by him on a week-day, whichever is the greater; or
(b) pay the employee remuneration at a rate of not less than one and one-third times his ordinary rate of remuneration in respect of the total period worked on such Sunday and grant him within seven days of such Sunday one day's leave and pay him in respect thereof remuneration at a rate of not less than his ordinary rate of remuneration as if he had on such day's leave worked his average ordinary working hours for that day of the week.

CLAUSE 8—SHORT-TIME

(1) Subject to the provisions of subclause (2), an employer may reduce the ordinary hours of work of an employee on account of short-time and in that event make a deduction from the employee's earnings proportionate to the period not worked: Provided that—

(i) no deduction shall be made in the case of short-time arising out of slackness of trade or shortage of material, unless the employer

tensy die werkgewer sy werknemers voor of op die onmiddellik voorafgaande dag in kennis gestel het van sy voorneme om die gewone werkure in te kort;

(ii) geen bedrag in die geval van korttyd wat te wyte is aan 'n kragonderbreking of 'n algemene onklaarraking van installasie of masjinerie, afgetrek mag word nie ten opsigte van die eerste uur wat daar nie gewerk word nie, tensy die werkgewer sy werknemers voor of op die onmiddellik voorafgaande dag in kennis gestel het dat daar geen werk beskikbaar sal wees nie;

(iii) waar die werkgewer uitdruklik van die werknemer vereis om hom op 'n bepaalde dag by die bedryfsinrigting aan te meld met die doel om vas te stel of daar werk beskikbaar is, hy geag moet word minstens vier uur op sodanige dag te gewerk het as daar geen werk beskikbaar is nie of as daar werk vir minder as vier uur beskikbaar is.

(2) Hierdie klousule is nie van toepassing nie ten opsigte van—

(a) 'n vakleerling, behalwe met die goedkeuring van die Registrateur van Vakleerlinge;

(b) 'n statutêre openbare vakansiedag.

Klousule 9 –Skofwerk

Onderstaande bepalings is van toepassing op skofwerk:

(1) Geen gewone skof mag langer as nege en 'n kwart uur wees nie;

(2) daar moet minstens agt uur tussen die agtereenvolgende skofte van 'n werknemer verloop;

(3) *(a)* waar 'n werknemer tussen die ure 18h00 en 06h00 werk, moet sy werkgewer hom teen sy gewone loon besoldig plus 10 persent vir elke uur of gedeelte van 'n uur tussen hierdie tye gewerk;

(b) waar 'n werknemer sy gewone skof of 'n gedeelte daarvan op 'n Sondag werk, moet hy vir sodanige skof soos volg besoldig word:

(i) As hy die grootste gedeelte van sodanige skof op 'n Sondag werk, word die hele skof geag op 'n Sondag gewerk te gewees het en moet hy ingevolge klousule 7 van hierdie Hoofstuk daarvoor besoldig word;

(ii) as hy die kleinste gedeelte van sodanige skof op 'n Sondag werk, word die hele skof geag op 'n weekdag gewerk te gewees het en moet hy, behoudens paragraaf *(a)* hierbo, teen sy gewone loon daarvoor besoldig word;

(4) behoudens die voorbehoudsbepaling van klousule 6 (3) van hierdie Hoofstuk, word tyd wat werknemers ná die voltooiing van hul gewone skof werk, geag oortydwerk te wees waarvoor hulle ooreenkomstig genoemde klousule besoldig moet word.

Klousule 10—Besoldiging vir Openbare Vakansiedae

(1) *(a)* Wanneer Goeie Vrydag, Paasmaandag, Hemelvaartsdag, Republiekdag, Geloftedag, Krugerdag, Kersdag, Gesinsdag of Nuwejaarsdag binne 'n werknemer se gewone werkweek val en die werknemer nie op sodanige dag werk nie, moet sy werkgewer hom daarvoor besoldiging betaal wat minstens gelyk is aan dié wat hy gewoonlik vir sy gewone werkure vir daardie dag van die week ontvang.

(Opmerking.—2 Januarie is nie 'n statutêre openbare vakansiedag nie, behalwe waar Nuwejaarsdag op 'n Sondag val.)

(b) Ondanks paragraaf *(a)* van hierdie subklousule, verbeur 'n werknemer wat van sy werk afwesig is op die werkdag onmiddellik voor of na 'n statutêre openbare vakansiedag met besoldiging in hierdie Hoofstuk bedoel, sy reg om vir sodanige openbare vakansiedag besoldig te word, tensy hy met die toestemming of kondonering van die werkgewer afwesig is.

(c) 'n Werknemer wat veronreg voel deur die toepassing op hom van paragraaf *(b)* van hierdie subklousule, kan by 'n Streekraad appèl aanteken teen die werkgewer se beslissing wat op hom toegepas is, en die Streekraad kan, nadat hy alle regtes oorweeg het wat vir sodanige beslissing aangevoer word, daardie beslissing bekragtig of 'n ander beslissing gee wat na sy mening in daardie geval gegee behoort te gewees het. As die werknemer nie met die Streekraad se beslissing tevrede is nie, kan hy daarteen appèl aanteken by die Nasionale Raad, wie se beslissing finaal is.

(d) Wanneer enigeen van hierdie vakansiedae op 'n Sondag val, word die daaropvolgende Maandag vir die toepassing van hierdie klousule geag daardie besondere vakansiedag te wees.

(e) Indien 'n statutêre openbare vakansiedag op 'n Saterdag val word so 'n Saterdag nie 'n vakansiedag met besoldiging vir 'n werknemer wat nie gewoonlik op 'n Saterdag werk nie.

(2) Wanneer 'n werknemer op enige van die dae werk wat in subklousule (1) vermeld word, moet sy werkgewer hom, benewens die besoldiging wat ingevolge genoemde subklousule aan hom betaalbaar is—

(a) teen minstens sy uurloon besoldig vir elke uur of gedeelte van 'n uur aldus gewerk vir die duur van sy gewone skof;

(b) dubbel sy uurloon betaal vir elke uur of gedeelte van 'n uur langer as sy gewone skof op sodanige dag gewerk.

has given his employees notice not later than the immediately preceding day of his intention to reduce the ordinary hours of work;

(ii) no deduction shall be made in the case of short-time owing to a power failure or a general breakdown of plant or machinery, in respect of the first hour not worked unless the employer has given his employees notice not later than on the immediately preceding day that no work will be available;

(iii) where the employee is expressly required by the employer to report at the establishment on any particular day for the purpose of ascertaining whether work will be available, he shall, if no work or work of less than four hours' duration is available, be deemed to have worked not less than four hours on such day.

(2) The provisions of this clause shall not apply in respect of—

(a) an apprentice except with the approval of the Registrar of Apprenticeship;

(b) any statutory public holiday.

Clause 9—Shift Work

The following provisions shall apply to shift work:

(1) No normal shift shall exceed nine and a quarter hours;

(2) not less than eight hours shall elapse between successive shifts of any employee;

(3) *(a)* where an employee is employed between 18h00 and 0600 his employer shall pay him ordinary rate of remuneration, plus 10 per cent for each hour or part of an hour worked between these times;

(b) where an employee's ordinary shift or part of it is worked on a Sunday, the employee concerned shall be remunerated for such shift as follows:

(i) If the major part of such shift is worked on a Sunday, the entire shift shall be deemed to have been worked on a Sunday and the employee shall be paid for it in terms of clause 7 of this Chapter;

(ii) if the lesser part of such shift is worked on a Sunday, the entire shift shall be deemed to have been worked on a week-day, and the employee shall, subject to paragraph *(a)* preceding, be remunerated in terms of such shift at his ordinary rate of remuneration;

(4) time worked by employees after the completion of their normal shift, shall, subject to the proviso to clause 6 (3) of this Chapter, be regarded as overtime and be paid for in accordance with the rates prescribed in the said clause.

Clause 10—Payment for Public Holidays

(1) *(a)* Where Good Friday, Easter Monday, Ascension Day, Republic Day, Day of the Covenant, Kruger Day, Christmas Day, Boxing Day or New Year's Day fall within an employee's ordinary working week and the employee does not work on such day, his employer shall pay him in respect thereof, remuneration at a rate of not less than he normally receives for his ordinary working hours for that day of the week.

(*Note.*—2 January is not a statutory public holiday except when New Year's Day falls on a Sunday.)

(b) Notwithstanding the provisions of paragraph *(a)* of this subclause, an employee who absents himself from his place of employment on the work-day immediately preceding or following a paid statutory public holiday referred to in this Chapter, shall forfeit his right to be paid for such public holiday unless his absence is with the permission or condonation of the employer.

(c) Any employee who is aggrieved by the application to him of the provisions of paragraph *(b)* of this subclause may appeal to a Regional Council against the employer's decision applied to him, and the Regional Council may, after considering any reasons which may be submitted for such decision, confirm that decision or give such other decision as in its opinion ought to have been given in such case. In the event of the employee not being satisfied with the Regional Council's decision he may appeal thereagainst to the National Council whose decision shall be final.

(d) Where any of these holidays fall on a Sunday, the following Monday shall for purposes of this clause be deemed to be that particular holiday.

(e) Where any statutory public holiday falls on a Saturday such Saturday does not become a paid holiday for an employee who does not normally work on a Saturday.

(2) Whenever any employee works on any of the days enumerated in subclause (1), his employer shall, in addition to the remuneration payable in terms of the said subclause, pay him—

(a) at a rate of not less than his hourly wage for each hour or part of an hour so worked up to the duration of his normal shift;

(b) double his hourly wage for each hour or part of an hour worked in excess of his normal shift on such day.

(3) Wanneer een van die statutêre openbare vakansiedae wat in subklousule (1) bedoel word, op 'n nie-werkdag (uitgesonderd 'n Sondag) val, moet 'n werknemer wat op sodanige statutêre openbare vakansiedag werk, besoldig word teen die loon voorgeskryf in klousule 6 (3) van hierdie Hoofstuk.

(4) Wanneer twee derdes van die werknemers in 'n bedryfsinrigting verlof vra ten opsigte van 'n ander statutêre openbare vakansiedag as dié wat in subklousule (1) bedoel word, is die werkgewer geregtig om sy bedryfsinrigting op sodanige vakansiedag te sluit en is geen werknemer op besoldiging daarvoor geregtig nie.

(5) Waar 'n werkgewer onder ander omstandighede as dié in subklousule (4) van hierdie klousule bedoel, sy bedryfsinrigting sluit op 'n statutêre openbare vakansiedag wat nie in subklousule (1) van hierdie klousule bedoel word nie, moet hy al sy werknemers minstens die besoldiging betaal wat hulle sou ontvang het as hulle hul gewone werkure op daardie dag van die week gewerk het.

Klousule 11—Jaarlikse Verlof en Besoldiging vir Opgelope Verlof

(1) Vir die toepassing van hierdie klousule—

(a) beteken „verlofsiklus" die tydperk waarin 'n werknemer drie weke verlof ingevolge subklousule (2) van hierdie klousule verdien;

(b) word die uitdrukkings „diens" en „skof" geag die volgende in te sluit—

(i) skofte wat korter duur as dié wat ingevolge hierdie Hoofstuk toegelaat word, omdat—

(aa) die betrokke werknemer laat by sy werkplek aangekom het maar nie later as 'n halfuur nie; òf

(ab) korttyd gewerk is; òf

(ac) sodanige korter skofte met die toestemming van die werkgewer gewerk is;

(ii) skofte wat die betrokke werknemer gewoonlik sou gewerk het maar nie gewerk het nie omdat hy—

(aa) met verlof met besoldiging ingevolge hierdie Ooreenkoms afwesig was;

(ab) ingevolge die Verdedigingswet, 1957 (Wet 44 van 1957), militêre diens ondergaan het vir 'n maksimum tydperk van vier maande per jaar;

(ac) op las of op versoek van sy werkgewer van sy werk afwesig was;

(ad) weens siekte of 'n ongeluk van sy werk afwesig was vir 'n tydperk van altesaam hoogstens 30 dae in 'n verlofsiklus;

(ae) van sy werk afwesig was op enige van die openbare vakansiedae in klousule 10 van hierdie Hoofstuk bedoel:

Met dien verstande dat 'n werknemer wat ná die verstryking van sy jaarlikse verlof sy diens beëindig deur te dros, geen eis ten opsigte van subparagraaf (ii) *(aa)* hierbo het nie;

(c) beteken „besoldiging" 'n werknemer se loon soos in hierdie Ooreenkoms omskryf, plus enige bonus wat gereeld aan die werknemer betaal word, en sodanige bonus word geag die gemiddelde bedrag te wees wat die werknemer ontvang of toegekom het vir die tydperk van 13 weke onmiddellik voor die datum waarop die werknemer met sy jaarlikse verlof gaan of sy diens beëindig is, of, as hy minder as 13 weke gewerk het, die gemiddelde bedrag wat hy ontvang het of wat hom toegekom het vir die getal voltooide weke wat hy werklik gewerk het.

(2) Drie agtereenvolgende weke jaarlikse verlof met volle besoldiging moet toegestaan word aan vakleerlinge, kwekelinge wat opleiding ingevolge die Wet op Opleiding van Ambagsmanne, 1951, ondergaan en aan alle werknemers vir wie lone of besoldiging in hierdie Hoofstuk van die Ooreenkoms voorgeskryf word en wat sedert die datum van indiensneming of met ingang van 'n datum waarop die vorige jaarlikse verlof verskuldig geword het (naamlik die jongste datum), die tydperke van ononderbroke diens wat in die Bylae van hierdie subklousule gemeld word, by dieselfde werkgewer voltooi het.

Bylae

(a) Weekliks besoldigde werknemers: 261 skofte, uitgesonderd oortydwerk.

(b) Maandeliks besoldigde werknemers: 12 maande.

(3) Jaarlikse verlof kom 'n werknemer toe onmiddellik nadat hy die kwalifiserende tydperk voltooi het wat in subklousule (2) van hierdie klousule gespesifiseer word, maar dit kan geneem word voor- of nadat dit hom toekom indien—

(a) die omstandighede van die werkgewer se besigheid dit vereis; of

(b) die werkgewer en die werknemer aldus ooreenkom:

Met dien verstande dat jaarlikse verlof onder geen omstandighede meer as twee maande voor die datum waarop dit verskuldig word, geneem of dat dit meer as vier maande na sodanige datum uitgestel mag word nie tensy die betrokke werknemer en werkgewer voor die verstryking van

(3) Whenever one of the statutory public holidays referred to in subclause (1) falls on a non-working day, other than a Sunday, an employee who works on such statutory public holiday shall be remunerated at the rates prescribed in clause 6 (3) of this Chapter.

(4) Where a two thirds majority of the employees in an establishment requests leave in respect of any statutory public holiday other than those referred to in subclause (1) of this clause, the employer shall be entitled to close his establishment on such holiday and no employee shall be entitled to payment therefor.

(5) Where an employer in circumstances other than those referred to in subclause (4) of this clause, closes his establishment on any statutory public holiday not referred to in subclause (1) of this clause, he shall pay all his employees not less than the remuneration they would have received if they had worked their ordinary hours on that day of the week.

Clause 11—Annual Leave and Accrued Leave Pay

(1) For the purposes of this clause—

(a) "leave cycle" shall mean the period during which an employee earns three weeks' leave in terms of subclause (2) of this clause;

(b) the terms "employment" and "shift" shall be deemed to include—

(i) shifts which are of shorter duration than those permitted in terms of this Chapter because—

(aa) the employee arrived late at his place of work, but such lateness did not exceed half-an-hour; or

(ab) short-time was worked; or

(ac) such shorter shifts were worked with the permission of the employer;

(ii) shifts which the employee concerned normally would have worked, but did not work because he was—

(aa) absent on paid leave in terms of this Agreement;

(ab) undergoing military service in terms of the Defence Act, 1957 (Act 44 of 1957), to the extent of a maximum period of four months per year;

(ac) absent from work on the instructions or at the request of his employer;

(ad) absent from work owing to sickness or accident amounting in the aggregate to a period not exceeding 30 days in any leave cycle;

(ae) absent from work on any of the public holidays referred to in clause 10 of this Chapter:

Provided that an employee who after the expiration of his annual leave terminates his employment by desertion, shall have no claim in respect of subparagraph (ii) *(aa)* above of this definition;

(c) "remuneration" means an employee's wages as defined in this Agreement plus any bonus regularly paid to the employee, the amount of such bonus being deemed to be the average amount received by or accrued to an employee in respect of the period of 13 weeks immediately preceding the date the employee goes on annual leave or terminates his employment, or if a period of less than 13 weeks has been worked, the average amount received by or accrued to an employee in respect of the number of complete weeks actually worked.

(2) Three consecutive weeks, annual leave on full pay shall be granted to apprentices, trainees undergoing training under the Training of Artisans Act, 1951, and to all employees for whom wages or remuneration are prescribed in this Chapter of this Agreement who have completed with the same employer since the date of engagement or from the date on which the previous annual leave fell due whichever is the later, the periods of continuous employment set out in the Schedule to this subclause.

Schedule

(a) Weekly paid employees: 261 shifts, excluding overtime.

(b) Monthly paid employees: 12 months.

(3) Annual leave shall become due immediately an employee has completed the qualifying period specified in subclause (2) of this clause, but it may be taken before or after it becomes due if—

(a) the exigencies of the employer's business so require; or

(b) the employer and the employee so agree:

Provided that annual leave shall in no circumstances be taken more than two months before due date, nor delayed for more than four months after due date unless the employee and the employer concerned have, before the expiration of such period of four months agreed

sodanige tydperk van vier maande skriftelik daartoe ooreengekom het, en dat dit nie met langer as ses maande na die datum waarop dit verskuldig word, uitgestel mag word nie.

(4) Besoldiging vir jaarlikse verlof moet bereken word teen die skaal van besoldiging wat die werknemer ontvang op die datum waarop hy sy jaarlikse verlof neem: Met dien verstande dat dit nie minder mag wees as die skaal van besoldiging wat in hierdie Hoofstuk vir die betrokke kategorie werknemer voorgeskryf word nie; en die werkgewer moet dit op die laaste werkdag voor die aanvang van sy verlof aan hom betaal.

(5) Indien enige van die openbare vakansiedae met besoldiging wat in klousule 10 (1) van hierdie Hoofstuk bedoel word, op 'n werkdag binne die verloftydperk van 'n werknemer val, moet die werkgewer—

(a) óf een werkdag met volle besoldiging by genoemde verloftydperk voeg ten opsigte van elke sodanige openbare vakansiedag met besoldiging,

(b) of die betrokke werknemer een gewone dag se loon betaal in plaas van verlof op die betaaldag onmiddellik na sodanige werknemer se verloftydperk.

(6) *(a)* Jaarlikse verlof mag nie met enige diensopseggingstermyn van die werknemer saamval nie en ook nie, tensy die werknemer skriftelik aldus versoek, met enige tydperk wat 'n werknemer militêre diens ingevolge die Verdedigingswet, 1957, ondergaan nie.

(b) Enige tydperk waartydens 'n werknemer met siekteverlof is soos in klousule 31 van Afdeling A van hierdie Ooreenkoms voorgeskryf, tel nie as deel van sodanige werknemer se jaarlikse verlof nie.

(7) Geen werknemer mag sy gewone beroep gedurende die tydperk van sy verlof beoefen nie en geen werkgewer mag van 'n werknemer vereis of hom wetens toelaat om gedurende sy verlof in die Nywerheid te werk nie.

(8) Behoudens andersluidende bepalings in hierdie Ooreenkoms, mag geen bedrag by wyse van skuldvergelyking vir geld wat aan die werkgewer verskuldig mag wees van verlofbesoldiging afgetrek word nie.

(9) By beëindiging van die diens van 'n werknemer wat ingevolge subklousule (2) van hierdie klousule vir jaarlikse verlof gekwalifiseer het maar aan wie die verlof op die datum van sodanige beëindiging nog nie toegestaan is nie of wat dit nog nie geneem het nie, moet die werkgewer hom 'n bedrag aan verlofbesoldiging betaal wat bereken is ooreenkomstig subklousule (10) van hierdie klousule.

(10) 'n Werknemer wat ontslaan word of sy diens verlaat voor die datum waarop hy vir jaarlikse verlof ingevolge subklousule (2) van hierdie klousule kwalifiseer, is geregtig op besoldiging vir opgelope verlof gelyk aan drie twee-en-vyftigstes van een week se besoldiging vir elke voltooide „week" diens vanaf die datum waarop hy by die werkgewer in diens getree het of vanaf die datum waarop sy laaste verlof verskuldig geword het, naamlik die jongste datum. Vir die toepassing van hierdie subklousule, beteken „week" die getal skofte wat die werknemer gewoonlik in 'n week werk.

(*Opmerking*.—Besoldiging vir opgelope verlof word bereken deur drie weke se loon te vermenigvuldig met die gedeelte van 'n jaar gewerk, aldus:

Vir 6 maande diens is die verlofbesoldiging ½ × 3 weke se besoldiging

Vir 13 weke diens is die verlofbesoldiging ¼ × 3 weke se besoldiging.

Vir 5 weke diens in die verlofbesoldiging $\frac{5}{52}$ × 3 weke se besoldiging.

Om drie weke se besoldiging vir 'n ***maandeliks besoldigde*** werknemer te bereken, moet die maandelikse besoldiging met $\frac{9}{13}$ vermenigvuldig word. Wat 'n maandeliks besoldigde werknemer betref, is die verlofbesoldiging opgeloop in—

6 maande, dus ½ × $\frac{9}{13}$ × 1 maand se besoldiging;

13 weke, dus ¼ × $\frac{9}{13}$ × 1 maand se besoldiging;

5 weke, dus $\frac{5}{52}$ × $\frac{9}{13}$ × 1 maand se besoldiging.)

(11) *(a)* In die geval van alle werknemers, uitgesonderd vakmanne en remtrommelskillers moet die besoldiging vir opgelope verlof wat in subklousule (10) van hierdie klousule bedoel word, by diensbeëindiging regstreeks aan die werknemer betaal word.

(b) In die geval van vakmanne en remtrommelskillers, moet die besoldiging vir opgelope verlof nie aan die werknemer oorhandig of deur hom aangeneem word nie maar moet dit onmiddellik by diensbeëindiging deur die werkgewer aan die Sekretaris van die Streekraad met regshevoegdheid gestuur word.

(c) 'n Werkgewer moet, wanneer hy 'n bedrag ingevolge paragraaf *(b)* van hierdie subklousule betaal, 'n verlofbetaalbewys in die vorm in Aanhangsel C van hierdie Ooreenkoms voorgeskryf, in viervoud invul, een kopie hou, een kopie aan die Sekretaris van die betrokke Streekraad stuur en die ander twee kopieë aan die

thereto in writing, and shall not be delayed by more than six months after due date.

(4) Pay for annual leave shall be calculated at the rate of remuneration which the employee is receiving at the date on which he proceeds on his annual leave. Provided that this shall not be less than the rate prescribed in this Chapter for the category of employee concerned, and shall be paid to him by the employer on the last working day prior to the beginning of his leave.

(5) If any of the paid public holidays referred to in clause 10 (1) of this Chapter falls on a working day within the period of leave of an employee the employer shall either—

(a) add one working day on full pay to the said period of leave in respect of each such paid public holiday; or

(b) pay to the employee in question one normal day's pay in lieu of leave on the pay-day immediately following such employee's period of leave.

(6) *(a)* Annual leave shall not be concurrent with any period during which the employee is under notice of termination of employment, nor, unless the employee so requests, in writing, with any period during which an employee is undergoing military service in terms of the Defence Act, 1957.

(b) Any period during which an employee is on sick leave as prescribed in clause 31 of Division A of this Agreement shall not be counted as part of such employee's annual leave.

(7) No employee shall engage in his normal occupation during the period of his leave and no employer shall require or knowingly permit any employee to work in the Industry during the period of his leave.

(8) Except as provided elsewhere in this Agreement, no deductions from leave pay shall be made as a set-off against any moneys which may be owing to the employer.

(9) On the termination of the services of an employee who has qualified for annual leave in terms of subclause (2) of this clause, but who has not been granted or has not taken his leave at the date of such termination, an amount of leave pay calculated in accordance with the provisions of subclause (10) of this clause shall be paid by his employer.

(10) An employee who is discharged from or leaves his employment before he has qualified for annual leave in terms of subclause (2) of this clause shall be entitled to accrued leave pay equivalent to three fifty-seconds of one week's remuneration for each completed span of employment from the date of beginning work with the employer or from the date on which his last leave became due, whichever is the later. For the purposes of this subclause, "span" means the number of shifts normally worked by the employee in a week.

(*Note*.—Accrued leave pay is calculated by multiplying three weeks' wages by the fraction of a year worked, thus:

For 6 months' employment, leave pay is ½ × 3 weeks' pay.

For 13 weeks' employment, leave pay is ¼ × 3 weeks' pay.

for 5 weeks' employment, leave pay is $\frac{5}{52}$ × 3 weeks' pay.

To arrive at three weeks' pay for a ***monthly-paid*** employee, multiply the month pay by $\frac{9}{13}$. Thus for a monthly-paid employee the leave pay accrued in—

6 months is ½ × $\frac{9}{13}$ × 1 month's pay.

13 weeks is ¼ × $\frac{9}{13}$ × 1 month's pay.

5 weeks is $\frac{5}{52}$ × $\frac{9}{13}$ × 1 month's pay.)

(11) *(a)* In the case of all employees other than journeymen or brake drum skimmers the accrued leave pay referred to in subclause (10) of this clause shall be paid direct to the employee on termination of service.

(b) In the case of journeymen or brake drum skimmers accrued leave pay shall not be handed to or taken by the employee, but shall immediately on termination of service be remitted by the employer to the Secretary of the Regional Council having jurisdiction.

(c) An employer when making payment in terms paragraph *(b)* of this subclause shall complete, in quadruplicate, a leave pay voucher in the form prescribed in Annexure C to this Agreement, shall retain one copy in his possession, forward one copy to the Secretary of the Regional Council concerned, and hand

betrokke vakman of remtrommelskiller oorhandig wat een kopie onmiddelik moet onderteken en aan die Sekretaris van die Streekraad moet stuur en die ander kopie vir die toepassing van paragraaf *(d)* van hierdie subklousule moet bewaar.

(d) Waar 'n vakman of remtrommelskiller wat uit sy werk ontslaan is of sy werk verlaat het voordat hy vir jaarlikse verlof gekwalifiseer het, by 'n ander werkgewer in die Motornywerheid in diens tree, is die volgende bepalings van toepassing:

(i) Die vakman of remtrommelskiller moet aan die nuwe werkgewer kopieë voorlê van die verlofbetaalbewyse wat deur vorige werkgewers in die Motornywerheid aan hom uitgereik is en wat sodanige werknemer ingevolge paragraaf *(c)* van hierdie subklousule bewaar het;

(ii) die vakman of remtrommelskiller se verlof kom hom toe wanneer hy 'n getal skofte of 'n tydperk gelyk aan dié wat in die Bylae van subklousule (2) van hierdie klousule voorgeskryf word, by die nuwe werkgewer gewerk het, min die totale getal skofte of tydperke gemeld op dié kopieë van die verlofbetaalbewyse wat hy aan die nuwe werkgewer oorhandig het;

(iii) twee weke voordat die vakman of remtrommelskiller verlof met besoldiging by die nuwe werkgewer neem, moet die kopie van die verlofbetaalbewys wat die vakman of remtrommelskiller aan sy nuwe werkgewer oorhandig het, onderteken en aan die betrokke Streekraad voorgelê word en moet aansoek om betaling van die bedrag van die bewys gedoen word;

(iv) die nuwe werkgewer moet aan die vakman of remtrommelskiller die verlofbesoldiging wat ingevolge hierdie klousule aan hom toeken, betaal wanneer hy sy verlof met besoldiging neem;

(v) die werkgewer moet aan die vakman of remtrommelskiller wat sy diens verlaat nadat sy verlof hom toegekom het maar voordat dit aan hom toegestaan is, die verlofbesoldiging betaal wat aan hom verskuldig was op die datum waarop sy verlof hom toegekom het, en die vakman of remtrommelskiller moet self die bedrag van enige verlofbetaalbewys wat in sy besit is, van die betrokke Streekraad eis deur sodanige bewys te onderteken en dit aan die Sekretaris van die Streekraad voor te lê.

(12) Besoldiging vir opgelope verlof wat deur 'n Streekraad of deur 'n werkgewer ten behoewe van 'n werknemer gehou word wat weens gesondheidsredes of weens ander ongeskiktheid nie meer sy beroep kan voortsit nie, moet onmiddellik aan die werknemer betaalbaar word, en geld vir opgelope verlof wat verskuldig is aan 'n werknemer wat in die loop van sy diens te sterwe kom, moet onmiddellik aan sy boedel betaalbaar word.

(13) Alle bedrae wat ten opsigte van verlofbesoldiging ontvang word, moet gedeponeer word in 'n spesiale rekening waarop Streekrade werk.

(14) Behoudens andersluidende bepalings in hierdie klousule, moet besoldiging vir opgelope verlof wat ten behoewe van 'n vakman of remtrommelskiller gehou word—

(a) as hy die Nywerheid verlaat, aan hom betaal word by verstryking van 52 weke vanaf die datum waarop die verlofbesoldiging begin oploop het;

(b) terwyl hy nog in die Nywerheid werksaam is, aan hom betaal word wanneer hy sy jaarlikse verlof neem;

of dit kan na goedvinde van die betrokke Streekraad vroeër betaal word.

(c) Any amount standing to the credit of an employee and not paid to such employee after the expiration of two years from the date the employee was entitled to receive such amount, shall accrue to the funds of the Council: Provided, however, that the Council shall consider any claim that may be made by such employee after the expiration of the said period and may in its discretion make an ex gratia payment from the funds of the Council to such employee as referred to herein.

(5) No employer shall require or permit any employee to work in the Hairdressing Trade whether for remuneration or not, and no employee shall work in the said Trade for remuneration or not during any period of leave granted in terms of this Agreement.

(6) Die Saterdag tussen Goeie Vrydag en Paasmaandag is 'n vakansiedag sonder besoldiging en geen bedryfsinrigting mag op dié dag toiletdienste verskaf nie. 'n Werkgewer kan van die loon van sy werknemers 'n bedrag aftrek wat gelyk is aan die loon vir vyf uur se werk.

8. DIENSBEËINDIGING

(1) Behoudens—

(a) die reg van 'n werkgewer of 'n werknemer om diens om 'n regsgeldige rede sonder kennisgewing te beëindig; of

(b) die bepalings van 'n skriftelike ooreenkoms tussen werkgewer en werknemer wat 'n langer kennisgewingstermyn bepaal as dié waarvoor hierin voorsiening gemaak word, maar wat hoogstens 12 maande mag wees;

moet 'n werkgewer of sy werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, minstens 'n week van 46 werkure skriftelik kennis gee om sy dienskontrak te beëindig en die kennisgewing tree in werking op die werkdag na die dag waarop dit gegee is: Met dien verstande dat kennis nie gegee mag word terwyl die werknemer kragtens klousule 7 (3) (a) met verlof of kragtens klousule 7 (4) (b) afwesig is nie.

(2) Indien 'n werkgewer of werknemer versuim om ingevolge subklousule (1) hiervan kennis te gee, moet hy, in plaas daarvan, 'n bedrag gelyk aan die weekloon wat die werknemer gedurende die week onmiddellik voor diensbeëindiging ontvang het, onderskeidelik betaal of verbeur: Met dien verstande dat, as 'n ooreenkoms kragtens subklousule (1) (b) hiervan aangegaan is, die betaling of verbeuring in plaas van kennisgewing in verhouding moet wees tot die diensopseggingstermyn waaroor ooreengekom is, wat hoogstens 12 maande mag wees.

(3) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie Ooreenkoms, het die werkgewer die reg om, indien die bedrag wat die werknemer aan loon toekom nie die volle bedrag van die verbeuring hierin genoem, dek nie, die verskil af te trek van ander voordele (as daar is) wat ten tyde van die werknemer se diensverlating in sy naam aan die oploop was.

(4) Verlof mag nie met diensopsegging saamval nie.

(5) 'n Werkgewer kan 'n werknemer loon betaal vir en in plaas van die termyn van diensopsegging voorgeskryf of waaroor kragtens subartikel (1) ooreengekom is.

(6) Elke werkgewer moet ten opsigte van enige assistent wat daarom vra, 'n dienssertifikaat uitreik. Die sertifikaat moet in die vorm van Aanhangsel B van hierdie Ooreenkoms wees.

9. ONTBINDING VAN RAAD

(1) Indien hierdie Ooreenkoms of 'n verlenging of hernuwing daarvan as gevolg van die verloop van tyd of om enige ander rede verval, en 'n latere ooreenkoms wat voorsiening maak vir die voortsetting van die Trustrekening nie binne 'n tydperk van 12 maande vanaf sodanige vervaldatum aangegaan word nie, of indien die Trustrekening nie binne sodanige tydperk deur die Raad oorgedra word na 'n ander trustrekening wat vir dieselfde doeleindes ingestel is as dié waarvoor die oorspronklike Trustrekening gestig is nie, of indien die Raad ontbind word, moet die geld wat in die kredit van die Trustrekening oorbly, terugbetaal word aan die werkgewers wat daartoe bygedra het.

(2) Die Trustrekening moet deur die Raad geadministreer word gedurende genoemde tydperk van 12 maande of tot tyd en wyl dit oorgedra word na 'n ander trustrekening, soos hierbo bedoel, of by 'n latere ooreenkoms voortgesit word.

(3) Bedrae wat nie ingevolge hierdie klousule terugbetaal kan word nie na 'n tydperk van ses maande vanaf die datum waarop dit betaalbaar geword het aan die persone wat daarop geregtig is, moet in die Raad se algemene fondse gestort word en, indien die Raad op dié datum ontbind is, moet daar ingevolge artikel 34 (4) van die Wet met dié bedrae gehandel word asof dit deel van die algemene fondse van die Raad uitmaak.

10. BUITEWERK

'n Werknemer mag nie vir eie rekening, of ten behoewe van enige persoon, of van enige ander persoon behalwe sy werkgewer, terwyl hy in diens is van 'n werkgewer wat by die Haarkappersbedryf betrokke is—

(1) bestellings vir werk werf of aanneem of werk in die Haarkappersbedryf onderneem nie; of

(2) vir verkoop, wins of beloning in toiletbenodigdhede handel dryf nie.

(6) The Saturday falling between Good Friday and Easter Monday shall be an unpaid holiday and no establishment may render toilet services on the day. An employer may deduct from the wage of his employee an amount equal to the wage for five hours' work.

8. TERMINATION OF SERVICES

(1) Subject to—

(a) the right of an employer or an employee to terminate employment without notice for any good cause legally recognised as sufficient; or

(b) the provisions of any written agreement between employer and employee stipulating a period of notice in excess of that provided for herein, but not in excess of 12 months;

an employer or his employee, other than a casual employee, shall give not less than one week's written notice of 46 working hours, to terminate his contract of service, such notice to take effect from the working day following the day on which such notice was given: Provided that notice may not be given whilst an employee is on leave in terms of clause 7 (3) (a) or absent in terms of clause 7 (4) (b).

(2) In the event of an employer or an employee failing to give notice as provided for in subclause (1) hereof, he shall pay or forfeit respectively in lieu thereof an amount equal to the weekly remuneration which the employee was receiving during the week immediately preceding the termination of the contract of employment: Provided that if an agreement has been entered into in terms of subclause (1) (b) the payment or forfeiture in lieu of notice shall be proportionate to the period of the notice agreed upon which shall not be in excess of 12 months.

(3) Notwithstanding anything to the contrary in the Agreement, should any money owing by the employer to the employee by way of wages be insufficient to meet the full amount of the forfeiture referred to herein, the employer shall be entitled to recover such amounts from other benefits (if any) which were in the process of accrual to such employee at the time of his desertion.

(4) Leave and notice shall not run concurrently.

(5) An employer may pay an employee wages for and in lieu of the period of notice prescribed or agreed upon in terms of subclause (1).

(6) Every employer shall issue a certificate of service in respect of any assistant making such request. The certificate shall be in the form of Annexure B of this Agreement.

9. DISSOLUTION OF COUNCIL

(1) In the event of the expiration of this Agreement or any extension or renewal thereof by effluxion of time or any other cause and a subsequent agreement providing for the continuation of the Trust Account not being negotiated within a period of 12 months from the date of such expiration or the Trust Account not being transferred by the Council within such period to any other trust account constituted for the same purposes as that for which the original Trust Account was created or in the event of the dissolution of the Council, the moneys standing to the credit of the Trust Account shall be refunded to the employers who had contributed thereto.

(2) The Trust Account shall during the said period of 12 months or until such time it is transferred to any other trust account referred to above or continued by a subsequent agreement, be administered by the Council.

(3) Any amount which cannot be disposed of in terms of this clause after the expiration of six months from the date it became payable to the person who was entitled thereto shall be paid into the Council's general funds and if the Council has been dissolved by that date, such amount shall be dealt with in terms of section 34 (4) of the Act as if it had formed part of the general funds of the Council.

10. OUTWORK

An employee shall not—

(1) solicit or take orders for or undertake work in the Hairdressing Trade; or

(2) engage in trading in toilet requisites for sale, gain or reward;

on his own account or on behalf of any person or from any other person other than his employer whilst such employee is in the employ of an employer engaged in the Hairdressing Trade;

11. UITLEG VAN OOREENKOMS

(1) Die Raad is die liggaam wat vir die administrasie van hierdie Ooreenkoms verantwoordelik is en kan, ter leiding van die werkgewers en werknemers, menings uitspreek wat nie met die bepalings daarvan onbestaanbaar is nie.

(2) Enige verskil wat in die Haarkappersbedryf mag ontstaan, moet na die Raad vir beslissing ingevolge die bepalings van sy konstitusie verwys word.

12. BEVOEGDHEIDSERTIFIKAAT

(1) Die Raad moet 'n komitee aanstel bestaande uit minstens vier lede waarvan twee werkgewers en twee werknemers moet wees, wat die eksamens in subklousules (2) en (3) bedoel, moet afneem en aanbevelings aan die Raad moet doen in verband met die uitreiking van bevoegdheidsertifikate.

(2) Wanneer 'n werkgewer of 'n werknemer aansoek doen om 'n bevoegdheidsertifikaat, moet hy die bedrag van R10 saam met sodanige aansoek aan die Raad (deur die Sekretaris) stuur, en die Raad moet—

(a) die aansoeker vra om homself/haarself vir 'n eksamen aan te meld; of

(b) homself daarvan oortuig dat die aansoeker uit hoofde van sy/haar jare ondervinding geregtig is op so 'n sertifikaat, en nadat daar tot tevredenheid van die Raad bewys is dat die aansoeker bevoegd is, moet die Raad sodanige sertifikaat uitreik.

(3) 'n Aansoeker wat versuim om die eksamen af te lê sonder om 'n rede te verstrek wat vir die komitee bevredigend is, verbeur die eksamengeld.

13. VRYSTELLINGS

(1) Behoudens die voorbehoudsbepaling van artikel 51 (3) van die Wet, kan die Raad om enige goeie en afdoende rede ten opsigte van enige persoon vrystelling van enigeen van die bepalings van hierdie Ooreenkoms verleen.

(2) Die Raad moet ten opsigte van enigeen aan wie vrystelling kragtens subklousule (1) van hierdie klousule verleen word, die voorwaardes vasstel waarop die vrystelling verleen word en die geldigheidsduur van die vrystelling: Met dien verstande dat die Raad na goeddunke en nadat een week skriftelike kennis aan die betrokke persone gegee is, 'n vrystellingsertifikaat kan intrek.

(3) Die Sekretaris van die Raad moet aan elke persoon aan wie vrystelling ooreenkomstig subklousule (1) van hierdie klousule verleen is 'n vrystellingsertifikaat, deur hom onderteken, uitreik waarin die volgende vermeld word:

(a) Die volle naam van die betrokke persoon;

(b) dié bepalings van die Ooreenkoms waarvan vrystelling verleen word;

(c) die voorwaardes vasgestel ingevolge subklousule (2) van hierdie klousule waar op dié vrystelling verleen word; en

(d) die tydperk wat die vrysteiling van krag is.

(4) Die Sekretaris van die Raad moet—

(a) 'n afskrif hou van elke sertifikaat wat uitgereik word, en 'n kopie aan die Afdelingsinspekteur, Departement van Mannekragbenutting, Posbus 393, Pretoria, 0001, stuur;

(b) as vrystelling aan 'n werknemer verleen word, 'n kopie van die sertifikaat aan die betrokke werkgewer stuur.

14. UITGAWES VAN DIE RAAD

(1) Ten einde die uitgawes van die Raad te bestry, moet elke werkgewer 30c per week aftrek van die verdienste van elkeen van sy werknemers vir wie lone in klousule 4 (1) (a), (b) en (d) voorgeskryf word en 30c van die verdienste van elke los werknemer ten opsigte van elke week wat hy in diens van die werkgewer was en 10c per maand van die verdienste van werknemers vir wie lone in klousule 4 (1) (c) en (e) voorgeskryf word.

(2) (a) Benewens bogenoemde, moet alle werkgewers [uitgesonderd daardie werkgewers wat in paragraaf (b) genoem word] 'n bedrag van R2,50 per maand betaal.

(b) In bedryfsinrigtings wat uit maatskappye of 'n vennootskap bestaan, moet 'n bedrag van R2,50 per maand ten opsigte van elke direkteur of vennoot betaal word.

11. INTERPRETATION OF AGREEMENT

(1) The Council shall be the body responsible for the administration of the Agreement and may issue expressions of opinion not inconsistent with the provisions thereof for the guidance of the employers and the employees.

(2) Any dispute which may arise in the Hairdressing Trade shall be referred to the Council to be dealt with in terms of its constitution.

12. CERTIFICATE OF COMPETENCY

(1) A committee shall be appointed by the Council consisting of at least four members, two of whom shall be employers and two of whom shall be employees, who shall hold the examinations referred to in subclauses (2) and (3) and make recommendations to the Council as to the issue of certificates of competency.

(2) Whenever an employer or an employee applies for a certificate of competency he shall forward with such application the sum of R10 to the Council (through the Secretary) which shall—

(a) ask the applicant to submit himself or herself to an examination; or

(b) satisfy itself that the applicant by virtue of his or her years of experience is entitled to such certificate and when it is proved to the satisfaction of the Council that the applicant is competent, the Council shall issue such certificate.

(3) Any applicant who fails to attend an examination without furnishing the committee with a reason considered satisfactory by the committee, shall forfeit the examination fee.

13. EXEMPTIONS

(1) Subject to the proviso to section 51 (3) of the Act, the Council may grant exemptions from any of the provisions of this Agreement in respect of any person for any good and sufficient reason.

(2) The Council shall fix, in respect of any persons granted exemption under the provisions of subclause (1) of this clause, conditions subject to which such exemption is granted and the period during which such exemption shall operate: Provided that the Council may, if it deems fit, after one week's notice, in writing, has been given to the persons concerned, withdraw any licence of exemption.

(3) The Secretary of the Council shall issue to every person granted exemption in accordance with the provisions of subclause (1) of this clause, a licence of exemption, signed by him, setting out—

(a) the full name of the person concerned;

(b) the provisions of the Agreement from which exemption is granted; and

(c) the conditions fixed in accordance with the provisions of subclause (2) of this clause subject to which such exemption is granted; and

(d) the period during which the exemption shall operate.

(4) The Secretary of the Council shall—

(a) retain a copy of each licence issued and forward a copy to the Divisional Inspector, Department of Manpower Utilisation, P.O. Box 393, Pretoria, 0001;

(b) where the exemption is granted to an employee, forward a copy of the licence to the employer concerned.

14. EXPENSES OF THE COUNCIL

(1) For the purpose of meeting the expenses of the Council, every employer shall deduct 30c per week from the earnings of each of his employees for whom wages are prescribed in clause 4 (1) (a), (b) and (d) and 30c from the earnings of each casual employee in respect of each week in which he was employed by the employer, and 10c per month from the earnings of employees for whom wages are prescribed in clause 4 (1) (c) and (e).

(2) (a) In addition to the above, all employers [except those provided for in paragraph (b)] shall pay a fee of R2,50 per month.

(b) In establishments composed of companies or a partnership a fee of R2,50 per month shall be paid in respect of each director or partner;

(c) Benewens die bedrae in paragrawe (a) en (b) van hierdie subklousule bedoel, moet die volgende bedrag deur elke werkgewer betaal word:

(i) Werkgewers wat tot twee werknemers in diens het: R1,50 per maand ten opsigte van elke werknemer aldus in diens;

(ii) werkgewers wat meer as twee werknemers in diens het: 'n Bedrag gelyk aan die bedrag wat deur die werknemers betaal word en wat ingevolge subklousule (1) hierbo afgetrek word, of R4 per maand, naamlik die grootste bedrag.

(3) Die bedrae in subklousule (1) en (2) hierbo genoem, moet voor of op die sewende dag van elke maand in die vorm in Aanhangsel A van hierdie Ooreenkoms voorgeskryf, aan die Sekretaris van die Raad, Southern Lifegebou 58/9, Pretoriusstraat, Pretoria, of Posbus 1237, Pretoria, gestuur word.

(4) Alle gelde en boetes wat deur die werkgewers en werknemers aan hul onderskeie liggame betaalbaar is, sal deur die Nywerheidsraad ingevorder word en moet binne 30 dae na ontvangs aan die onderskeie organisasies oorbetaal word.

15. VERTONING VAN OOREENKOMS

Elke werkgewer moet op 'n opvallende plek in sy bedryfsinrigting wat maklik toeganklik is vir sy werknemers, 'n leesbare eksemplaar van hierdie Ooreenkoms in al twee amptelike tale en in die vorm soos in die regulasies ingevolge die Wet voorgeskryf, opplak en opgeplak hou.

16. REGISTRASIE VAN WERKGEWERS

(1) Alle werkgewers, tensy hulle reeds ingevolge die vorige Ooreenkoms geregistreer is, moet binne een maand na die datum van inwerkingtreding van hierdie Ooreenkoms, en alle werkgewers wat na genoemde datum in die Haarkappersbedryf sake doen, moet binne een maand na die datum waarop hulle met hul werksaamhede begin, onderstaande besonderhede aan die Sekretaris van die Raad verstrek:

(a) Sy volle naam en die naam van die besigheid;

(b) besigheidsadres; en

(c) volle naam van elke werknemer, die hoedanigheid waarin hy diens verrig, en die loon wat betaal word.

(2) Elke werkgewer moet maandeliks op die vorm soos voorgeskryf in Aanhangsel A hiervan, die volle name van alle persone in sy diens aantoon.

(3) In die geval van 'n vennootskap moet, benewens die besonderhede in subklousule (1) vereis, die volle name van al die vennote verstrek word.

(4) In die geval van 'n maatskappy met beperkte aanspreeklikheid moet, benewens die besonderhede vereis in subklousule (1), die volgende besonderhede verstrek word:

(i) Die adres van die geregistreerde kantore van die maatskappy;

(ii) die volle name van die direkteure en die volle naam van die persoon werklik in beheer van elke tak van die besigheid;

(iii) die volle name van die sekretaris van die maatskappy en alle ander ampsbekleërs van die maatskappy.

(5) Elke werkgewer moet, in die geval van 'n verandering in enige van die besonderhede wat hy ingevolge hierdie klousule moet verstrek, binne 14 dae vanaf die datum waarop die verandering van krag geword het, skriftelik aan die Sekretaris van die Raad kennis van die verandering gee.

17. AGENTE

Die Raad moet een of meer aangewese persone as agente aanstel om by die administrasie van hierdie Ooreenkoms behulpsaam te wees. Dit is die plig van elke werkgewer en elke werknemer om sodanige persone toe te laat om dié persele te betree, dié navrae te doen en te voltooi en dié boeke, dokumente, loonstate en betaalstate te ondersoek en alles te doen wat nodig mag wees om vas te stel of hierdie Ooreenkoms nagekom word, en geen persoon mag aan 'n agent in die loop van sy ondersoek 'n valse verklaring doen nie.

18 LIDMAATSKAP

(1) 'n Werkgewer wat lid van die werkgewersorganisasie is, mag geen werknemer wat nie lid van die vakvereniging is in diens neem nie, en geen lid van die vakvereniging mag by 'n werkgewer wat nie lid van die werkgewersorganisasie is in diens tree of bly nie.

(c) In addition to the fees referred to in paragraphs (a) and (b) of this subclause, the following amount shall be paid by every employer:

(i) Employers employing up to two employees: R1,50 per month in respect of each employee so employed;

(ii) employers employing more than two employees: An amount equal to the amount paid by the employees and deducted in terms of subclause (1) above, or R4 per month, whichever is the greater.

(3) The amounts mentioned in subclauses (1) and (2) above shall be remitted to the Secretary of the Council, 58/9 Southern Life Buildings, Pretorius Street, Pretoria, or to P.O. Box 1237, Pretoria, not later than the seventh day of each and every month in the form prescribed in Annexure A to this Agreement.

(4) All dues and fines payable by employers and employees to their respective bodies will be collected by the Industrial Council and shall be paid over to the respective organisations within 30 days of receipt.

15. EXHIBITION OF AGREEMENT

Every employer shall affix and keep affixed in his establishment in a conspicuous place readily accessible to his employees, a legible copy of this Agreement in both official languages, and in the form prescribed in the regulations under the Act.

16. REGISTRATION OF EMPLOYERS

(1) All employers unless already registered under the pro-previous Agreement shall within one month from the date on which this Agreement comes into operation, and any employer operating in the Hairdressing Trade after that date shall within one month from the date of commencing operations, forward to the Secretary of the Council the following particulars:

(a) His full name and title of the business;

(b) business address; and

(c) full name of each employee, the capacity in which he is employed and the wages paid.

(2) Every employer shall enclose on the form prescribed in Annexure A hereto, monthly, the full names of all persons employed.

(3) In the case of a partnership, the full names of all the partners shall, in addition to the particulars required in subclause (1), be furnished.

(4) In the case of a limited liability company, the following particulars, in addition to those required in subclause (1), shall be furnished:

(i) Address of the registered offices of the company;

(ii) the full names of the directors and the full name of the person in actual control of each branch of the business;

(iii) the full names of the secretary of the company and all other office-bearers of the company.

(5) Every employer shall, in the event of a change in any of the particulars required to be furnished in terms of this clause, forward to the Secretary of the Council a notification in writing of any such change within 14 days of the date upon which such change took effect.

17. AGENTS

The Council shall appoint one or more specified persons as agents to assist in the administration of the Agreement. It shall be the duty of every employer and every employee to permit such persons to enter such premises, institute and complete such enquiries, and examine such books, documents, wage sheets, and pay tickets and do all such acts as may be necessary for ascertaining whether the conditions of the Agreement are being observed and complied with, and no person shall make a false statement to such agent during the course of his investigation.

18. MEMBERSHIP

(1) An employer who is a member of the employers' organisation shall not employe an employee who is not a member of the trade union; and no member of the trade union shall enter or continue in the service of an employer who is not a member of the employers' organisation.

(2) Geen werkgewer wat lid van die werkgewersorganisasie is, mag 'n werknemer in diens neem sonder dat hy 'n vakverenigingkaart voorlê nie.

(3) Hierdie klousule is nie van toepassing nie—

(a) op 'n immigrant gedurende die eerste jaar na sy binnekoms in die Republiek van Suid-Afrika: Met dien verstande dat as 'n immigrant te eniger tyd na die eerste drie maande wat hy in die Bedryf begin werk het, weier om op uitnodiging van die betrokke vakvereniging lid daarvan te word, hierdie klousule onmiddellik van toepassing word;

(b) op persone wat ingevolge die vakvereniging se konstitusie nie vir lidmaatskap in aanmerking kom nie, of aan wie lidmaatskap daarvan geweier is of wat uit die vereniging gesit is.

19. VAKVERENIGINGVERTEENWOORDIGERS IN DIE RAAD

Elke werkgewer moet aan enigeen van sy werknemers wat 'n verteenwoordiger of plaasvervanger in die Raad is, alle redelike fasiliteite verleen om sy pligte in verband met die Raad se werk na te kom.

20. GELD BETAALBAAR AAN DIE WERKGEWERS-ORGANISASIE EN DIE VAKVERENIGING

(1) Elke werkgewer moet weekliks of maandeliks, na gelang van die geval, van die lone van sy werknemers die ledegeld en ander geld aftrek wat aan die vakvereniging verskuldig is ooreenkomstig sy konstitusie soos van tyd tot tyd deur die sekretaris van die vakvereniging meegedeel, en moet die bedrag wat aldus afgetrek is in die vorm in Aanhangsel A hiervan voorgeskryf, voor of op die sewende dag van die maand wat volg op die maand waarin die aftrekkings gedoen is, aan die Sekretaris van die Raad, Southern Lifegebou 58/9, Pretoriusstraat, Pretoria, of Posbus 1237, Pretoria, stuur.

(2) Elke werkgewer wat lid van die werkgewersorganisasie is, moet voor of op die 60ste dag wat volg op elke algemene jaarvergadering van die organisasie alle bedrae verskuldig aan en alle boetes ingevolge die konstitusie van die organisasie opgelê, aan die Sekretaris van die Raad stuur.

(3) Alle bedrae wat die Raad ingevolge subklousules (1) en (2) ontvang, moet binne 30 dae na ontvangs aan onderskeidelik die vakvereniging en die werkgewersorganisasie oorbetaal word.

21. BEHEER OOR PERSELE

Geen werkgewer mag die Haarkappersbedryf uitoefen in 'n perseel—

(a) wat nie behoorlik verlig en geventileer is nie en nie 'n toereikende toevoer van lopende koue en warm water het nie;

(b) wat nie met geglasuurde wasbakke met afvoerpype en 'n stelsel vir die onskadelike afvoer van vuilwater toegerus is nie;

(c) waarvan die mure en vloere van materiaal gebou is wat nie skoongehou kan word nie;

(d) wat toegerus is met rakke, los of vaste toebehore wat nie van glas, marmer of leiklip gemaak of met emalje afgewerk of met sink of ander maklik afwasbare en duursame materiaal bedek is nie;

(e) waarvan enige gedeelte as 'n slaapvertrek of 'n plek vir die bewaring of bereiding van voedsel gebruik word nie, tensy die gedeelte wat vir die Haarkappersbedryf in gebruik is, van sodanige plek of vertrek afgeskei is deur 'n muur of mure sonder deure, vensters, openinge of ander verbindings daarmee.

22. VERSKAFFING VAN UITRUSTING

(1) 'n Werkgewer moet vir die gebruik van elke haarkappersassistent alle gereedskap en uitrusting verskaf wat vir die verrigting van sy werk nodig is, uitgesonderd—

(a) *in die dameshaarkappery*—

(i) krultange;
(ii) skêre;
(iii) kamme;
(iv) knippers (nie-elektries);

(b) *in die manshaarkappery*—

(i) knippers (nie-elektries);
(ii) skêre;
(iii) skeermesse;
(iv) nekborsels;
(v) kamme;
(vi) slypstrop;
(vii) skeermesslypsteen;

(2) No employer who is a member of the employers' organisation shall engage an employee without the production of a trade union card.

(3) The provisions of this clause shall not apply—

(a) in respect of an immigrant during the first year after the date of his entry into the Republic of South Africa: Provided that if any immigrant has at any time after the first three months of commencement of his employment in the Trade refused any invitation from the trade union concerned to become a member of it, the provisions of this clause shall immediately come into operation;

(b) to persons who are not eligible in terms of the trade union's constitution for membership, or who have been refused membership of or expelled from the union,

19. TRADE UNION REPRESENTATIVES ON THE COUNCIL

Every employer shall give to any of his employees who are representatives or alternates on the Council every reasonable facility to attend to their duties in connection with the work of the Council.

20. MONEYS PAYABLE TO THE EMPLOYERS' ORGANISATION AND THE TRADE UNION

(1) Every employer shall deduct weekly or montly, as the case may be, from the wages of his employees the amount of the subscriptions and other moneys due to the trade union in terms of its constitution as advised by the secretary of the trade union from time to time, and shall forward on the form prescribed in Annexure A hereto, the amount thus deducted to the Secretary of the Council, 58/9 Southern Life Buildings, Pretorius Street, Pretoria, or P.O. Box 1237, Pretoria, not later than the seventh day of each and every month following on the month in which the deductions were made.

(2) Every employer who is a member of the employers' organisation shall, not later than 60 days after each annual general meeting of the organisation, forward to the Secretary of the Council any amounts due to and any fines levied in terms of the constitution of the organisation.

(3) Any amount received by the Council in terms of subclauses (1) and (2), shall be paid over to the trade union and employers' organisation, respectively, within 30 days of receipts thereof.

21. CONTROL OF PREMISES

No employer shall carry on the Hairdressing Trade in premises—

(a) which are not adequately lighted and ventilated and provided with an adequate supply of hot and cold running water;

(b) which are not fitted with glazed washbasins with waste pipes and a system for the innocuous disposal of waste water;

(c) the walls and floors of which are not constructed of material which will permit of their being kept clean;

(d) which are fitted with shelves, fittings or other fixtures which are not made of glass, marble or slate or finished with enamel, or covered with zinc or other readily cleansable and durable material;

(e) any part of which is used as a sleeping apartment or place for the storage or preparation of food, unless the part used for carrying on the Hairdressing Trade is separated from such apartment or place by a wall or walls having no doors, windows, apertures or other means of communication therewith.

22. PROVISION OF EQUIPMENT

(1) An employer shall provide, for the use of every hairdresser's assistant, all tools and equipment necessary for the carrying out of his work, except—

(a) *in the ladies' trade*—

(i) curling tongs;
(ii) scissors;
(iii) combs;
(iv) clippers (not electric);

(b) *in the gentlemen's trade*—

(i) clippers (not electric);
(ii) scissors;
(iii) razors;
(iv) neck brushes;
(v) combs;
(vi) strop;
(vii) razor hone;

(c) waar die werkgewer 'n kleurskema vir baadjies en oorklere invoer wat by die kleurskema van sy salon pas, moet hy die nodige oorjasse en baadjies aan sy assistente verskaf en dit was en stryk.

(2) 'n Werkgewer moet aan elke haarkappersassistent die volgende verskaf:

(a) Minstens een ontsmettingskassie wat te alle tye vir die ontsmetting van alle gereedskap, uitgesonderd skeerkwaste, 'n oplossing van minstens 40 persent formalien bevat;

(b) 'n antiseptiese bad, wat 'n formalienoplossing bevat in die verhouding van 2,25 liter water tot 56 milliliter formalien vir die ontsmetting van skeerkwaste;

(c) minstens twee skeerkwaste, sodat een kwas wat nie in gebruik is nie, in die antiseptiese bad gehou kan word;

(d) 'n skoon handdoek vir elke klant vir gebruik deur die werknemer;

(e) vloeibare, poeier- of buisseep of skeerroom;

(f) 'n voorraad skoon papier om gereedskap mee af te vee, in besonder die skeermes, iedere keer nadat dit geslyp is;

(g) 'n bloedstelpende middel in die vorm van poeier of vloeistof vir gebruik as 'n spuitmiddel of op 'n skoon proppie watte; en

(h) 'n bedekte houer waarin, na elke behandeling, alle vuil papier, watte en hare gegooi kan word.

23. SIEKTEVERLOF

(1) 'n Werkgewer moet aan elke werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, wat in sy diens is en wat weens ongeskiktheid van sy werk afwesig is, siekteverlof van minstens 36 werkdae altesaam gedurende enige tydperk van 36 agtereenvolgende maande diens by hom toestaan en sodanige werknemer ten opsigte van die afwesigheidstydperk ingevolge hierdie subklousule, 'n bedrag betaal wat minstens gelyk is aan die loon wat hy sou ontvang het as hy gedurende sodanige tydperk gewerk het: Met dien verstande dat—

(i) 'n werknemer gedurende die eerste 12 agtereenvolgende maande diens nie op meer siekteverlof met volle besoldiging as een werkdag ten opsigte van elke voltooide maand diens geregtig is nie;

(ii) 'n werkgewer as 'n opskortende voorwaarde vir die betaling deur hom van 'n bedrag wat kragtens hierdie subklousule deur 'n werknemer geëis word ten opsigte van afwesigheid van werk vir 'n tydperk wat oor meer as twee agtereenvolgende dae strek, kan vereis dat so 'n werknemer 'n sertifikaat toon wat deur 'n mediese praktisyn onderteken is en waarin die aard en duur van die werknemer se ongeskiktheid gemeld word: Met dien verstande dat wanneer 'n werknemer gedurende enige tydperk van hoogstens agt weke betaling ingevolge hierdie subklousule by twee of meer geleenthede ontvang het sonder om so 'n sertifikaat te toon, sy werkgewer gedurende die tydperk van agt weke wat onmiddellik op die laaste sodanige geleentheid volg, van hom kan vereis om so 'n sertifikaat ten opsigte van enige afwesigheid van werk te toon;

(iii) hierdie subklousule nie van toepassing is nie ten opsigte van 'n werknemer op wie se skriftelike versoek die werkgewer bydraes wat minstens gelyk is aan dié van die werknemer, betaal aan 'n fonds of organisasie wat die werknemer aangewys het en wat aan die werknemer, in geval van sy ongeskiktheid onder die omstandighede in hierdie subklousule bedoel, die waarborg gee dat altesaam minstens die ekwivalent van sy loon vir 36 werkdae betaal sal word in elke tydperk van 36 maande diens;

(iv) waar daar volgens wet van 'n werkgewer vereis word om vir die hospitaal- of mediese behandeling van 'n werknemer te betaal en hy wel vir sodanige behandeling betaal ten opsigte van enige ongeskiktheid, die bedrag aldus betaal in mindering gebring kan word teen die betaling wat ten opsigte van afwesigheid met siekteverlof as gevolg van sodanige ongeskiktheid ingevolge hierdie subklousule verskuldig is.

(2) Vir die toepassing van hierdie klousule—

(a) omvat "besoldiging" of "loon" ook enige lewenskostetoelae wat ingevolge enige wet of op 'n ander wyse aan 'n werknemer betaal word of aan hom betaalbaar is;

(b) omvat "diens" ook enige tydperk wat 'n werknemer—

(i) ingevolge klousule 7 van hierdie Ooreenkoms met verlof afwesig is; of

(ii) ingevolge subklousule (1) met siekteverlof afwesig is; of

(c) in the case where the employer has instituted a "colour scheme" in coats and overalls fitting in with the colour of his salon, he shall supply and launder the required overalls and coats of his assistants.

(2) An employer shall provide each hairdresser's assistant with—

(a) at least one sterilising cabinet containing at all times a solution of at least 40 per cent formalin for the purpose of sterilising all tools, other than shaving brushes;

(b) an antiseptic bath containing a solution of formalin in the proportion of 2,25 litres of water to 56 millilitres of formalin for the purpose of sterilising shaving brushes;

(c) at least two shaving brushes so as to allow one brush not in use, to be kept the antiseptic bath;

(d) a freshly laundered towel for the use of the employee with each customer;

(e) liquid, powdered or tube soap or shaving cream;

(f) a supply of clean paper to wipe the tools and in particular the razor after each stropping operation;

(g) styptic in the form of powder or liquid to be used as a spray or on a fresh clean piece of cotton wool; and

(h) a covered receptacle for the purpose of receiving all soiled paper and cotton wool and hair after each operation.

23. SICK LEAVE

(1) An employer shall grant to any employee, other than a casual employee, employed by him who is absent from work through incapacity, not less than 36 work-day's sick leave in the aggregate during any period of 36 consecutive months of employment with him and shall pay to such employee in respect of the period of absence in terms of this subclause an amount of not less than the wage he would have received had he worked during such period: Provided that—

(i) in the first 12 consecutive months of employment an employee shall not be entitled to sick leave on full pay at a rate of more than one work-day in respect of each completed month of employment;

(ii) an employer may as a condition precedent to the payment by him of any amount claimed in terms of this subclause by an employee in respect of any absence from work for a period covering more than two consecutive days require such employee to produce a certificate signed by a medical practitioner stating the nature and duration of the employee's incapacity: Provided that when an employee has during any period of up to eight weeks received payment in terms of this subclause on two or more occasions without producing such a certificate his employer may during the period of eight weeks immediately succeeding the last such occasion required him to produce such a certificate in respect of any absence from work;

(iii) this subclause shall not apply in respect of an employee at whose written request an employer makes contributions, at least equal to those made by the employee, to any fund or organisation nominated by the employee, which fund or organisation guarantees to the employee in the event of his incapacity in the circumstances set out in this subclause the payment to him of not less than in the aggregate the equivalent of his wages for 36 work-days in each period of 36 months of employment;

(iv) where an employer is legally required to pay fees for hospital or medical treatment in respect of an employee, and pays such fees in respect of any incapacity, the amount so paid may be set off against the payment due in terms of this subclause in respect of absence on sick leave because of such incapacity.

(2) For the purposes of this clause—

(a) "pay" or "wage" includes any cost of living allowance which is paid or payable to an employee in terms of any law or otherwise;

(b) "employment" includes any period during which an employee—

(i) is on leave in terms of clause 7 of this Agreement; or

(ii) is on sick leave in terms of subclause (1); or

(iii) op las of op versoek van sy werkgewer van sy werk afwesig is; of

(iv) militêre diens ondergaan;

en wat in 'n bepaalde jaar altesaam hoogstens 10 weke beloop ten opsigte van die tydperke bedoel in subparagrawe (i), (ii), en (iii), plus hoogstens vier maande van enige tydperk van militêre diens wat in subparagraaf (iv) bedoel word en wat in daardie jaar ondergaan is; en enige aaneenlopende diens wat 'n werknemer by dieselfde werkgewer gehad het onmiddellik voor die datum van inwerkingtreding van hierdie Ooreenkoms, word vir die toepassing van hierdie klousule geag diens te wees, en enige siekteverlof met volle besoldiging wat gedurende sodanige tydperk aan sodanige werknemer toegestaan is, word vir die toepassing van hierdie klousule geag siekteverlof te wees wat ingevolge hierdie Ooreenkoms toegestaan is; en

(c) beteken "ongeskiktheid" onvermoë om te werk weens siekte of besering, uitgesonderd siekte of besering veroorsaak deur die werknemer se eie wangedrag: Met dien verstande dat, in gevalle van ongelukke, alleenlik die voordele betaalbaar is wat nie as vergoeding ingevolge die Ongevallewet, 1941, of die Motorvoertuigassuransiewet, 1942, betaalbaar is nie.

24. KONTRAKTE

Geen werkgewer of werknemer mag enige skriftelike dienskontrak of ander diensvoorwaarde aangaan nie tensy die bepalings van die voorgestelde kontrak eers aan die Raad voorgelê is en die Raad die partye wat daarby betrokke is van sy kommentaar voorsien het. Sodanige kommentaar moet binne 30 dae na ontvangs van die voorgestelde kontrak deur die Raad aan die partye verstrek word.

Enige sodanige kontrak wat aangegaan is voordat hierdie Ooreenkoms van krag geword het, moet binne 30 dae na die datum van inwerkingtreding van hierdie Ooreenkoms aan hierdie Raad voorgelê word.

25. GESONDHEID (X-STRAALFOTO'S VIR TUBERKULOSE)

Alle werknemers in die Haarkappersbedryf moet binne 'n maand vanaf die datum waarop hierdie Ooreenkoms in werking tree en alle werknemers wat na daardie datum tot die Haarkappersbedryf toetree, moet binne 'n maand nadat hulle in die Haarkappersbedryf diens aanvaar X-straalfoto's van hulself laat neem en moet daarna elke twee jaar weer X-straalfoto's van hulself laat neem. Die werkgewer moet die werknemer voldoende tyd afgee vir hierdie doel.

26. *ULTRA VIRES*

Indien 'n bepaling van hierdie Ooreenkoms deur 'n bevoegde geregshof *ultra vires* verklaar word, moet die oorblywende bepalings van hierdie Ooreenkoms as die Ooreenkoms beskou word en bly dit van krag vir die onverstreke tydperk van die Ooreenkoms.

27. GETALSVERHOUDING

(1) 'n Werkgewer mag nie 'n sjampoeis in diens neem nie, tensy hy 'n gekwalifiseerde haarkapper in sy diens het, en vir die eerste gekwalifiseerde haarkapper in sy diens mag hy hoogstens een sjampoeis in diens neem en daarna hoogstens een sjampoeis vir elke twee gekwalifiseerde haarkappers in sy diens.

(2) 'n Werkgewer mag nie 'n deeltydse haarkapsterassistent in diens neem nie tensy hy 'n gekwalifiseerde haarkapsters-assistent in sy diens het, en vir elke gekwalifiseerde haarkapstersassistent in sy diens mag hy hoogstens een deeltydse haarkapstersassistent in diens neem.

(3) 'n Werkgewer of bestuurder wat uitsluitlik of hoofsaaklik die werk van 'n haarkapsterassistent verrig, kan geag word 'n gekwalifiseerde haarkapstersassistent te wees.

(4) Hierdie klousule is op elke bedryfsinrigting afsonderlik van toepassing en 'n werkgewer of bestuurder mag nie as 'n gekwalifiseerde werknemer in meer as een bedryfsinrigting of in meer as een klas werk geag word nie.

28. VERBOD OP INDIENSNEMING

'n Werkgewer mag niemand onder die ouderdom van 15 jaar in diens neem nie.

Vir en namens die partye op hede die 15de dag van April 1980 te Pretoria onderteken.

D. CARR, Voorsitter van die Raad.

Y. VAN SCHALKWYK, Ondervoorsitter van die Raad.

J. P. FORBES, Sekretaresse van die Raad.

(iii) is absent from work on the instructions or at the request of his employer; or

(iv) is undergoing military service;

amounting in the aggregate in any year to not more than 10 weeks in respect of the periods referred to in subparagraphs (i), (ii) and (iii), plus up to four months of any period of military service referred to in subparagraph (iv) undergone in that year, and any continuous employment which an employee has had with the same employer immediately before the date of commencement of this Agreement shall for the purposes of this clause be deemed to be employment, and any sick leave on full pay granted to such an employee during such period shall for the purposes of this clause be deemed to have been granted under this Agreement; and

(c) "incapacity" means inability to work owing to any sickness or injury other than sickness or injury caused by an employee's own misconduct: Provided that in cases of accident, only such benefits shall be payable as are not compensatable under the Workmen's Compensation Act, 1941, or Motor Vehicle Insurance Act, 1942.

24. CONTRACTS

No employer or employee shall enter into any written contract of service or other conditions of employment, unless the terms of the proposed contract have first been submitted to the Council, and the Council has furnished the parties thereto with its comments. Such comments shall be submitted to the parties within 30 days of date of receipt of the proposed contract by the Council.

Any such contract entered into prior to the coming into operation of this Agreement shall be submitted to this Council within 30 days from the date of coming into operation of this Agreement.

25. HEALTH (X-RAY FOR T.B.)

Each and every employee in the Hairdressing Trade shall within one month of the date on which this Agreement comes into operation and any employee entering the Hairdressing Trade after that date shall within one month of the date of commencing the Hairdressing Trade cause herself/himself to be X-rayed and shall thereafter again cause herself/himself to be X-rayed every two years. The employer shall grant the employee sufficient time off for this purpose.

26. *ULTRA VIRES*

Should any provision of this Agreement be declared *ultra vires* by any competent court of law, the remaining provisions of this Agreement shall be deemed to be the Agreement and shall remain in force for the unexpired period of the Agreement.

27. RATIO

(1) An employer shall not employ a shampooist unless he has in his employ a qualified hairdresser and for the first qualified hairdresser in his employ he shall not employ more than one shampooist and thereafter for every two qualified hairdressers in his employ he shall not employ more than one shampooist.

(2) An employer shall not employ a part-time ladies' hairdressers' assistant unless he has in his employ a qualified ladies' hairdressers' assistant and for each qualified ladies' hairdressers' assistant in his employ he shall not employ more than one part-time ladies' hairdressers' assistant.

(3) An employer or manager who is wholly or mainly engaged in performing the work of a ladies' hairdressers' assistant may be deemed to be a qualified ladies' hairdressers' assistant.

(4) This clause shall apply to each establishment separately and an employer or manager shall not be deemed to be a qualified employee in more than one establishment or in more than one class of work.

28. PROHIBITION OF EMPLOYMENT

An employer shall not employ any person under the age of 15 years.

Signed for and on behalf of the parties at Pretoria this 15th day of April 1980.

D. CARR, Chairman of the Council.

Y. VAN SCHALKWYK, Vice-Chairman of the Council.

J. P. FORBES, Secretary of the Council.

AANHANGSEL A

NYWERHEIDSRAAD VIR DIE HAARKAPPERSBEDRYF (PRETORIA)

MAANDELIKSE OPGAWE DEUR WERKGEWER

Opgawe No.....

Die Sekretaris
Nywerheidsraad vir die Haarkappersbedryf (Pretoria)
Posbus 1237
Pretoria 0001
Telefoon 48-6864

Hierdie opgawe moet by die Sekretaris ingedien word voor of op die sewende dag van elke maand wat volg op die maand waarvoor hierdie opgawe ingevul word.

OPGAWE VIR ..... 19.....

Telefoon.....

Naam van salon .....

Posbus.....

Adres van salon.....

Naam van bydraer	Geslag	Loon per week of per maand		Hoedanigheid waarin in diens, d.w.s. gekwalifiseer, vakleerling, ontvangsdame, werkende werkgewer	Allerlei		Verlofbesoldiging		Werknemer se vakvereenigingbydrae		Werkgewersorganisasiebydrae		Nywerheidsraad se heffings				Totaal	
													Werknemer		Werkgewer			
		R	c		R	c	R	c	R	c	R	c	R	c	R	c	R	c

IN TUMINE VIDE BIMUS LUMEN
University of Fort Hare
Together in Excellence

ANNEXURE A

INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE HAIRDRESSING TRADE (PRETORIA)

MONTHLY RETURN BY EMPLOYER

Return No.....

The Secretary
Industrial Council for the Hairdressing Trade (Pretoria)
P.O. Box 1237
Pretoria 0001
Telephone 48-6864

This return must be lodged with the Secretary not later than the seventh day of each and every month succeeding the month for which this return is completed.

RETURN FOR ..... 19.....

Telephone.....

Name of salon.....

P.O. Box.....

Address of salon.....

Name of contributor	Sex	Wages per week or per month		Capacity in which employed, i.e. qualified, apprentice, receptionist, working employer	Sundries		Leave pay		Employee's trade union subscription		Employers organisation subscription		Council levies				Total	
													Employee		Employer			
		R	c		R	c	R	c	R	c	R	c	R	c	R	c	R	c

AANHANGSEL B

NYWERHEIDSRAAD VIR DIE HAARKAPPERSBEDRYF (PRETORIA)

DIENSSERTIFIKAAT

No.

Naam van salon .....
Adres van salon .....
Volle naam van werknemer .....
Geslag ..... Ouderdom .....
In diens as .....
Loon ..... per week/maand.
Datum van indienstreding .....
Datum van diensverlating .....
Opmerkings .....
.....

Handtekening van werkgewer

L.W.—'n Kopie van hierdie sertifikaat moet aan die Sekretaris van die Raad gestuur word.

ANNEXURE B

INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE HAIRDRESSING TRADE (PRETORIA)

CERTIFICATE OF SERVICE

No.

Name of salon .....
Address of salon .....
Name of employee (in full) .....
Sex ..... Age .....
Employed as .....
Wages ..... per week/per month.
Dated started .....
Date left .....
Remarks .....
.....

Signature of employer

N.B.—A copy of this certificate to be forwarded to the Secretary of the Council.

No. R. 1471 18 Julie 1980

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

HAARKAPPERSBEDRYF, PRETORIA.—INTREKKING VAN GOEWERMENTSKENNISGEWING

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Mannekragbenutting, trek hierby kragtens artikel 48 (5) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, Goewermentskennisgewing R. 1002 van 16 Mei 1980 in met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing.

S. P. BOTHA, Minister van Mannekragbenutting.

No. R. 1471 18 July 1980

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

HAIRDRESSING TRADE, PRETORIA.—CANCELLATION OF GOVERNMENT NOTICE

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Manpower Utilisation, hereby, in terms of section 48 (5) of the Industrial Conciliation Act, 1956, cancel Government Notice R. 1002 of 16 May 1980 with effect from the second Monday after the date of publication of this notice,

S. P. BOTHA, Minister of Manpower Utilisation.

INHOUD

No.		Bladsy No.	Staatskoerant No.
Mannekragbenutting, Departement van			
Goewermentskennisgewings			
R. 1470	Wet op Nywerheidsversoening (28/1956): Haarkappersbedryf, Pretoria	1	7133
R. 1471	Intrekking van Goewermentskennisgewing: Haarkappersbedryf, Pretoria	15	7133

CONTENTS

No.		Page No.	Gazette No.
Manpower Utilisation, Department of			
Government Notices			
R. 1470	Industrial Conciliation Act (28/1956): Hairdressing Trade, Pretoria	1	7133
R. 1471	Cancellation of Government Notice: Hairdressing Trade, Pretoria	15	7133

7134
University of Fort Hare
Together in Excellence

STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer *Registered at the Post Office as a Newspaper*

PRYS + 1c AVB 20c PRICE + 1c GST
BUITELANDS 30c ABROAD
POSVRY · POST FREE

VOL. 181] KAAPSTAD, 25 JULIE 1980 CAPE TOWN, 25 JULY 1980 [No. 7134

KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 1515. 25 Julie 1980.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 102 van 1980: Wet op Nasionale Sleutelpunte, 1980.

OFFICE OF THE PRIME MINISTER

No. 1515. 25 July 1980.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 102 of 1980: National Key Points Act, 1980.

WET

Om voorsiening te maak vir Nasionale Sleutelpunte en die beveiliging daarvan en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 1 Julie 1980.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Volksraad en die Senaat van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Woordomskrywing.

1. In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

(i) „eienaar" met betrekking tot 'n plek of gebied wat kragtens artikel 2 tot 'n Nasionale Sleutelpunt verklaar is, ook—

(a) die persoon wat geregistreer is as die eienaar van die grond wat sodanige plek of gebied uitmaak;

(b) die persoon wat uit hoofde van 'n reg van 'n in paragraaf (i) bedoelde persoon verkry sodanige plek of gebied wettiglik okkupeer;

(c) waar die in paragraaf (i) of (ii) bedoelde persoon oorlede, minderjarig, insolvent, kranksinnig of andersins regtens onbevoeg is, 'n eksekuteur, administrateur, voog, trustee, likwidateur, kurator of ander persoon wat die boedel en bates van daardie persoon beheer of hom verteenwoordig;

(d) waar die Staat sodanige plek of gebied besit of okkupeer, die hoof van die departement onder wie se beheer die plek of gebied is;

(e) 'n persoon onder wie se beheer of bestuur sodanige plek of gebied is; (v)

(ii) „gebied" enige grond of wateroppervlakte, hetsy daar 'n gebou, installasie of struktuur daarop is of nie, en ook enige plek;

(iii) „hierdie Wet" ook 'n regulasie daarkragtens uitgevaardig; (i)

(iv) „insident" enige gebeurtenis wat voortspruit uit of wat betrekking het op terroristiese bedrywighede, sabotasie, spioenasie of ondermyning; (ii)

(v) „Minister" die Minister van Verdediging; (iii)

(vi) „Nasionale Sleutelpunt" of „Sleutelpunt" enige plek of gebied wat kragtens artikel 2 tot 'n Nasionale Sleutelpunt verklaar is; (iv)

(vii) „plek" enige perseel, gebou, installasie of nywerheidskompleks. (vi)

Verklaring van enige plek of gebied tot 'n Nasionale Sleutelpunt.

2. (1) Indien dit te eniger tyd aan die Minister blyk dat 'n plek of gebied van sodanige belang is dat die verlies, beskadiging, ontwrigting of immobilisering daarvan die Republiek kan benadeel, of wanneer hy dit vir die veiligheid van die Republiek of in

ACT

To provide for National Key Points and the safeguarding thereof and for matters connected therewith.

(English text signed by the State President.)
(Assented to 1 July 1980.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

University of Fort Hare

Definitions.

1. In this Act, unless the context otherwise indicates—

(i) "area" means any soil or water surface, whether with a building, installation or structure thereon or not, and includes any place; (ii)

(ii) "incident" means any occurrence arising out of or relating to terroristic activities, sabotage, espionage or subversion; (iv)

(iii) "Minister" means the Minister of Defence; (v)

(iv) "National Key Point" or "Key Point" means any place or area which has under section 2 been declared a National Key Point; (vi)

(v) "owner", in relation to a place or area declared a National Key Point under section 2, includes—

(a) the person registered as the owner of the land constituting such place or area;

(b) the person who by virtue of any right acquired from a person referred to in paragraph *(a)*, lawfully occupies such place or area;

(c) where the person referred to in paragraph *(a)* or *(b)* is deceased, a minor, insolvent, insane or otherwise legally incompetent, an executor, administrator, guardian, trustee, liquidator, curator or other person who controls the estate and assets of that person or represents him;

(d) where the State owns or occupies such place or area, the head of the department under the control of which the place or area is;

(e) any person under whose control or management such place or area is; (i)

(vi) "place" means any premises, building, installation or industrial complex; (vi)

(vii) "this Act" includes any regulation made thereunder. (iii)

Declaration of any place or area as a National Key Point.

2. (1) If it appears to the Minister at any time that any place or area is so important that its loss, damage, disruption or immobilization may prejudice the Republic, or whenever he considers it necessary or expedient for the safety of the Republic

die openbare belang nodig of dienstig ag, kan hy daardie plek of gebied tot 'n Nasionale Sleutelpunt verklaar.

(2) Die eienaar van enige plek of gebied wat aldus tot 'n Nasionale Sleutelpunt verklaar is, word onverwyld by skriftelike kennisgewing verwittig van bedoelde verklaring.

Pligte van eienaar met betrekking tot Sleutelpunt.

3. (1) By ontvangs van 'n kennisgewing in artikel 2 (2) vermeld, moet die eienaar van die betrokke Nasionale Sleutelpunt stappe ten genoeë van die Minister doen ten opsigte van die sekerheid van genoemde Sleutelpunt.

(2) Indien genoemde eienaar versuim om genoemde stappe te doen, kan die Minister hom by skriftelike kennisgewing gelas om binne 'n tydperk in die kennisgewing vermeld, die stappe ten opsigte van die sekerheid van genoemde Sleutelpunt te doen wat in die kennisgewing vermeld word.

(3) Indien genoemde eienaar versuim om sonder redelike oorsaak die stappe in genoemde kennisgewing vermeld binne die tydperk daarin vermeld, te doen, is hy aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R20 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar of met daardie boete sowel as daardie gevangenisstraf, en daarbenewens kan die Minister genoemde stappe doen of laat doen en die koste daarvan op die eienaar verhaal.

Verstrekking van inligting aan Minister.

4. (1) Die Minister kan met die oog op die uitoefening van 'n bevoegdheid wat kragtens hierdie Wet aan hom verleen word, enige persoon skriftelik gelas om binne 'n bepaalde tyd enige inligting waaroor hy beskik met betrekking tot of in verband met enige plek of gebied aan hom te verstrek.

(2) Iemand wat—

(a) in antwoord op 'n lasgewing bedoel in subartikel (1) inligting verstrek wat in enige wesentlike opsig vals of onjuis is; of

(b) inligting verstrek ingevolge subartikel (1), aan iemand bekend maak, behalwe by die toepassing van hierdie Wet of as getuie in 'n geregshof tydens 'n vervolging ingevolge hierdie Wet,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R10 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie jaar of met daardie boete sowel as daardie gevangenisstraf.

(3) Die bepalings van subartikel (2) verbied nie die verstrekking van inligting nie—

(a) deur iemand in soverre dit streng noodsaaklik is vir die verrigting van sy werksaamhede ten opsigte van sy diens in verband met, of sy eienaarskap van, die betrokke plek;

(b) wanneer deur die Minister gemagtig.

Verrigting van werksaamhede ingevolge hierdie Wet.

5. (1) Die Minister kan op die voorwaardes wat hy met die instemming van die Minister van Finansies bepaal, die persone aanstel wat hy nodig ag om hom by te staan by die verrigting van sy werksaamhede ingevolge hierdie Wet.

(2) 'n Lid van die Suid-Afrikaanse Weermag kan verplig word om werksaamhede ingevolge hierdie Wet te verrig asof hulle werksaamhede is wat hy ingevolge die Verdedigingswet, 1957 (Wet No. 44 van 1957), verplig kan word om te verrig: Met dien verstande dat werksaamhede aldus verrig, geag word ingevolge genoemde Verdedigingswet verrig te gewees het.

(3) Die Minister kan 'n beampte in 'n Staatsdepartement of provinsiale administrasie met die instemming van die Minister of Administrateur wat daardie departement of administrasie administreer, aanwys om die werksaamhede ingevolge hierdie Wet te verrig wat die Minister bepaal.

Aanstelling van komitees en besoldiging van lede.

6. (1) Die Minister kan die komitees aanstel wat hy goedvind om aan hom verslag te doen of om hom van advies te dien of om enige bevoegdheid wat kragtens hierdie Wet aan hom verleen word, uit te oefen, behalwe 'n bevoegdheid wat ingevolge artikel 9 uitgesluit is.

(2) Aan 'n lid van so 'n komitee wat nie 'n beampte soos omskryf in artikel 1 van die Staatsdienswet, 1957 (Wet No. 54 van 1957), is nie, word die vergoeding en toelaes betaal wat die Minister met die instemming van die Minister van Finansies bepaal.

(3) Behoudens die voorskrifte van die Minister, bepaal so 'n komitee sy eie prosedure.

Vrywaring teen verlies of skade.

7. Die Staat of die Minister of 'n persoon in diens van die Staat is nie aanspreeklik vir enige verlies of skade as gevolg van liggaamlike besering, lewensverlies of verlies van of skade aan eiendom, wat veroorsaak word deur of ontstaan uit of in verband met enige handeling gelas, verrig of uitgevoer kragtens hierdie Wet nie.

Bevoegdhede van eienaar van 'n Nasionale Sleutelpunt.

8. Die bepalings van hierdie Wet verhinder nie 'n eienaar van 'n plek of gebied wat tot 'n Nasionale Sleutelpunt verklaar is nie om, benewens enige stappe wat ingevolge hierdie Wet vereis word of gelas is, die maatreëls te tref of te laat tref wat hy nodig ag vir die doeltreffende sekerheid van daardie Sleutelpunt en enige goed wat daarop of daarbinne is.

Delegering van bevoegdhede.

9. Die Minister kan op die voorwaardes wat hy goedvind, iemand skriftelik magtig om namens hom enige van die bevoegdhede, behalwe 'n bevoegdheid bedoel in artikel 5, 6 of 11, uit te oefen wat by hierdie Wet aan hom verleen word.

Misdrywe en strawwe.

10. (1) Iemand wat by, op, in verband met of ten opsigte van 'n Nasionale Sleutelpunt 'n handeling verrig wat, indien daardie handeling 'n misdryf ingevolge die Wet op Amptelike Geheime, 1956 (Wet No. 16 van 1956), sou uitmaak as dit by, op, in verband met of ten opsigte van 'n verbode plek, soos omskryf in artikel 1 van daardie Wet, verrig of uitgevoer sou word, is aan 'n misdryf skuldig en strafbaar met die strawwe wat vir daardie handeling in daardie Wet voorgeskryf word.

(2) Iemand wat—

(a) 'n eienaar hinder, belemmer of dwarsboom by die doen van enige stappe wat ingevolge hierdie Wet vereis word of gelas is met betrekking tot die doeltreffende sekerheid van 'n Nasionale Sleutelpunt;

(b) enige persoon hinder, belemmer of dwarsboom by die doen van enigiets wat ingevolge hierdie Wet gedoen moet word;

(c) op enige wyse hoegenaamd inligting verstrek met betrekking tot die sekerheidsmaatreëls wat by, op of ten opsigte van 'n Nasionale Sleutelpunt van toepassing is of ten opsigte van enige insident wat daar plaasgevind het, sonder dat hy regtens daartoe verplig is of kan word, of sonder dat die bekendmaking of publikasie van genoemde inligting deur of op gesag van die Minister gemagtig is, of behalwe soos streng noodsaaklik mag wees vir die verrigting van sy werksaamhede ten opsigte van sy diens in verband met, of sy eienaarskap van, die betrokke plek of soos nodig mag wees om dit te beskerm,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R10 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie jaar of met daardie boete sowel as daardie gevangenisstraf.

Regulasies.

11. (1) Die Minister kan regulasies uitvaardig aangaande—

(a) die aanstel van wagte deur eienaars van Sleutelpunte;

(b) die bevoegdhede van sodanige wagte ten opsigte van die visenteer van persone, ondersoek van en beslaglegging op artikels in die besit van persone, inhegtenisneming van persone en die aanwending van redelike geweld, met inbegrip van die gebruik van vuurwapens, op persone, in verband met sodanige persone se aanwesigheid op of in die omgewing van Sleutelpunte;

(c) oor die algemeen sodanige wagte se bevoegdhede ten opsigte van die sekerheid van Sleutelpunte;

or in the public interest, he may declare that place or area a National Key Point.

(2) The owner of any place or area so declared a National Key Point shall forthwith be notified by written notice of such declaration.

Duties of owner in relation to Key Point.

3. (1) On receipt of a notice mentioned in section 2 (2), the owner of the National Key Point concerned shall take steps to the satisfaction of the Minister in respect of the security of the said Key Point.

(2) If the said owner fails to take the said steps, the Minister may by written notice order him to take, within a period specified in the notice, such steps in respect of the security of the said Key Point as may be specified in the notice.

(3) If the said owner fails without reasonable cause to take the steps specified in the said notice within the period specified therein, he shall be guilty of an offence and be liable on conviction to a fine not exceeding R20 000 or to imprisonment for a period not exceeding five years or to both such fine and such imprisonment, and in addition the Minister may take or cause to be taken the said steps and recover the cost thereof from that owner.

Furnishing Minister with information.

4. (1) The Minister may with a view to the exercise of a power granted to him by this Act, order any person in writing to furnish him within a specified time with any information at his disposal relating to or in connection with any place or area.

(2) Any person who—

(a) in response to an order referred to in subsection (1) furnishes information which is false or incorrect in any material respect; or

(b) makes known any information furnished in terms of subsection (1) to any person, except for the purposes of this Act or as a witness in a court of law during a prosecution in terms of this Act,

shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R10 000 or to imprisonment for a period not exceeding three years or to both such fine and such imprisonment.

(3) The provisions of subsection (2) shall not prohibit the disclosure of information—

(a) by any person in so far as it is strictly necessary for the performance of his functions in regard to his employment in connection with, or his ownership of, the place concerned;

(b) when authorized by the Minister.

Performance of functions in terms of this Act.

5. (1) The Minister may on such conditions as he may determine with the concurrence of the Minister of Finance, appoint such persons as he may consider necessary to assist him in the performance of his functions in terms of this Act.

(2) Any member of the South African Defence Force may be compelled to perform functions in terms of this Act as if they are functions which he can be compelled to perform in terms of the Defence Act, 1957 (Act No. 44 of 1957): Provided that any functions so performed shall be deemed to have been performed in terms of the said Defence Act.

(3) The Minister may designate any officer of any department of State or provincial administration with the concurrence of the Minister or Administrator administering that department or administration, to perform such functions in terms of this Act as the Minister may determine.

Appointment of committees and remuneration of members.

6. (1) The Minister may appoint such committees as he may deem fit to report to him or to advise him or to exercise any power conferred on him under this Act, except a power excluded in terms of section 9.

University of Fort Hare
Together in Excellence

(2) There shall be paid to any member of any such committee who is not an officer as defined in section 1 of the Public Service Act, 1957 (Act No. 54 of 1957), such remuneration and allowances as the Minister may determine with the concurrence of the Minister of Finance.

(3) Any such committee shall, subject to the directions of the Minister, determine its own procedure.

Indemnity against loss or damage.

7. The State or the Minister or any person in the service of the State shall not be liable for any loss or damage as a result of bodily injury, loss of life or damage to property caused by or arising out of or in connection with any act ordered, performed or executed under this Act.

Powers of owner of a National Key Point.

8. The provisions of this Act shall not prevent any owner of any place or area declared a National Key Point from taking or causing to be taken, in addition to any steps required or ordered in terms of this Act, such measures as he may consider necessary for the efficient security of that Key Point and any goods thereon or therein.

Delegation of powers.

9. The Minister may on such conditions as he may deem fit, in writing empower any person to exercise on his behalf any of the powers conferred on him by this Act, except a power referred to in section 5, 6 or 11.

Offences and penalties.

10. (1) Any person who at, on, in connection with or in respect of any National Key Point performs any act which, if such act would have constituted an offence in terms of the Official Secrets Act, 1956 (Act No. 16 of 1956), if performed or executed at, on, in connection with or in respect of any prohibited place, as defined in section 1 of that Act, shall be guilty of an offence and liable to the penalties prescribed for that act in that Act.

(2) Any person who—

(a) hinders, obstructs or thwarts any owner in taking any steps required or ordered in terms of this Act in relation to the efficient security of any National Key Point;

(b) hinders, obstructs or thwarts any person in doing anything required to be done in terms of this Act;

(c) furnishes in any manner whatsoever any information relating to the security measures applicable at or in respect of any National Key Point or in respect of any incident that occurred there, without being legally obliged or entitled to do so, or without the disclosure or publication of the said information being empowered by or on the authority of the Minister, or except as may be strictly necessary for the performance of his functions in regard to his employment in connection with, or his ownership of, or as may be necessary to protect, the place concerned,

shall be guilty of an offence and on conviction liable to a fine not exceeding R10 000 or to imprisonment for a period not exceeding three years or to both such fine and such imprisonment.

Regulations.

11. (1) The Minister may make regulations as to—

(a) the appointment of guards by owners of Key Points;

(b) the powers of such guards in respect of the searching of persons, examination and seizure of articles in the possession of persons, arrest of persons and the application of reasonable force, including the use of firearms, to persons, in connection with such persons' presence at or in the vicinity of Key Points;

(c) in general, the powers of such guards in respect of the security of Key Points;

(d) geldelike bystand, as daar is, aan 'n eienaar van 'n Nasionale Sleutelpunt met betrekking tot stappe in artikel 3 vermeld, wat deur hom gedoen is;

(e) oor die algemeen enigiets wat volgens sy oordeel nodig is om voor te skryf ten einde die oogmerke van hierdie Wet te bereik.

(2) Regulasies kragtens subartikel (1) uitgevaardig, kan strawwe voorskryf vir die oortreding daarvan of versuim om daaraan te voldoen wat die strawwe in artikel 10 voorgeskryf, nie oorskry nie.

Betreding van plekke en gebiede.

12. Die Minister of iemand deur hom daartoe gemagtig, kan enige plek of gebied betree ten einde enige inligting wat ingevolge artikel 4 verstrek is, te verifieer of om inligting in te win of om enige stappe wat ingevolge hierdie Wet gedoen word of moet word, na te gaan.

Sekere bepalings bind die Staat.

13. Die bepalings van artikels 2, 3 (1), 3 (2) en 12 bind die Staat.

Kort titel.

14. Hierdie Wet heet die Wet op Nasionale Sleutelpunte, 1980.

University of Fort Hare
Together in Excellence

(d) financial aid, if any, for an owner of a National Key Point in relation to steps, mentioned in section 3, taken by him;

(e) in general, anything which in his opinion it is necessary to prescribe so as to achieve the objects of this Act.

(2) Regulations made under subsection (1) may prescribe penalties for any contravention thereof or failure to comply therewith, not exceeding the penalties prescribed in section 10.

Entry upon places and areas.

12. The Minister or any person authorized thereto by him may enter upon any place or area so as to verify any information furnished in terms of section 4 or to gather information or to check any steps being or to be taken in terms of this Act.

Certain provisions bind the State.

13. The provisions of sections 2, 3 (1), 3 (2) and 12 shall bind the State.

Short title.

14. This Act shall be called the National Key Points Act, 1980.

University of Fort Hare
Together in Excellence

7135

University of Fort Hare
Together in Excellence

STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

IN LUMINE TUO IDE BIMUS LUMEN
University of Fort Hare

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer *Registered at the Post Office as a Newspaper*

PRYS + 1c AVB 20c PRICE + 1c GST
BUITELANDS 30c ABROAD
POSVRY · POST FREE

VOL. 181] KAAPSTAD, 25 JULIE 1980 CAPE TOWN, 25 JULY 1980 [No. 7135

KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 1516. 25 Julie 1980.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 104 van 1980: Inkomstebelastingwet, 1980.

OFFICE OF THE PRIME MINISTER

No. 1516. 25 July 1980.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 104 of 1980: Income Tax Act, 1980.

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[ ] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

WET

Tot vasstelling van die skale van normale belasting betaalbaar deur ander persone as maatskappye ten opsigte van belasbare inkomstes vir die jare van aanslag eindigende op 28 Februarie 1981 en 30 Junie 1981, en deur maatskappye ten opsigte van belasbare inkomstes vir jare van aanslag wat eindig gedurende die tydperk van twaalf maande eindigende op 31 Maart 1981; om die Inkomstebelastingwet, 1962, te wysig; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.

(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 8 Julie 1980.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Skale van normale belasting.

1. Die skale van normale belasting wat ooreenkomstig artikel 5 (2) van die Inkomstebelastingwet, 1962 (Wet No. 58 van 1962), hieronder die Hoofwet genoem, gehef moet word ten opsigte van—

(a) die belasbare inkomste van 'n ander persoon as 'n maatskappy vir die jaar van aanslag eindigende op 28 Februarie 1981 of 30 Junie 1981; en

(b) die belasbare inkomste van 'n maatskappy wat volgens 'n vasstelling ingevolge die Hoofwet elders as in die gebied Suidwes-Afrika verkry is vir 'n jaar van aanslag wat eindig gedurende die tydperk van twaalf maande eindigende op 31 Maart 1981,

is soos uiteengesit in die Bylae by hierdie Wet.

Wysiging van artikel 1 van Wet 58 van 1962, soos gewysig deur artikel 3 van Wet 90 van 1962, artikel 1 van Wet 6 van 1963, artikel 4 van Wet 72 van 1963, artikel 4 van Wet 90 van 1964, artikel 5 van Wet 88 van 1965, artikel 5 van Wet 55 van 1966, artikel 5 van Wet 95 van 1967, artikel 5 van Wet 76 van 1968, artikel 6 van Wet 89 van 1969, artikel 6 van Wet 52 van 1970,

2. (1) Artikel 1 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur in die omskrywing van ,,aanslag" die uitdrukking ,,inkomstekorting" deur die uitdrukking ,,korting" te vervang, en die uitdrukking ,,artikel 5A" deur die uitdrukking ,,artikel 6";

(b) deur in paragraaf *(a)* van die omskrywing van ,,afhanklike" die uitdrukking ,,inkomstekorting" deur die uitdrukking ,,korting" te vervang, en die uitdrukking ,,artikel 5A (3) *(a)*" deur die uitdrukking ,,artikel 6 (3) *(a)*";

(c) deur die omskrywing van ,,belasbare bedrag" te skrap;"

(d) deur die omskrywing van ,,belasbare inkomste" deur die volgende omskrywing te vervang:

,,,belasbare inkomste' die oorblywende bedrag na aftrekking van iemand se inkomste van al die bedrae **[(behalwe die som van die bedrae wat ingevolge artikel 5A by wyse van inkomstekortings toegelaat word)]** wat ingevolge Deel 1 van

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

[ ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

_____ Words underlined with solid line indicate insertions in existing enactments.

ACT

To fix the rates of normal tax payable by persons other than companies in respect of taxable incomes for the years of assessment ending on 28 February 1981 and 30 June 1981, and by companies in respect of taxable incomes for years of assessment ending during the period of twelve months ending on 31 March 1981; to amend the Income Tax Act, 1962; and to provide for incidental matters.

(English text signed by the State President.)
(Assented to 8 July 1980.)

University of Fort Hare
Together in Excellence

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Rates of normal tax.

1. The rates of normal tax to be levied in terms of section 5 (2) of the Income Tax Act, 1962 (Act No. 58 of 1962), hereinafter referred to as the principal Act, in respect of—

(a) the taxable income of any person other than a company for the year of assessment ending 28 February 1981 or 30 June 1981; and

(b) the taxable income of any company determined under the principal Act to have been derived elsewhere than in the territory of South West Africa for any year of assessment ending during the period of twelve months ending on 31 March 1981,

shall be as set forth in the Schedule to this Act.

Amendment of section 1 of Act 58 of 1962, as amended by section 3 of Act 90 of 1962, section 1 of Act 6 of 1963, section 4 of Act 72 of 1963, section 4 of Act 90 of 1964, section 5 of Act 88 of 1965, section 5 of Act 55 of 1966, section 5 of Act 95 of 1967, section 5 of

2. (1) Section 1 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution in the definition of "assessment" for the expression "abatements" of the expression "rebates", and for the expression "section 5A" of the expression "section 6";

(b) by the insertion after the definition of "child" of the following definition:

"'Commissioner' means the Commissioner for Inland Revenue;";

(c) by the substitution in paragraph *(a)* of the definition of "dependant" for the expression "an abatement" of the expression "a rebate", and for the expression "section 5A (3) *(a)*" of the expression "section 6 (3) *(a)*";

Wet No. 104, 1980 INKOMSTEBELASTINGWET, 1980

artikel 4 van Wet 88 van 1971, artikel 4 van Wet 90 van 1972, artikel 4 van Wet 65 van 1973, artikel 4 van Wet 85 van 1974, artikel 4 van Wet 69 van 1975, artikel 4 van Wet 103 van 1976, artikel 4 van Wet 113 van 1977, artikel 3 van Wet 101 van 1978 en artikel 3 van Wet 104 van 1979.

Hoofstuk II van of teen daardie inkomste afgetrek of verreken kan word;";

(e) deur in die omskrywing van ,,getroude persoon" die uitdrukking ,,inkomstekorting", waar dit ook al voorkom, deur die uitdrukking ,,korting" te vervang, en die uitdrukking ,,artikel 5A (3) *(a)*" waar dit ook al voorkom, deur die uitdrukking ,,artikel 6 (3) *(a)*";

(f) deur na die omskrywing van ,,kind" die volgende omskrywing in te voeg:

,,'Kommissaris' die Kommissaris van Binnelandse Inkomste;"; en

(g) deur die omskrywing van ,,Sekretaris" te skrap.

(2) Die wysigings deur subartikel 1 *(f)* en *(g)* aangebring, word geag op 1 April 1980 in werking te getree het.

Wysiging van artikel 5 van Wet 58 van 1962, soos vervang deur artikel 2 van Wet 6 van 1963 en gewysig deur artikel 5 van Wet 90 van 1964, artikel 6 van Wet 88 van 1965, artikel 7 van Wet 55 van 1966, artikel 6 van Wet 95 van 1967, artikel 6 van Wet 77 van 1968, artikel 7 van Wet 89 van 1969, artikel 7 van Wet 52 van 1970, artikel 5 van Wet 88 van 1971, artikel 5 van Wet 90 van 1972, artikel 5 van Wet 65 van 1973, artikel 5 van Wet 103 van 1976 en artikel 5 van Wet 113 van 1977.

3. Artikel 5 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur subartikel (1A) te skrap;

(b) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

,,(4) By die toepassing van subartikel (3) word die basiese belasting wat deur 'n belastingpligtige betaalbaar is ten opsigte van 'n in daardie artikel bedoelde jaar van aanslag geag die normale belasting te wees wat deur hom ten opsigte van daardie jaar ingevolge die in daardie subartikel bedoelde Wet betaalbaar is vóór die byvoeging van enige **[toeslag of]** leningsgedeelte **[waarvoor in daardie Wet voorsiening gemaak word]** in genoemde subartikel bedoel en vóór die aftrekking van enige **[korting]** afslag waarvoor in daardie Wet voorsiening gemaak word maar ná die aftrekking van enige korting waarvoor in artikel 6 van hierdie Wet voorsiening gemaak word.";

(c) deur subartikel (10) deur die volgende subartikel te vervang:

,,(10) Waar 'n belastingpligtige se inkomste vir die jaar van aanslag eindigende op 29 Februarie 1972 of 'n daaropvolgende jaar van aanslag spesiale besoldiging insluit, of waar die bepalings van paragraaf 15 (3) of 17 van die Eerste Bylae of paragraaf 7 van die Tweede Bylae of paragraaf 9 van die Sesde Bylae in die geval van die belastingpligtige van toepassing is ten opsigte van bedoelde jaar, word die normale belasting wat deur die belastingpligtige ten opsigte van daardie jaar betaalbaar is (soos vasgestel vóór die aftrekking van enige korting), ooreenkomstig die formule

$$\mathbf{[Y = \frac{A}{(B - C) - D} \times (B - E)]}$$

$$\mathbf{Y = \frac{A}{B - C} \times B}$$

vasgestel, in welke formule—

(a) ,Y' die bedrag aan normale belasting voorstel wat vasgestel moet word;

(b) ,A' die bedrag aan normale belasting voorstel (soos vasgestel ná die byvoeging van enige toeslag maar vóór die aftrekking van enige korting) wat bereken word teen die volle skaal van belasting wat vir bedoelde jaar heffbaar is, ten opsigte van 'n belasbare **[bedrag]** inkomste gelyk aan die bedrag wat deur die uitdrukking **[,(B − C) − D']** ,B − C' in die formule voorgestel word;

(c) ,B' die belastingpligtige se belasbare inkomste vir bedoelde jaar voorstel;

(d) ,C' 'n bedrag voorstel wat gelyk is aan die som van—

(i) die bedrag van enige spesiale besoldiging (soos in subartikel (9) omskryf) wat by die belastingpligtige se inkomste vir bedoelde jaar ingesluit word;

Wet No. 104, 1980 INKOMSTEBELASTINGWET, 1980

artikel 4 van Wet 88 van 1971, artikel 4 van Wet 90 van 1972, artikel 4 van Wet 65 van 1973, artikel 4 van Wet 85 van 1974, artikel 4 van Wet 69 van 1975, artikel 4 van Wet 103 van 1976, artikel 4 van Wet 113 van 1977, artikel 3 van Wet 101 van 1978 en artikel 3 van Wet 104 van 1979.

Hoofstuk II van of teen daardie inkomste afgetrek of verreken kan word;";

(e) deur in die omskrywing van ,,getroude persoon" die uitdrukking ,,inkomstekorting", waar dit ook al voorkom, deur die uitdrukking ,,korting" te vervang, en die uitdrukking ,,artikel 5A (3) *(a)*" waar dit ook al voorkom, deur die uitdrukking ,,artikel 6 (3) *(a)*";

(f) deur na die omskrywing van ,,kind" die volgende omskrywing in te voeg:

,,'Kommissaris' die Kommissaris van Binnelandse Inkomste;"; en

(g) deur die omskrywing van ,,Sekretaris" te skrap.

(2) Die wysigings deur subartikel 1 *(f)* en *(g)* aangebring, word geag op 1 April 1980 in werking te getree het.

Wysiging van artikel 5 van Wet 58 van 1962, soos vervang deur artikel 2 van Wet 6 van 1963 en gewysig deur artikel 5 van Wet 90 van 1964, artikel 6 van Wet 88 van 1965, artikel 7 van Wet 55 van 1966, artikel 6 van Wet 95 van 1967, artikel 6 van Wet 77 van 1968, artikel 7 van Wet 89 van 1969, artikel 7 van Wet 52 van 1970, artikel 5 van Wet 88 van 1971, artikel 5 van Wet 90 van 1972, artikel 5 van Wet 65 van 1973, artikel 5 van Wet 103 van 1976 en artikel 5 van Wet 113 van 1977.

3. Artikel 5 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur subartikel (1A) te skrap;

(b) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

,,(4) By die toepassing van subartikel (3) word die basiese belasting wat deur 'n belastingpligtige betaalbaar is ten opsigte van 'n in daardie artikel bedoelde jaar van aanslag geag die normale belasting te wees wat deur hom ten opsigte van daardie jaar ingevolge die in daardie subartikel bedoelde Wet betaalbaar is vóór die byvoeging van enige **[toeslag of]** leningsgedeelte **[waarvoor in daardie Wet voorsiening gemaak word]** in genoemde subartikel bedoel en vóór die aftrekking van enige **[korting]** afslag waarvoor in daardie Wet voorsiening gemaak word maar ná die aftrekking van enige korting waarvoor in artikel 6 van hierdie Wet voorsiening gemaak word.";

(c) deur subartikel (10) deur die volgende subartikel te vervang:

,,(10) Waar 'n belastingpligtige se inkomste vir die jaar van aanslag eindigende op 29 Februarie 1972 of 'n daaropvolgende jaar van aanslag spesiale besoldiging insluit, of waar die bepalings van paragraaf 15 (3) of 17 van die Eerste Bylae of paragraaf 7 van die Tweede Bylae of paragraaf 9 van die Sesde Bylae in die geval van die belastingpligtige van toepassing is ten opsigte van bedoelde jaar, word die normale belasting wat deur die belastingpligtige ten opsigte van daardie jaar betaalbaar is (soos vasgestel vóór die aftrekking van enige korting), ooreenkomstig die formule

$$\mathbf{[Y = \frac{A}{(B - C) - D} \times (B - E)]}$$

$$\mathbf{Y = \frac{A}{B - C} \times B}$$

vasgestel, in welke formule—

(a) ,Y' die bedrag aan normale belasting voorstel wat vasgestel moet word;

(b) ,A' die bedrag aan normale belasting voorstel (soos vasgestel ná die byvoeging van enige toeslag maar vóór die aftrekking van enige korting) wat bereken word teen die volle skaal van belasting wat vir bedoelde jaar heffbaar is, ten opsigte van 'n belasbare **[bedrag]** inkomste gelyk aan die bedrag wat deur die uitdrukking **[,(B − C) − D']** ,B − C' in die formule voorgestel word;

(c) ,B' die belastingpligtige se belasbare inkomste vir bedoelde jaar voorstel;

(d) ,C' 'n bedrag voorstel wat gelyk is aan die som van—

(i) die bedrag van enige spesiale besoldiging (soos in subartikel (9) omskryf) wat by die belastingpligtige se inkomste vir bedoelde jaar ingesluit word;

(d) by the substitution in the definition of "married person" for the expression "abatement", wherever it occurs, of the expresion "rebate", and for the expression "section 5A (3) *(a)*", wherever it occurs, of the expression "section 6 (3) *(a)*"; Act 76 of 1968, section 6 of Act 89 of 1969, section 6 of Act 52 of 1970, section 4 of Act 88 of 1971, section 4 of Act 90 of 1972, section 4 of Act 65 of 1973, section 4 of Act 85 of 1974, section 4 of Act 69 of 1975, section 4 of Act 103 of 1976, section 4 of Act 113 of 1977, section 3 of Act 101 of 1978 and section 3 of Act 104 of 1979.

(e) by the deletion of the definition of "Secretary";

(f) by the deletion of the definition of "taxable amount"; and

(g) by the substitution for the definition of "taxable income" of the following definition:

"'taxable income' means the amount remaining after deducting from the income of any person all the amounts **[(other than the sum of any amounts allowed by way of abatements under section 5A)]** allowed under Part I of Chapter II to be deducted from or set off against such income;".

(2) The amendments effected by subsection (1) *(b)* and *(e)* shall be deemed to have taken effect on 1 April 1980.

Amendment of section 5 of Act 58 of 1962, as substituted by section 2 of Act 6 of 1963 and amended by section 5 of Act 90 of 1964, section 6 of Act 88 of 1965, section 7 of Act 55 of 1966, section 6 of Act 95 of 1967, section 6 of Act 77 of 1968, section 7 of Act 89 of 1969, section 7 of Act 52 of 1970, section 5 of Act 88 of 1971, section 5 of Act 90 of 1972, section 5 of Act 65 of 1973, section 5 of Ant 103 of 1976 and section 5 of Act 113 of 1977.

3. Section 5 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the deletion of subsection (1A);

(b) by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"(4) For the purposes of subsection (3) the basic tax payable by any taxpayer in respect of any year of assessment referred to in that subsection shall be deemed to be the normal tax payable by him for such year in terms of the Act referred to in the said subsection before the addition of any **[surcharge or]** loan portion **[provided for in that Act]** contemplated in the said subsection and before the deduction of any **[rebate]** discount provided for in the said Act but after the deduction of any rebate provided for in section 6 of this Act.";

(c) by the substitution for subsection (10) of the following subsection:

"(10) Where any taxpayer's income for the year of assessment ending on 29 February 1972, or any succeeding year of assessment, includes any special remuneration, or where the provisions of paragraph 15 (3) or 17 of the First Schedule or paragraph 7 of the Second Schedule or paragraph 9 of the Sixth Schedule are applicable in the case of the taxpayer in respect of such year, the normal tax payable by the taxpayer in respect of such year (as determined before the deduction of any rebate) shall be determined in accordance with the formula—

$$\mathbf{[Y = \frac{A}{(B - C) - D} \times (B - E)]}$$

$$\underline{Y = \frac{A}{B - C} \times B}$$

in which formula—

(a) 'Y' represents the amount of normal tax to be determined;

(b) 'A' represents the amount of normal tax (as determined after the addition of any surcharge but before the deduction of any rebate) calculated at the full rate of tax chargeable for the said year in respect of a taxable **[amount]** income equal to the amount represented by the expression **['(B – C) – D']** 'B – C' in the formula;

(c) 'B' represents the taxpayer's taxable income for the said year;

(d) 'C' represents an amount equal to the sum of—

(i) the amount of any special remuneration (as defined in subsection (9)) which is included in the taxpayer's income for the said year;

(ii) waar die bepalings van paragraaf 15 (3) van die Eerste Bylae in die geval van die belastingpligtige ten opsigte van bedoelde jaar van toepassing is, 'n bedrag wat ooreenkomstig daardie bepalings vasgestel word as die bedrag (as daar is) waarmee die belasbare inkomste deur hom in bedoelde jaar uit die vandiehandsetting van plantasies en bosprodukte verkry, die jaarlikse gemiddelde belasbare inkomste deur hom uit daardie bron verkry gedurende die drie jare van aanslag wat bedoelde jaar onmiddellik voorafgaan, te bowe gaan;

(iii) waar die bepalings van paragraaf 17 van die Eerste Bylae in die geval van die belastingpligtige van toepassing is ten opsigte van bedoelde jaar, 'n bedrag gelyk aan soveel van die belasbare inkomste van die belastingpligtige vir bedoelde jaar as wat, tot bevrediging van die Kommissaris bewys word, uit die vandiehandsetting van suikerriet as gevolg van brand in sy suikerrietplantasies verkry is, en, indien die brand nie onstaan het nie, nie in bedoelde jaar deur hom verkry sou gewees het nie;

(iv) waar die bepalings van paragraaf 7 van die Tweede Bylae in die geval van die belastingpligtige van toepassing is ten opsigte van bedoelde jaar, 'n bedrag wat ingevolge die bepalings van bedoelde Bylae vasgestel is en by sy inkomste vir bedoelde jaar ingesluit is; en

(v) waar die bepalings van paragraaf 9 van die Sesde Bylae in die geval van die belastingpligtige van toepassing is ten opsigte van bedoelde jaar, die bedrag (as daar is) waarmee die in daardie paragraaf bedoelde wins meer is as 'n bedrag wat verkry word deur die wins te deel deur die getal volle jare in die tydperk gereken van die aanvangsdatum van die betrokke versekeringspolis (soos in die omskrywing van ‚aanvangsdatum' in paragraaf 1 van bedoelde Bylae beoog) of 30 Maart 1972, of die datum waarop die eienaar van die polis die eienaar daarvan (soos in die omskrywing van ‚eienaar' in paragraaf 1 van bedoelde Bylae beoog) geword het, watter datum ook al die laatste is, tot die datum van die ontvangs of toevalling (soos volgens voorskrif van bedoelde Bylae vasgestel) van die versekeringsvoordeel of die vergoeding ten opsigte waarvan bedoelde wins vasgestel word:

[*(e)* ‚D' die som voorstel wat ingevolge artikel 5A by wyse van inkomstekortings teen die belastingpligtige se belasbare inkomste vir bedoelde jaar toelaatbaar sou wees indien bedoelde belasbare inkomste 'n bedrag was wat gelyk is aan die bedrag wat deur die uitdrukking ‚(B − C)' in die formule voorgestel word;

***(f)* ‚E' die som voorstel wat in werklikheid aan die belastingpligtige ingevolge artikel 5A by wyse van inkomstekortings teen sy belasbare inkomste vir bedoelde jaar toegelaat is]**

Met dien verstande dat **[die bedrag wat deur die uitdrukking ‚(B − C) − D' in die formule voorgestel word in geen geval op 'n bedrag van minder as een rand vasgestel word nie]** die bedrag van hefbare normale belasting in geen geval minder is nie as die bedrag van normale belasting wat hefbaar sou wees

(ii) where the provisions of paragraph 15 (3) of the First Schedule are in the case of the taxpayer applicable in respect of the said year, an amount determined in accordance with those provisions as being the amount, if any, by which the taxable income derived by the taxpayer during the said year from the disposal of plantations and forest produce exceeds the annual average taxable income derived by him from that source over the three years of assessment immediately preceding the said year;

(iii) where the provisions of paragraph 17 of the First Schedule are in the case of the taxpayer applicable in respect of the said year, an amount equal to so much of the taxable income of the taxpayer for such year as is proved to the satisfaction of the Commissioner to have been derived from the disposal of sugar cane as a result of fire in his cane fields and but for such fire would not have been derived by him in that year;

(iv) where the provisions of paragraph 7 of the Second Schedule are in the case of the taxpayer applicable in respect of the said year, any amount determined in accordance with the provisions of that Schedule and included in his income for the said year; and

(v) where the provisions of paragraph 9 of the Sixth Schedule are in the case of the taxpayer applicable in respect of the said year, the amount (if any) by which the gain referred to in that paragraph exceeds an amount obtained by dividing the gain by the number of full years in the period reckoned from the commencement date of the insurance policy in question (as contemplated in the definition of 'commencement date' in paragraph 1 of the said Schedule) or 30 March 1972, or the date on which the owner of the policy became the owner thereof (as contemplated in the definition of 'owner' in paragraph 1 of the said Schedule), whichever date is the latest, to the date of the receipt or accrual (as determined in accordance with the said Schedule) of the insurance benefit or the consideration in respect of which the said gain is determined:

[(e) 'D' represents the sum which would be allowable under section 5A by way of abatements against the taxpayer's taxable income for such year if such taxable income were an amount equal to the amount represented by the expression '(B − C)' in the formula;

(f) 'E' represents the sum in fact allowed to the taxpayer under section 5A by way of abatements against his taxable income for the said year]

Provided that **[the amount represented by the expression '(B − C) − D' in the formula shall in no case be determined at an amount of less than one rand]** in no case shall the amount of normal tax chargeable be less than the amount of normal tax which would be chargeable at the relevant rate fixed in terms of

teen die betrokke skaal ingevolge subartikel (2) vasgestel ten opsigte van die eerste rand van belasbare inkomste, en die bepalings van hierdie artikel nie so uitgelê word dat iemand van aanspreeklikheid vir belasting ingevolge hierdie Wet op enige gedeelte van sy belasbare inkomste onthef word nie: Met dien verstande voorts dat die voorgaande bepalings van hierdie subartikel nie van toepassing is nie indien die normale belasting wat in die geval van die belastingpligtige ten opsigte van bedoelde jaar van aanslag hefbaar is, ingevolge die bepalings van paragraaf 19 van die Eerste Bylae vasgestel is.".

Herroeping van artikel 5A van Wet 58 van 1962, soos ingevoeg deur artikel 6 van Wet 88 van 1971 en gewysig deur artikel 5 van Wet 85 van 1974, artikel 5 van Wet 69 van 1975, artikel 6 van Wet 113 van 1977 en artikel 5 van Wet 104 van 1979.

4. Artikel 5A van die Hoofwet word hierby herroep.

Invoeging van artikel 6 in Wet 58 van 1962.

5. Die volgende artikel word hierby in die Hoofwet na artikel 5 ingevoeg:

,,Kortings op normale belasting

6. (1) Daar word van die normale belasting betaalbaar deur 'n persoon (behalwe 'n maatskappy) 'n bedrag afgetrek wat gelyk is aan die som van die bedrae wat ingevolge subartikels (2) en (3) by wyse van kortings aan die belastingpligtige toegelaat word.

(2) In die geval van 'n ander persoon as 'n maatskappy word, behoudens die bepalings van subartikel (4), daar by wyse van 'n primêre korting toegelaat—

(a) 'n bedrag van R200, indien bedoelde persoon 'n getroude persoon is; of

(b) 'n bedrag van R120, indien bedoelde persoon nie 'n getroude persoon is nie.

(3) In die geval van 'n natuurlike persoon, word, behoudens die bepalings van subartikel (4), die volgende bedrae, waar hulle van toepassing is, by wyse van sekondêre kortings toegelaat, te wete—

(a) 'n bedrag van R100 ten opsigte van elke kind of stiefkind van die belastingpligtige wat gedurende enige gedeelte van die jaar van aanslag in lewe was, en wat—

(i) op die laaste dag van die jaar van aanslag ongetroud was en nie bo die leeftyd van agtien jaar, of, as hy geheel en al of gedeeltelik van die belastingpligtige vir sy onderhoud afhanklik was en nie vir die betaling van normale belasting ten opsigte van bedoelde jaar aanspreeklik geword het nie, bo die ouderdom van een-en-twintig jaar, of, as hy geheel en al of gedeeltelik van die belastingpligtige vir sy onderhoud afhanklik was en nie vir die betaling van normale belasting ten opsigte van bedoelde jaar aanspreeklik geword het nie en die Kommissaris oortuig is dat hy 'n voltydse student aan 'n opvoedkundige inrigting van 'n openbare aard was, bo die ouderdom van ses-en-twintig jaar was of sou gewees het as hy die lewe behou het nie; of

subsection (2) in respect of the first rand of taxable income, and nothing in this section contained shall be construed as relieving any person from liability for taxation under this Act upon any portion of his taxable income: Provided further that the preceding provisions of this subsection shall not apply if the normal tax chargeable in the case of the taxpayer in respect of the said year has been determined under the provisions of paragraph 19 of the First Schedule.".

4. Section 5A of the principal Act is hereby repealed. Repeal of section 5A of Act 58 of 1962, as inserted by section 6 of Act 88 of 1971 and amended by section 5 of Act 85 of 1974, section 5 of Act 69 of 1975, section 6 of Act 113 of 1977 and section 5 of Act 104 of 1979.

5. The following section is hereby inserted in the principal Act after section 5: Insertion of section 6 in Act 58 of 1962.

University of Fort Hare

"Normal tax rebates.

6. (1) There shall be deducted from the normal tax payable by any person other than a company an amount equal to the sum of the amounts allowed to the taxpayer by way of rebates under subsections (2) and (3).

(2) In the case of a person other than a company there shall, subject to the provisions of subsection (4), be allowed by way of a primary rebate—

(a) an amount of R200, if such person is a married person; or

(b) an amount of R120, if such person is not a married person.

(3) In the case of a natural person, the following amounts, where applicable, shall, subject to the provisions of subsection (4), be allowed by way of secondary rebates, namely—

(a) an amount of R100 in respect of each child or stepchild of the taxpayer who was alive during any portion of the year of assessment, and who—

(i) on the last day of the year of assessment was unmarried and was not or would not had he lived have been over the age of eighteen years, or, if he was wholly or partially dependent for his maintenance upon the taxpayer and has not become liable for the payment of normal tax in respect of such year, over the age of twenty-one years, or, if he was wholly or partially dependent for his maintenance upon the taxpayer and has not become liable for the payment of normal tax in respect of such year and the Commissioner is satisfied that he was a full-time student at an educational institution of a public character, over the age of twenty-six years; or

(ii) in die geval van 'n ander kind of stiefkind, weens liggaams- of geestesgebrek nie in staat was om homself te onderhou nie en geheel en al of gedeeltelik van die belastingpligtige vir sy onderhoud afhanklik was en nie vir die betaling van normale belasting ten opsigte van die jaar van aanslag aanspreeklik geword het nie:

Met dien verstande dat—

(e) on each rand of the taxable income of any company, the sole or principal business of which in the Republic is or has been mining for gold and the determination of the taxable income of which for the period assessed does not result in an assessed loss, which the Commissioner determines to be attributable to the inclusion in its gross income of any amount referred to in paragraph *(j)* of the definition of "gross income" in section 1 of the principal Act, a rate equal to the average rate of normal tax or thirty-five cents, whichever is higher: Provided that for the purposes of this subparagraph, the average rate of normal tax shall be determined by dividing the total normal tax (excluding the tax determined in accordance with this subparagraph for the period assessed) paid by the company in respect of its aggregate taxable income from gold mining for the period from 1 July 1916 to the end of the period assessed, by the number of rands contained in the said aggregate taxable income;

(f) on each rand of the taxable income derived by any company from mining for diamonds, forty-five cents: Provided that there shall be added to the amount of tax calculated in accordance with the preceding provisions of this subparagraph a surcharge equal to five per cent of such amount;

(g) on each rand of the taxable income derived by any company from mining operations (other than mining for gold or diamonds), forty cents: Provided that there shall be added to the amount of tax calculated in accordance with the preceding provisions of this subparagraph a surcharge equal to five per cent of such amount.

2. (1) For the purposes of paragraph 1 income derived from mining for gold shall include any income derived from silver, osmiridium, uranium, pyrites or other minerals which may be won in the course of the mining for gold, and any income which, in the opinion of the Commissioner, results directly from mining for gold.

(2) The tax payable in accordance with any of the subparagraphs of paragraph 1 shall be payable in addition to the tax determined in accordance with any other of the said subparagraphs.

3. In this Schedule, unless the context otherwise indicates, any word or expression to which a meaning has been assigned in the principal Act, bears the meaning so assigned thereto.

University of Fort Hare
Together in Excellence

7136
University of Fort Hare
Together in Excellence

STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE

REGULASIEKOERANT No. 3036 — As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

PRYS + 1c AVB 20c PRICE + 1c GST
BUITELANDS 30c ABROAD
POSVRY · POST FREE

REGULATION GAZETTE No. 3036 — Registered at the Post Office as a Newspaper

Vol. 181] PRETORIA, 25 JULIE JULY 1980 [No. 7136

GOEWERMENTSKENNISGEWING

DEPARTEMENT VAN MANNEKRAG-BENUTTING

No. R. 1495 25 Julie 1980

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

MOTORNYWERHEID.—MISA-PENSIOEN-FONDSOOREENKOMS

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Mannekragbenutting, verklaar hierby, kragtens artikel 48 (1) (a) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, dat die bepalings van die Ooreenkoms wat in die Bylae hiervan verskyn en op die Motornywerheid betrekking het, met ingang van 28 Julie 1980 en vir die tydperk wat op 31 Julie 1985 eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasies en die vakvereniging wat genoemde Ooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van genoemde organisasies of vereniging is.

S. P. BOTHA, Minister van Mannekragbenutting.

BYLAE

DIE NASIONALE NYWERHEIDSRAAD VIR DIE MOTORNYWERHEID

MISA-PENSIOENFONDSOORFENKOMS

OOREENKOMS

ingevolge die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, gesluit deur en aangegaan tussen die

South African Motor Industry Employers' Association

en die

South African Vehicle Builders' and Repairers' Association

(hierna die "werkgewers" of die "werkgewersorganisasies" genoem), aan die een kant, en die

Motor Industry Staff Association

(hierna die "werknemers" of die "vakvereniging" genoem), aan die ander kant,

wat die partye is by die Nasionale Nywerheidsraad vir die Motornywerheid.

KLOUSULE 1.—GELDIGHEIDSDUUR VAN OOREENKOMS

Hierdie Ooreenkoms tree in werking op dié datum wat die Minister van Mannekragbenutting kragtens artikel 48 (1) van die Wet vasstel, en bly van krag vir die tydperk eindigende 31 Julie 1985 of vir dié tydperk wat die Minister bepaal.

GOVERNMENT NOTICE

DEPARTMENT OF MANPOWER UTILISATION

No. R. 1495 25 July 1980

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

MOTOR INDUSTRY.—MISA PENSION FUND AGREEMENT

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Manpower Utilisation, hereby, in terms of section 48 (1) (a) of the Industrial Conciliation Act, 1956, declare that the provisions of the Agreement which appears in the Schedule hereto and which relates to the Motor Industry, shall be binding, with effect from 28 July 1980 and for the period ending 31 July 1985, upon the employers' organisations and the trade union which entered into the said Agreement and upon the employers and employees who are members of the said organisations or union.

S. P. BOTHA, Minister of Manpower Utilisation.

SCHEDULE

THE NATIONAL INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE MOTOR INDUSTRY

MISA PENSION FUND AGREEMENT

AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1956, made and entered into by and between the

South African Motor Industry Employers' Association

and the

South African Vehicle Builders' and Repairers' Association

(hereinafter referred to as "the employers" or "employers' organisations"), of the one part and the

Motor Industry Staff Association

(hereinafter referred to as the "employees" or the "trade union"), of the other part,

being parties to the National Industrial Council for the Motor Industry.

CLAUSE 1.—PERIOD OF OPERATION OF AGREEMENT

This Agreement shall come into operation on such date as may be fixed by the Minister of Manpower Utilisation in terms of section 48 (1) of the Act, and shall remain in force for the period ending 31 July 1985 or for such period as may be determined by the Minister.

KLOUSULE 2.—TOEPASSINGSBESTEK VAN OOREENKOMS

(1) Behoudens die uitsonderings in subklousule (2) van hierdie klousule en in klousule 5 vermeld, is die bepalings van hierdie Ooreenkoms in die streke hierin omskryf, bindend vir alle werkgewers in die Motornywerheid wat lede van die werkgewersorganisasies is, uitgesonderd daardie werkgewers wat—

(a) ingevolge Hoofstuk II van die Hoofooreenkoms vir die Motornywerheid, gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 1495 van 25 Julie 1980, as voertuigbakbouers geregistreer is, en/of

(b) ingevolge Hoofstuk III van genoemde Hoofooreenkoms as vervaardigers geregistreer is;

en vir alle manlike klerke onder die ouderdom van 65 jaar en vroulike klerke onder die ouderdom van 60 jaar wat lede van die vakvereniging is en nie in diens is nie by die werkgewers wat in paragrawe (a) en (b) van hierdie subklousule bedoel word.

(2) 'n Werkgewer wat op 1 September 1965 'n pensioenskema wat sy klerke dek, in werking gehad het en voortgaan om die pensioenskema in werking te hou en daarin deel te neem, is nie, behoudens die uitsonderings in subklousule (3) van hierdie klousule vermeld, aan hierdie Ooreenkoms onderworpe wat betref sy werknemers wat aan so 'n pensioenskema deelneem nie.

(3) Die uitsondering in subklousule (2) van hierdie klousule vervat, is nie van toepassing nie—

(a) as 'n werkgewer se pensioenskema gewysig word op 'n wyse wat, of vervang word deur 'n ander pensioenskema wat minder gunstige pensioenvoordele vir sy klerke meebring as dié verskaf deur die skema wat op 1 September 1965 bestaan het;

(b) op werknemers wat 'n proeftydperk moet voltooi voordat hulle vir lidmaatskap van die werkgewer se skema in aanmerking kom—

(i) in alle gevalle, ten opsigte van enige tydperk wat die proeftydperk langer as 12 maande is;

(ii) in die geval van werknemers wat lede is van die Misa-pensioenfonds wat gestig is ingevolge die Ooreenkoms gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 1253 van 27 Augustus 1965, van die tyd wat hulle by die werkgewer in diens tree totdat die proeftydperk voltooi is.

KLOUSULE 3.—WOORDOMSKRYWING

"Wet" beteken die Wet op Nywerheidsversoening, 1956.

"Klerk" beteken 'n persoon wat in die Motornywerheid in diens is en 'n geldige lidmaatskapkaart besit wat deur die Motor Industry Staff Association uitgereik is.

"Die Maatskappy" beteken die Motor Industry Fund Administrators (Pty) Ltd of die Direksie van daardie Maatskappy wat tydelik namens die Maatskappy optree.

"Raad" beteken die Nasionale Nywerheidsraad vir die Motornywerheid, geregistreer ingevolge artikel 19 van die Wet.

"Bedryfsinrigting" beteken 'n perseel of gedeelte daarvan waarin of waarvandaan die Nywerheid of 'n gedeelte daarvan beoefen word.

"Fonds" beteken die Misa-pensioenfonds.

"Motornywerheid" of "die Nywerheid" beteken die Motornywerheid soos omskryf in klousule 3 van die Ooreenkoms gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 1495 van 25 Julie 1980.

"Proeftydperk" beteken die dienstydperk wat 'n werknemer moet voltooi voordat hy vir lidmaatskap van 'n pensioenskema in aanmerking kom.

"Streek BR" beteken die landdrosdistrikte Albert, Aliwal-Noord, Barkly-Oos, Cathcart, Elliot, Fort Beaufort, Indwe, King William's Town, Komga, Lady Grey, Molteno, Oos-Londen, Queenstown, Sterkstroom, Stockenström, Stutterheim, Tarka en Wodehouse.

"Streek EP" beteken die landdrosdistrikte Aberdeen, Adelaide, Albany, Alexandria, Bathurst, Bedford, Calitzdorp, Cradock, Colesberg, George, Graaff-Reinet, Hankey, Hanover, Hofmeyr, Humansdorp, Jansenville, Joubertina, Kirkwood, Knysna, Maraisburg, Middelburg (K.P.), Mosselbaai, Murraysburg, Noupoort, Oudtshoorn, Pearston, Port Elizabeth, Richmond (K.P.), Steynsburg, Steytlerville, Somerset-Oos, Uitenhage, Uniondale, Venterstad en Willowmore.

"Streek NC" beteken die landdrosdistrikte Barkly-Wes, Britstown, De Aar, Gordonia, Hartswater, Hay, Herbert, Hopetown, Kenhardt, Kimberley, Kuruman, Mafeking, Philipstown, Postmasburg, Prieska, Vryburg en Warrenton.

"Streek NL" beteken die provinsie Natal en die landdrosdistrik Mount Currie.

CLAUSE 2.—SCOPE OF APPLICATION OF AGREEMENT

(1) Subject to the exclusions referred to in subclause (2) of this clause and in clause 5, the terms of this Agreement shall be binding in the regions defined herein upon all employers in the Motor Industry who are members of the employers' organisations other than those employers who—

(a) are registered as vehicle body builders in terms of the provisions of Chapter II of the Main Agreement for the Motor Industry published under Government Notice R. 1495 of 25 July 1980; and/or

(b) are registered as manufacturers in terms of the provisions of Chapter III of the said Main Agreement;

and upon all male clerical employees under 65 years of age and female clerical employees under 60 years of age who are members of the trade union and who are not employed by the employers referred to in paragraph (a) and (b) of this subclause.

(2) An employer who had in operation on 1 September 1965 and continues to operate and participate in a pension scheme which covers his clerical employees shall not, in respect of those of his employees who are participants in such pension scheme and, subject to the exceptions detailed in subclause (3) of this clause, be subject to the provisions of this Agreement.

(3) The exclusion contained in subclause (2) of this clause shall not apply—

(a) if an employer's pension scheme is amended in a manner which, or is substituted by another pension scheme which results in less favourable pension benefits to his clerical employees than those provided by the scheme which was in existence on 1 September, 1965;

(b) in respect of employees who must complete a period of probation before they become elegible for membership of the employer's scheme—

(i) in all cases, in respect of any period by which the probationary period exceeds 12 months; and

(ii) in the case of employees who are members of the Misa Pension Fund established in terms of the Agreement published under Government Notice R. 1253 of 27 August 1965 at the time they join the employer's service, until the period of probation has been completed.

CLAUSE 3.—DEFINITIONS

"Act" means the Industrial Conciliation Act, 1956.

"Clerical employee" means a person employed in the Motor Industry and validly possessing a membership card issued by The Motor Industry Staff Association.

"The Company" means the Motor Industry Fund Administrators (Pty) Ltd, or the Board of Directors of that Company for the time being acting on behalf of the Company.

"Council" means the National Industrial Council for the Motor Industry registered in terms of section 19 of the Act.

"Establishment" means any premises or part thereof, wherein or wherefrom the Industry or any part thereof, is carried on.

"Fund" means the Misa Pension Fund.

"Motor Industry" or "the Industry" means the Motor Industry as defined in clause 3 of the Agreement published under Government Notice R. 1495 of 25 July 1980.

"Probation" means the period of service which an employee must complete before becoming elegible for membership of a pension scheme.

"Region BR" means the Magisterial Districts of Albert, Aliwal North, Barkly East, Cathcart, East London, Elliot, Fort Beaufort, Indwe, King William's Town, Komga, Lady Grey, Molteno, Queenstown, Sterkstroom, Stockenström, Stutterheim, Tarka and Wodehouse.

"Region EP" means the Magisterial Districts of Aberdeen Adelaide, Albany, Alexandria, Bathurst, Bedford, Calitzdorp, Cradock, Colesberg, George, Graaff-Reinet, Hankey, Hanover, Hofmeyr, Humansdorp, Jansenville, Joubertina, Kirkwood, Knysna, Maraisburg, Middelburg (C.P.), Mossel Bay, Murraysburg, Noupoort, Oudtshoorn, Pearston, Port Elizabeth, Richmond (C.P.), Steynsburg, Steytlerville, Somerset East, Uitenhage, Uniondale, Venterstad and Willowmore.

"Region NC" means the Magisterial Districts of Barkly West, Britstown, De Aar, Gordonia, Hartswater, Hay, Herbert, Hopetown, Kenhardt, Kimberley, Kuruman, Mafeking, Philipstown, Postmasburg, Prieska, Vryburg and Warrenton.

"Region NL" means the Province of Natal and the Magisterial District of Mount Currie;

"Streek OVS" beteken die provinsie die Oranje-Vrystaat.

"Streek TVL" beteken die provinsie Transvaal.

"Streek WP" beteken die landdrosdikstrikte Beaufort-Wes, Bellville, Bredasdorp, Caledon, Calvinia, Carnarvon, Ceres, Clanwilliam, Die Kaap, Fraserburg, Goodwood, Heidelberg (K.P.), Hermanus, Hopefield, Kuilsrivier, Ladismith, Laingsburg, Malmesbury, Montagu, Namakwaland, Paarl, Piketberg, Prins Albert, Riversdal, Robertson, Simonstad, Somerset-Wes (uitgesonderd die gebied wat deur die Cape Explosives Works Ltd, Somerset-Wes, beslaan word), Stellenbosch, Strand, Sutherland, Swellendam, Tulbagh, Vanrhynsdorp, Victoria-Wes, Vredenburg, Vredendal, Wellington, Williston, Worcester en Wynberg.

"Streekraad" beteken 'n komitee wat as sodanig deur die Raad ingevolge die bepalings van sy konstitusie vir 'n streek soos hierin omskryf, aangestel is.

"Week" beteken 'n tydperk van sewe agtereenvolgende dae wat om middernag op 'n Sondag begin.

KLOUSULE 4.—VOORTSETTING EN DOEL VAN DIE FONDS

(1) Die Misa-pensioenfonds (hierna die "Fonds" genoem), gestig ingevolge die Ooreenkoms gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 1253 van 27 Augustus 1965, word hierby voortgesit.

KLOUSULE 5.—LIDMAATSKAP

(1) Behoudens klousule 2 en subklousule (4) van hierdie klousule, is lidmaatskap van die Fonds verpligtend vir die volgende klerke:

(a) Elke man onder die ouderdom van 65 jaar: Met dien verstande dat 'n man wat 55 jaar oud of ouer is wanneer hy 'n klerk ooreenkomstig hierdie Ooreenkoms word, vrystelling kan eis deur skriftelik by die betrokke streekraad daarom aansoek te doen;

(b) elke vrou onder die ouderdom van 60 jaar namens wie en met wie se goedkeuring haar werkgewer by die Fonds om lidmaatskap aansoek doen.

(2) Elke klerk vir wie lidmaatskap van die Fonds ingevolge hierdie klousule verpligtend is, moet, as hy dit nie reeds ingevolge 'n vorige Ooreenkoms gedoen het nie, Deel I van die vorm voorgeskryf in Aanhangsel A van hierdie Ooreenkoms invul en binne een maand na die datum van inwerkingtreding van hierdie Ooreenkoms of na die datum waarop die werknemer in die Motornywerheid in diens tree, sodanige ingevulde vorm indien by die Sekretaris van die Streekraad vir die streek waarin so 'n klerk in diens is: Met dien verstande dat Deel II van die vorm vir alle vroulike klerke deur die werkgewer ingevul moet word.

(3) Elke klerk in subklousule (1) van hierdie klousule bedoel, moet, as die Raad, Fonds of Sekretaris van die Streekraad dit vereis, die bewyse en inligting (dokumentêr of andersins) voorlê wat nodig is vir doeleindes van die werknemer se lidmaatskap van die Fonds of vir betaling of vasstelling van bystand op grond van sodanige lidmaatskap.

(4) 'n Lid van die Fonds wat in 'n bedryfsinrigting in diens tree waar 'n pensioenskema in werking is soos in klousule 2 (2) bedoel, kan vanaf die tyd wanneer daar van hom vereis word om tot so 'n skema by te dra, kies om—

(a) 'n uitgestelde pensioen te ontvang wat gebaseer is op die getal bydraes wat namens hom aan die Fonds betaal is; of

(b) as lid van die Fonds bedank; of

(c) voortgaan om tot die Fonds by te dra, en dan is hy persoonlik verantwoordelik vir die gesamentlike bydraes van werkgewer en werknemer soos in klousule 6 voorgeskryf.

As die werkgewer egter in bogenoemde omstandighede kies om namens so 'n lid tot die Fonds by te dra, is al die bepalings van hierdie Ooreenkoms bindend vir sowel die werkgewer as die werknemer ten opsigte van sy lidmaatskap.

(5) Lidmaatskap van die Fonds word beëindig indien en wanneer 'n bydraer—

(a) die Motornywerheid verlaat; of

(b) ophou om 'n klerk te wees soos in hierdie Ooreenkoms omskryf; of

(c) kragtens klousule 5 (4) (b) van hierdie Ooreenkoms bedank; of

(d) pensioenbystand deur die Fonds verleen word.

"Region OFS" means the Province of the Orange Free State.

"Region TVL" means the Province of the Transvaal.

"Region WP" means the Magisterial Districts of Beaufort West, Bellville, Bredasdorp, Caledon, Calvinia, Carnarvon, Ceres, Clanwilliam, Fraserburg, Goodwood, Heidelberg (C.P.), Hermanus, Hopefield, Kuils River, Ladismith, Laingsburg, Malmesbury, Montagu, Namaqualand, Paarl, Piketberg, Prince Albert, Riversdale, Robertson, Simonstown, Somerset West (excluding the area occupied by the Cape Explosives Works Limited, Somerset West), Stellenbosch, Strand, Sutherland, Swellendam, The Cape, Tulbagh, Vanrhynsdorp, Victoria West, Vredenburg, Vredendal, Wellington, Williston, Worcester and Wynberg.

"Regional Council" means a committee appointed as such by the Council in terms of its Constitution for any Region herein defined.

"Week" means a period of seven consecutive days commencing at midnight on a Sunday.

CLAUSE 4.—CONTINUATION AND OBJECT OF THE FUND

(1) The Misa Pension Fund (hereinafter referred to as the "Fund"), established in terms of the Agreement published under Government Notice R. 1253 of 27 August 1965, is hereby continued.

CLAUSE 5.—MEMBERSHIP

(1) Subject to the provisions of clause 2 and of subclause (4) of this clause, membership of the Fund shall be compulsory for the following clerical employees:

(a) Every male who is under the age of 65 years: Provided that a male who is 55 years of age or over at the time he becomes a clerical employee in terms of this Agreement may claim exemption by applying in writing to the regional council concerned;

(b) every female who is under the age of 60 years on whose behalf and with whose approval her employer applies to the Fund for membership.

(2) Every clerical employee for whom membership of the Fund is compulsory in terms of this clause shall, if he has not already done so in terms of a previous Agreement, complete Part I of the form prescribed in Annexure A to this Agreement and within one month after the date on which this Agreement comes into operation, or after such employee becomes employed in the Motor Industry, must lodge such completed form with the Secretary of the Regional Council for the Region in which such clerical employee is employed: Provided that, in the case of all female clerical employees, Part II of the form must be completed by the employer.

(3) Every clerical employee referred to in subclause (1) of this clause shall, when so required by the Council, by the Fund or by the Secretary of the Regional Council, furnish such evidence and information, documentary or otherwise, as may be necessary for purposes of the employee's membership of the Fund or for payment or determination of any benefit arising out of such membership.

(4) A member of the Fund who joins the staff of an establishment in which a pension scheme is operating as is referred to in clause 2 (2), may, as from the time he is required to contribute to such scheme, elect to—

(a) receive a deferred pension based upon the number of contributions which has been paid to the Fund on his behalf; or

(b) resign from membership of the Fund; or

(c) continue to contribute to the Fund, in which case he shall be personally liable for the combined contributions of employer and employee as prescribed in clause 6.

If under the above circumstances, however, the employer chooses to contribute to the Fund on behalf of such member then all the provisions of this Agreement shall be binding on both such employer and member in respect of his membership.

(5) Membership of the Fund shall terminate if and when a contributor—

(a) leaves the Motor Industry; or

(b) ceases to be a clerical employee as defined in this Agreement; or

(c) resigns in terms of clause 5 (4) (b) of this Agreement; or

(d) is granted a pension benefit by the Fund.

University of Pretoria
Together in Excellence

(6) 'n Lid van die Fonds wat van werkplek in die Motornywerheid verander uit een van die streke in hierdie Ooreenkoms omskryf na 'n ander, moet die vorm voorgeskryf in Aanhangsel B van hierdie Ooreenkoms invul en indien by die Sekretaris van die Streekraad vir die streek waarheen hy getrek het.

KLOUSULE 6.—BYDRAES

(1) Elke klerk vir wie lidmaatskap van die Fonds ingevolge klousule 5 (1) verpligtend is, moet 'n bedrag van R5 vir elke week diens in die Motornywerheid tot die Fonds bydra: Met dien verstande dat as 'n klerk 'n loon vir minder as 23 uur in 'n enkele week ontvang of geregtig is om dit te ontvang, geen bydraes vir daardie week deur hom betaalbaar is nie.

(2) Die werkgewer moet die bydraes in subklousule (1) vermeld op elke betaaldag van die klerk se loon aftrek.

(3) Elke werkgewer moet 'n gelyke bedrag voeg by die bydraes wat ingevolge subklousule (2) afgetrek is.

(4) Die totale bedrag van die bydraes wat ingevolge subklousules (1) en (3) van hierdie klousule van die verdienste van die werknemers afgetrek en deur die werkgewer bygedra is, moet elke maand deur die werkgewer gestuur word aan die Sekretaris van die Streekraad vir die streek binne die regsgebied waarvan die werkgewer se bedryfsinrigting gelee is en dit moet vergesel gaan van 'n skriftelike verklaring met die volgende besonderhede:

(a) Die naam en voorletters van elke klerk en sy lidmaatskapnommer van die Motor Industry Staff Association;
(b) die bedrag van die bydraes ten opsigte van elke werknemer gestuur;
(c) die datum van diensaanvaarding of diensbeeindiging in die geval van werknemers wie se diens begin of geëindig het nadat die vorige besonderhede voorgelê is.

(5) Elke werkgewer moet die totale bedrag van die bydraes wat hy en sy werknemers moet betaal en die skriftelike verklaring van besonderhede wat elke maand ingevolge subklousule (4) vereis word voor of op die 10de dag van die maand wat onmiddellik volg op dié waarop die bydraes en besonderhede betrekking het, aan die Sekretaris van die betrokke Streekraad stuur.

Opmerking.—(a) Die huidige posadresse van die Sekretarisse van die verskillende Streekrade is soos volg:

Vir Streek BR: Posbus 714, Oos-Londen, 5200;
vir Streek OP: Posbus 3164, Port Elizabeth, 6000;
vir Streek NK: Posbus 446, Kimberley, 8300;
vir Streek NL: Posbus 2838, Durban, 4000;
vir Streek OVS: Posbus 910, Bloemfontein, 9300;
vir Streek TVL: Posbus 8477, Johannesburg, 2000;
vir Streek WP: Posbus 1946, Kaapstad, 8000.

(b) Vorms wat spesiaal opgestel is vir die insluiting van die besonderhede wat ingevolge hierdie klousule vereis word, kan op aanvraag verkry word van die Sekretaris van die Streekraad in die betrokke streek.

(6) Die bydraes wat deur werkgewers ten behoewe van hul klerke betaalbaar is, soos voorgeskryf in subklousule (3), is nie terugbetaalbaar nie.

(7) Die bydraes ingevolge hierdie klousule deur Streekrade ingevorder, moet aan die Motor Industry Fund Administrators (Pty) Ltd betaal word vir die Fonds se rekening: Met dien verstande dat die Streekrade 'n persentasie van die bydraes soos van tyd tot tyd onderling deur die Raad en daardie Maatskappy vasgestel, vir administrasiekoste kan terughou. Die bedrag wat aldus teruggehou word, moet in die algemene fondse van die Raad gestort word.

(8) Indien 'n bedrag wat ooreenkomstig hierdie klousule verskuldig is nie teen die 15de dag van die maand wat volg op die maand ten opsigte waarvan dit betaalbaar is deur die Raad ontvang word nie, moet die werkgewer rente betaal op sodanige bedrag of op sodanige kleiner bedrag wat nie betaal is nie, bereken teen die koers van een en 'n half persent per maand of gedeelte daarvan vanaf sodanige 15de dag tot op die dag waarop betaling in kontant werklik deur die betrokke Streekraad ontvang word: Met dien verstande dat 'n Streekraad daartoe geregtig is om na goeddunke betaling van sodanige rente of gedeelte daarvan kwyt te skeld.

KLOUSULE 7.—ADMINISTRASIE VAN DIE FONDS

Die Fonds moet geadministreer word deur Die Maatskappy ooreenkomstig die reëls wat van tyd tot tyd van krag is en deur die Raad goedgekeur is. Sodanige reëls mag nie met hierdie Ooreenkoms, die Wet en/of die Wet op Pensioenfondse, 1956 (Wet 24 van 1956), onbestaanbaar wees nie, en 'n kopie van die reëls en alle wysigings daarvan moet by die Direkteur-generaal van Mannekragbenutting en die Kommissaris van Binnelandse Inkomste ingedien word.

(6) Any member of the Fund who changes his place of employment in the Motor Industry from one of the Regions defined in this Agreement to another shall complete and submit to the Secretary of the Regional Council for the Region to which he has moved, the form prescribed in Annexure B to this Agreement

CLAUSE 6.—CONTRIBUTIONS

(1) Every clerical employee for whom membership of the Fund is compulsory in terms of clause 5 (1) shall contribute an amount of R5 to the Fund in respect of each week of his employment in the Motor Industry: Provided that where a clerical employee receives or is entitled to receive wages for less than 23 hours in any week, no contributions shall be payable by him in respect of such week.

(2) The contributions specified in subclause (1) shall be deducted by the employer from the clerical employee's wages on every pay-day.

(3) Every employer shall contribute and add to the contributions deducted in terms of subclause (2) contributions of an equal amount.

(4) The total amount of contributions deducted from the earnings of employees and contributed by employers in terms of subclauses (1) and (3) of this clause shall be paid each month to the Secretary of the Regional Council for the region within the area of jurisdiction within which the employer's establishment is situated and each such statement shall be accompanied by a written statement containing the following details:

(a) Name and initials and Motor Industry Staff Association membership number of each clerical employee;
(b) amount of contributions remitted in respect of each employee;
(c) the date on which service began or service ended, in the case of employees whose employment began or ended since the details were last submitted.

(5) Every employer shall pay the total amount of the contributions payable and render the statement of details required each month in terms of subclause (4) to the Secretary of the Regional Council concerned by not later than the 10th day of the month immediately following the month to which the contributions and details relate.

Note.—(a) The present postal addresses of the Secretaries of the various Regional Councils are as follows:

Region BR: P.O. Box 714, East London, 5200;
Region EP: P.O. Box 3164, Port Elizabeth, 6000;
Region NC: P.O. Box 446, Kimberley, 8300;
Region NL: P.O. Box 2838, Durban, 4000;
Region OFS: P.O. Box 910, Bloemfontein, 9300;
Region TVL: P.O. Box 8477, Johannesburg, 2000;
Region WP: P.O. Box 1946, Cape Town, 8000.

(b) Forms prepared specifically for the inclusion of the details required by this clause are obtainable on application from the Regional Secretary in the region concerned.

(6) The contributions payable by employers on behalf of their clerical employees as prescribed in subclause (3) shall not be refundable.

(7) The contributions collected by Regional Councils in terms of this clause shall be paid to the Motor Industry Fund Administrators (Pty) Ltd for the Fund's account: Provided that the Regional Councils may retain as an administrative expense such percentage of contributions as may from time to time be mutually determined by the Council and the Company. The amount so retained shall be paid into the general funds of the Council.

(8) Should any amount due in terms of this clause not be received by the Council by the 15th of the month following the month in respect of which it is payable, the employer shall pay interest at the rate of one and a half per cent per month or part thereof from such 15th day until the day upon which payment in cash is actually received by the Regional Council concerned: Provided that a Regional Council shall be entitled in its absolute discretion to waive the payment of such interest or part thereof.

CLAUSE 7.—ADMINISTRATION OF THE FUND

The Fund shall be administered by The Company in accordance with the rules in force from time to time and approved by the Council. Such rules shall not be inconsistent with the provisions of this Agreement, the Act and/or the Pension Funds Act, 1956 (Act 24 of 1956), and a copy of the rules and of any amendments thereto shall be lodged with the Director-General of Manpower Utilisation and the Commissioner for Inland Revenue.

KLOUSULE 8.—LIKWIDASIE OF ONTBINDING

Ingeval die Raad gedurende die geldigheidsduur van hierdie Ooreenkoms ontbind word of ophou om te funksioneer, kan die Nywerheidsregistrateur die Motor Industry Fund Administrators (Pty) Ltd aanstel om die funksies van die Raad ten opsigte van hierdie Ooreenkoms uit te voer. Ingeval daardie Maatskappy nie in staat is nie of onwillig is om sodanige pligte uit te voer, kan die Nywerheidsregistrateur 'n trustee of trustees aanstel om die funksies van die Raad uit te voer. Die Maatskappy of die trustees wat aldus aangestel word, het al die bevoegdhede wat vir die toepassing van hierdie Ooreenkoms aan die Raad verleen word.

KLOUSULE 9.—AGENTE

Die Raad of enige streekraad kan een of meer aangewese persone as agente aanstel om te help met die uitvoering van die bepalings van hierdie Ooreenkoms, en dit is die plig van elke werkgewer en werknemer om sodanige persone toe te laat om die persele binne te gaan, dié navrae te doen en te voltooi en dié dokument, boeke, loonstate, tydstate en betaalkaarte te ondersoek, en dié individue te ondervra en alles te doen wat nodig is ten einde vas te stel of die bepalings van hierdie Ooreenkoms nagekom word, en niemand mag 'n vals verklaring aan so 'n agent in verband met sy ondersoek doen nie.

KLOUSULE 10.—VRYSTELLINGS

(1) Die Raad of enige streekraad kan vrystelling van enigeen van die bepalings van hierdie Ooreenkoms verleen.

(2) Aansoek om vrystelling moet gedoen word by die Sekretaris van die Streekraad in wie se streek die aansoeker sake doen of in diens is.

(3) Die Raad of Streekraad, na gelang van die geval, moet die voorwaardes vasstel waarop sodanige vrystelling van krag is, en kan, as hy dit goeddink, nadat een week skriftelike kennis aan die betrokke persoon gegee is, enige vrystellingsertifikaat intrek, afgesien daarvan of die tydperk waarvoor die vrystelling verleen is, verstryk het of nie.

KLOUSULE 11.—VERTONING VAN OOREENKOMS

Elke werkgewer moet 'n eksemplaar van hierdie Ooreenkoms in die vorm voorgeskryf by die regulasies ingevolge die Wet in leesbare letters en in albei amptelike landstale van die Republiek van Suid-Afrika in 'n opvallende plek op sy perseel opplak en opgeplak hou.

Namens die partye op hede die 13de dag van November 1979 te Johannesburg onderteken.

F. J. HACKNEY, President van die Raad.

T. ANDERSON, Gemagtigde Werknemersverteenwoordiger in die Raad.

H. C. L. LOOCK, Sekretaris van die Raad.

AANHANGSEL A VAN MISA-PENSIOENFONDSOOREENKOMS

AANSOEK OM REGISTRASIE AS LID

DEEL I

Ek (volle naam in blokletters).....,
gebore op (geboortedatum).....(dag).....(maand)
.....(jaar), geslag (meld man of vrou)....., 'n
lid van die Motor Industry Staff Association, Lidmaatskapno.....,
by (werkgewer se naam en adres).....
.....in diens as 'n (meld
klerk, tikster, pakhuisman, rekenmeester, sekretaris, ens.), wat
te (aansoeker se private adres).....woon, doen
hierby aansoek om as lid van die MISA-pensioenfonds geregistreer
te word, en stem in om my by die bepalings van die reëls van die
Fonds wat van tyd tot tyd van krag is, te hou. My persoonsno.
is.....

Ek benoem die volgende persoon tot my begunstigde ingeval ek te sterwe kom:

(Volle naam) Mnr./Mev./Mej.....
Verwantskap.....
Adres.....
Persoonsno. (waar van toepassing).....

Datum..... Handtekening

[Wanneer ingevul, moet hierdie vorm gestuur word aan:

Die Streeksekretaris
Die Nasionale Nywerheidsraad vir die Motornywerheid
(.....Streek)
Posbus.....
.....]

CLAUSE 8.—LIQUIDATION OR DISSOLUTION

In the event of the dissolution of the Council, or in the event of its ceasing to function during the currency of this Agreement, the Industrial Registrar may appoint the Motor Industry Fund Administrators (Pty) Ltd, to perform the functions of the Council in respect of this Agreement. If that Company is unable or unwilling to discharge such duties the Industrial Registrar may appoint a trustee or trustees to perform the Council's functions. The Company or the trustees so appointed shall have all the powers vested in the Council for the purposes of this Agreement.

CLAUSE 9.—AGENTS

The Council or any regional council may appoint one or more specified persons as agents to assist in giving effect to the terms of this Agreement, and it shall be the duty of every employer and every employee to permit such persons to enter such premises, institute and complete such enquiries and to examine such documents, books, wage sheets, time sheets and pay tickets, and to interrogate such individuals and to do all such acts as may be necessary for the purpose of ascertaining whether the provisions of this Agreement are being observed, and no person shall make a false statement to such agent in connection with his investigations.

CLAUSE 10.—EXEMPTIONS

(1) The Council or any regional council may grant exemption from any of the provisions of this Agreement.

(2) Application for exemption shall be made to the Secretary of the Regional Council within whose region the applicant operates or is employed.

(3) The Council or Regional Council, as the case may be, shall fix the conditions subject to which such exemption shall be valid, and may, if it deems fit, after one week's notice in writing has been given to the person concerned, withdraw any licence of exemption whether or not the period for which exemption was granted has expired.

CLAUSE 11.—EXHIBITION OF AGREEMENT

Every employer shall affix and keep affixed in some conspicuous place upon his premises a copy of this Agreement in the form prescribed by the regulations under the Act, in legible characters, in both official languages of the Republic of South Africa.

Signed at Johannesburg on behalf of the parties this 13th day of November 1979.

F. J. HACKNEY, President of the Council.

T. ANDERSON, Authorised Employee Representative of the Council.

H. C. L. LOOCK, Secretary of the Council.

ANNEXURE A TO MISA PENSION FUND AGREEMENT

APPLICATION FOR REGISTRATION AS A MEMBER

PART I

I (full name in block letters).....,
born (date of birth).....(day).....(month)
.....(year), sex (state male or female).....,a
member of the Motor Industry Staff Association, Membership
No....., employed by (employer's name and address)
.....
as a (state clerk, typist, storekeeper, accountant, secretary, etc.)
....., residing at (applicant's private address).....
.....
hereby apply to be registered as a member of the MISA Pension Fund, and agree to abide by the provisions of the Fund's rules in force from time to time. My Identity No. is.....

I nominate as my beneficiary in the event of my death:

(Full name) Mr/Mrs/Miss.....
Relationship.....
Address.....
Identity No. (where applicable).....
.....

Date..... Signature

[When completed, this form must be sent to:

The Regional Secretary
The National Industrial Council for the Motor Industry
(.....Region)
P.O. Box.....
.....]

DEEL II

(Moet deur werkgewer ingevul word)

Ek/Ons doen hierby aansoek om lidmaatskap van die MISA-pensioenfonds namens en met die toestemming van Mev./Mej. ..... en stem in om elke maand die betrokke bydraes deur middel van my/ons maandelikse opgawes aan die Raad te stuur.

Datum ..... (Handtekening van werkgewer of gemagtigde verteenwoordiger)

SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK

Datum ontvang ..... Datum geregistreer .....

Registrasienommer .....

AANHANGSEL B VAN MISA-PENSIOENFONDSOOREENKOMS

KENNISGEWING VAN OORPLASING

Ek (volle naam in blokletters) ..... gebore op ..... (dag) ..... (maand) ..... (jaar) Geslag: M of V*. Identiteitsno. ..... , wat woon te (volledige adres) ..... en wat lid is van die Motor Industry Staff Association, Lidmaatskapno. ..... , vestig u aandag daarop dat ek nou by (werkgewer se naam en adres) ..... in diens is. Ek was voorheen by (werkgewer se naam en adres) ..... in diens.

Ek benoem die volgende persoon tot my bevoordeelde ingeval ek te sterwe kom:

(Volle naam) Mnr./Mev./Mej. .....
Identiteitsno. ..... my (meld verwantskap) .....
van (adres) .....

Hierdie benoeming kanselleer alle vorige benoemings deur my gemaak.

Datum ..... Handtekening

(Hierdie vorm moet, wanneer dit ingevul is, aan die Streeksekretaris, Die Nasionale Nywerheidsraad vir die Motornywerheid in die streek waar die aansoeker in diens is, gestuur word.)

* Skrap wat nie van toepassing is nie.

PART II

(For completion by employer)

I/We hereby apply for membership of the MISA Pension Fund on behalf and with the approval of Mrs/Miss ..... and agree to forward the relevant contributions to the Council each month through the medium of my/our monthly returns.

Date ..... (Signature of employer or authorised representative)

FOR OFFICE USE ONLY

Date received ..... Date registered .....

Reg. No. .....

ANNEXURE B TO MISA PENSION FUND AGREEMENT

NOTIFICATION OF TRANSFER

I (full name in block letters) .....
born on ..... (day) ..... (month) ..... (year)
Sex: M or F*. Identity No. .....
Residing at (full address) .....
being a member of the Motor Industry Staff Association, Membership No. ..... , wish you to note that I am now employed by (employer's name and address) .....
I was previously employed by (employer's name and address) .....

I nominate as my beneficiary in the event of my death:

(Full name) Mr/Mrs/Miss ..... Identity No. .....
my (state relationship) .....
of (address) .....

This cancels any previous nomination made by me.

Date ..... Signature

(When completed, this form must be sent to the Regional Secretary, The National Industrial Council for the Motor Industry in the region where the applicant is employed.)

* Delete whichever does not apply.

SUID-KAAPSE BOSSE EN BOME

deur

F. VON BREITENBACH

'n Gids tot die inheemse bosse van George, Knysna en Tsitsikama; hul verskillende tipes; hul bestuur en geskiedenis; hul bome en struike, varings en kruidagtige plante, grasse en klimplante; hul slange, voëls en soogdiere.

Met 'n blaarsleutel tot en beskrywings van 100 bosboomsoorte.

328 bladsye, 470 illustrasies (foto's en lyntekeninge), omvattende register, volband.

Prys R10 • Buiteland R12,50

Verkrygbaar by Die Staatsdrukker, Pretoria en Kaapstad

SOUTHERN CAPE FORESTS AND TREES

by

F. VON BREITENBACH

A guide to the indigenous forests of George, Knysna and Tsitsikama; their different types; their management and history; their trees and shrubs, ferns and herbs, grasses and lianes; their snakes, birds and mammals.

With a leaf-key to and descriptions of 100 forest tree species.

328 pages, 470 illustrations (photographs and line drawings), comprehensive index, hard cover.

Price R10 • Abroad R12,50

Obtainable from The Government Printer, Pretoria and Cape Town

BIBLIOGRAFIE

DEPARTEMENT VAN LANDBOU-TEGNIESE DIENSTE
EN
DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE EN BEMARKING

1910–1972

'n Bibliografie van die publikasies van die Departement van Landbou-tegniese Dienste en die Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking vir die jare 1910 tot 1972 is deur die Afdeling Biblioteekdienste van die Departement van Nasionale Opvoeding saamgestel.

Inskrywings onder volgnommers regdeur is ingedeel in drie kategorieë:

Departementele Publikasies, chronologies gerangskik;
Artikels in Reekspublikasies; en
Proefskrifte en Verhandelings.

In die Bylaes verskyn die verskillende reekse in hul numeriese volgorde. Hulle is onder andere: Bladskrifte, "Botanical Survey Memoirs", Ekonomiese Reeks, Herdrukke, Huishoudkundereeks, Tegniese Mededelinge, Pamflette en Wetenskaplike Pamflette.

'n Omvattende en gedetailleerde outeurs- en onderwerpsregister ontsluit die geheel.

'n Waardevolle naslaanbron.

Prys: R15,30 (plus 4% verkoopbelasting). • Buiteland R19,10

Verkrygbaar by Die Staatsdrukker, Privaatsak X85, Pretoria, 0001

University of Fort Hare
Together in Excellence

BIBLIOGRAPHY

DEPARTMENT OF AGRICULTURAL TECHNICAL SERVICES
AND
DEPARTMENT OF AGRICULTURAL ECONOMICS AND MARKETING

1910–1972

A bibliography of the publications of the Department of Agricultural Technical Services and the Department of Agricultural Economics and Marketing for the years 1910 to 1972 has been compiled by the Division of Library Services of the Department of National Education.

Entries listed in consecutive numbering throughout are classified in three categories:

Departmental Publications, in chronological order;
Articles in Serial Publications; and
Theses and Dissertations.

Appendixes list the various series in their numerical sequence. They are among others: Leaflets, Botanical Survey Memoirs, Economic Series, Reprints, Home Economics Series, Technical Communications, Bulletins and Science Bulletins.

The work has a comprehensive and detailed author and subject index.

A valuable reference tool.

Price: R15,30 (plus 4% sales tax). • Abroad R19,10

Obtainable from The Government Printer, Private Bag X85, Pretoria, 0001

INHOUD

No.		Bladsy No.	Staatskoerant No.
Mannekragbenutting, Departement van			
Goewermentskennisgewing			
R. 1530	Wet op Nywerheidsversoening (28/1956): Motornywerheid — Misa - pensioenfonds-ooreenkoms	1	7136

INDEX

No.		Page No.	Gazette No.
Manpower Utilisation, Department of			
Government Notice			
R. 1530	Industrial Conciliation Act (28/1956): Motor Industry—Misa Pension Fund Agreement	1	7136

Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001

7136—1

737

University of Fort Hare
Together in Excellence

STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE

REGULASIEKOERANT No. 3037 PRYS + 1c AVB 20c PRICE + 1c GST REGULATION GAZETTE No. 3037
As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer BUITELANDS 30c ABROAD *Registered at the Post Office as a Newspaper*
POSVRY · POST FREE

VOL. 181] PRETORIA, 25 JULIE JULY 1980 [No. 7137

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

DEPARTEMENT VAN MANNEKRAGBENUTTING

No. R. 1510 25 Julie 1980

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

MOTORNYWERHEID.—PENSIOENFONDSOOREENKOMS VIR MOTORWERKERS

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Mannekragbenutting, verklaar hierby—

(a) kragtens artikel 48 (1) (a) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, dat die bepalings van die Ooreenkoms wat in die Bylae hiervan verskyn en op die Motornywerheid betrekking het, met ingang van 28 Julie 1980 en vir die tydperk wat op 31 Julie 1985 eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasies en die vakverenigings wat genoemde Ooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van genoemde organisasies of verenigings is;

(b) kragtens artikel 48 (1) (b) van genoemde Wet, dat die bepalings van genoemde Ooreenkoms, uitgesonderd dié vervat in klousules 1, 2 (1) en 7, met ingang van 28 Julie 1980 en vir die tydperk wat op 31 Julie 1985 eindig, bindend is vir alle ander werkgewers en werknemers as dié genoem in paragraaf (a) van hierdie kennisgewing, wat betrokke is by of in diens is in genoemde Nywerheid in die Republiek van Suid-Afrika, uitgesonderd die hawe en nedersetting van Walvisbaai en daardie gedeelte van die landdrosdistrik Somerset-Wes wat deur Cape Explosives Works Limited geokkupeer word; en

(c) kragtens artikel 48 (3) (a) van genoemde Wet, dat die bepalings van genoemde Ooreenkoms, uitgesonderd dié vervat in klousule 1, 2 (1) en 7, met ingang van 28 Julie 1980 en vir die tydperk wat op 31 Julie 1985 eindig, in die gebiede gespesifiseer in paragraaf (b) van hierdie kennisgewing *mutatis mutandis* bindend is vir alle persone wat nie werknemers is nie en wat in diens is in genoemde Nywerheid by dié werkgewers vir wie enigeen van genoemde bepalings ten opsigte van werknemers bindend is en vir daardie werkgewers ten opsigte van sodanige persone in hul diens.

S. P. BOTHA, Minister van Mannekragbenutting.

GOVERNMENT NOTICES

DEPARTMENT OF MANPOWER UTILISATION

No. R. 1510 25 July 1980

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

MOTOR INDUSTRY.—AUTO WORKERS' PENSION FUND AGREEMENT

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Manpower Utilisation, hereby—

(a) in terms of section 48 (1) (a) of the Industrial Conciliation Act, 1956, declare that the provisions of the Agreement which appears in the Schedule hereto and which relates to the Motor Industry, shall be binding, with effect from 28 July 1980 and for the period ending 31 July 1985, upon the employers' organisations and the trade unions which entered into the said Agreement and upon the employers and employees who are members of the said organisations or unions;

(b) in terms of section 48 (1) (b) of the said Act, declare that the provisions of the said Agreement, excluding those contained in clauses 1, 2 (1) and 7, shall be binding, with effect from 28 July 1980 and for the period ending 31 July 1985, upon all employers and employees other than those referred to in paragraph (a) of this notice, who are engaged or employed in the said Industry in the Republic of South Africa, excluding the port and settlement of Walvis Bay and that portion of the Magisterial District of Somerset West occupied by Cape Explosives Works Limited; and

(c) in terms of section 48 (3) (a) of the said Act, declare that in the areas specified in paragraph (b) of this notice and with effect from 28 July 1980 and for the period ending 31 July 1985, the provisions of the said Agreement, excluding those contained in clauses 1, 2 (1) and 7, shall *mutatis mutandis* be binding upon all persons who are not employees and who are employed in the said Industry by the employers upon whom any of the said provisions are binding in respect of employees and upon those employers in respect of such persons in their employ.

S. P. BOTHA, Minister of Manpower Utilisation.

BYLAE

DIE NASIONALE NYWERHEIDSRAAD VIR DIE MOTORNYWERHEID

MOTORWERKERSPENSIOENFONDS

OOREENKOMS

ingevolge die Nywerheidsversoeningswet, 1956, gesluit deur en aangegaan tussen

The South African Motor Industry Employers' Assocation

en

The South African Vehicle Builders' and Repairers' Association

(hierna die "werkgewers" of die "werkgewersorganisasies" genoem), aan die een kant, en

The Motor Industry Combined Workers' Union

The Motor Industry Employees' Union of South Africa

en

The Motor Industry Staff Association

(hierna die "werknemers" of die "vakverenigings" genoem), aan die ander kant,

wat die partye is by die Nasionale Nywerheidsraad vir die Motornywerheid.

KLOUSULE 1.—GELDIGHEIDSDUUR

Hierdie Ooreenkoms tree in werking op sodanige datum as wat die Minister van Mannekragbenutting ingevolge artikel 48 (1) van die Wet bepaal en bly van krag vir vyf jaar vanaf daardie datum of vir sodanige tydperk as wat die Minister bepaal.

KLOUSULE 2.—TOEPASSINGSBESTEK

(1) Behoudens subklousule (2) van hierdie klousule, moet hierdie Ooreenkoms nagekom word deur alle werkgewers in die Motornywerheid in die Republiek van Suid-Afrika wat lede is van die werkgewersorganisasies en deur alle werknemers in die Nywerheid wat lede is van die vakverenigings.

(2) Ondanks subklousule (1) van hierdie klousule, is hierdie Ooreenkoms nie van toepassing nie op—

(a) werknemers wat in aanmerking kom vir lidmaatskap van The Motor Industry Employees' Union of South Africa of The Motor Industry Staff Association;

(b) lede van The Motor Industry Combined Workers' Union wat lede is van die Pensioenfonds vir die Motornywerheid;

(c) vakmanne of vakleerlinge;

(d) 'n werknemer aan wie aftreebystand toegestaan is deur enige fonds wat vir sodanige bystand voorsiening maak;

(e) werknemers ten opsigte van wie hul werkgewer bydra, en so lank as wat hul werkgewer aldus bydra, tot 'n pensioenfonds wat in werking was op die datum waarop hierdie Ooreenkoms in werking getree het en wat na die mening van die Raad bystand verskaf wat nie minder gunstig is nie as dié wat deur die Motorwerkerspensioenfonds verskaf word;

(f) 'n werknemer vir ses maande vanaf die datum waarop hy by 'n werkgewer in diens tree: Met dien verstande dat 'n werkgewer na goeddunke van hierdie uitsluiting kan afsien.

KLOUSULE 3.—WOORDOMSKRYWING

Alle uitdrukkings wat in hierdie Ooreenkoms gebesig en in die Wet op Nywerheidsversoening, Wet 28 van 1956, en die Hoofooreenkoms omskryf word, het dieselfde betekenis as in daardie Wet en daardie Ooreenkoms, waar daar van 'n wet melding gemaak word, omvat dit alle wysigings van dié wet, en tensy die teenoorgestelde bedoeling blyk, omvat woorde wat die manlike geslag aandui ook die vroulike geslag en omgekeerd; voorts, tensy onbestaanbaar met die samehang beteken—

"Wet" die Wet op Nywerheidsversoening, 1956;

"Maatskappy" die Motor Industry Fund Administrators (Pty) Ltd;

"Raad" die Nasionale Nywerheidsraad vir die Motornywerheid wat ingevolge artikel 19 van die Wet geregistreer is;

"bedryfsinrigting" die terein of gedeelte daarvan waarin of waarop werksaamhede in die Motornywerheid of 'n gedeelte daarvan plaasvind;

SCHEDULE

THE NATIONAL INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE MOTOR INDUSTRY

AUTO WORKERS' PENSION FUND

AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1956, made and entered into by and between

The South African Motor Industry Employers' Association

and

The South African Vehicle Builders' and Repairers' Association

(hereinafter referred to as the "employers" or the "employers' organisations"), of the one part, and

The Motor Industry Combined Workers' Union

The Motor Industry Employees' Union of South Africa

and

The Motor Industry Staff Association

(hereinafter referred to as the "employees" or the "trade unions"), of the other part,

being parties to the National Industrial Council for the Motor Industry.

CLAUSE 1.—PERIOD OF OPERATION

This Agreement shall come into operation on such date as may be fixed by the Minister of Manpower Utilisation in terms of section 48 (1) of the Act, and shall remain in operation for five years from that date or for such period as may be determined by the Minister.

CLAUSE 2.—SCOPE OF APPLICATION

(1) Subject to the provisions of subclause (2) of this clause, the terms of this Agreement shall be observed by all employers in the Motor Industry in the Republic of South Africa who are members of the employers' organisations, and by all employees in that Industry who are members of the trade unions.

(2) Notwithstanding the provisions of subclause (1) of this clause, the provisions of this Agreement shall not apply to—

(a) employees who are eligible for membership of The Motor Industry Employees' Union of South Africa or The Motor Industry Staff Association;

(b) members of The Motor Industry Combined Workers' Union who are members of The Motor Industry Pension Fund;

(c) journeymen or apprentices;

(d) any employee who has been granted a retirement benefit by any fund who provides for such benefits;

(e) employees in respect of whom their employer contributes, and for as long as their employer so contributes, to a pension fund which was in operation on the date of commencement of operation of this Agreement, and which in the opinion of the Council provides benefits not less favourable than those provided by the Auto Workers' Pension Fund;

(f) any employee for six months from the date on which he begins employment with any employer: Provided that any employer may in his discretion waive this exclusion.

CLAUSE 3.—DEFINITIONS

Any expressions used in this Agreement and which are defined in the Industrial Conciliation Act, Act 28 of 1956, and the Main Agreement shall have the meanings assigned to them in that Act and that Agreement, references to an act shall include any amendments to such act, and unless the contrary intention appears, words importing the masculine gender shall include females and vice versa; further, unless inconsistent with the context—

"Act" means the Industrial Conciliation Act, 1956;

"Company" means the Motor Industry Fund Administrators (Pty) Ltd;

"Council" means the National Industrial Council for the Motor Industry registered in terms of section 19 of the Act;

"establishment" means any premises or part thereof in or on which activities in the Motor Industry or any part thereof are conducted;

University of Fort Hare

"Fonds" die Motorwerkerspensioenfonds wat ingestel is met die doel om annuiteite of rondebedragbystand te verskaf aan werknemers in die Motornywerheid of aan die afhanklikes van sodanige werknemers by die afsterwe van sodanige werknemers;

"werknemer groep A" 'n werknemer wie se gewone weeklikse besoldiging hoogstens R35 per week is;

"werknemer groep B" 'n werknemer wie se gewone weeklikse besoldiging meer as R35 maar hoogstens R50 per week is;

"werknemer groep C" 'n werknemer wie se gewone weeklikse besoldiging meer as R50 per week is;

"Hoofooreenkoms" die Ooreenkoms waarin lone en ander diensvoorwaardes vir werknemers in die Motornywerheid voorgeskryf word, soos gepubliseer ingevolge artikel 48 van die Wet;

"Motornywerheid" die Motornywerheid soos van tyd tot tyd in die Hoofooreenkoms omskryf;

"gewone weeklikse besoldiging" die bedrag wat 'n werkgewer gereeld aan 'n werknemer betaal ten opsigte van sy gewone werkure en omvat dit nie die besoldiging wat 'n werknemer wat in diens is op 'n stukwerk- of kommissiegrondslag ontvang bo en behalwe die bedrag wat hy sou ontvang het as hy nie op so 'n grondslag in diens was nie;

"Streek BR" die landdrosdistrikte Albert, Aliwal-Noord, Barkly-Oos, Cathcart, Elliot, Fort Beaufort, Indwe, King William's Town, Komga, Lady Grey, Maclear, Molteno, Oos-Londen, Queenstown, Sterkstroom, Stockenström, Stutterheim, Tarka en Wodehouse;

"Streek EP" die landdrosdistrikte Aberdeen, Adelaide, Albany, Alexandria, Bathurst, Bedford, Calitzdorp, Cradock, Colesberg, George, Graaff-Reinet, Hankey, Hanover, Hofmeyr, Humansdorp, Jansenville, Joubertina, Kirkwood, Knysna, Middelburg (K.P.), Mosselbaai, Murraysburg, Noupoort, Oudtshoorn, Pearston, Port Elizabeth, Richmond (K.P.), Steynsburg, Steytlerville, Somerset-Oos, Uitenhage, Uniondale, Venterstad en Willowmore;

"Streek NK" die landdrosdistrikte Barkly-Wes, Britstown, De Aar, Gordonia, Hartswater, Hay, Herbert, Hopetown, Kenhardt, Kimberley, Kuruman, Mafeking, Philipstown, Postmasburg, Prieska, Vryburg en Warrenton;

"Streek NL" die landdrosdistrikte Durban, Pietermaritzburg, Pinetown, Camperdown, Richmond (Natal), Lionsrivier, Estcourt, Kliprivier, Dundee, Matatiele, Newcastle, Vryheid, Lower Tugela, Glencoe, Dannhauser, Mooirivier en Mount Currie;

"Streek OVS" die provinsie die Oranje-Vrystaat;

"Streek TVL" die provinsie Transvaal;

"Streek WP" die landdrosdistrikte Beaufort-Wes, Belville, Bredasdorp, Caledon, Calvinia, Carnarvon, Ceres, Clanwilliam, Die Kaap, Fraserburg, Goodwood, Heidelberg (K.P.), Hermanus, Hopefield, Kuilsrivier, Ladismith, Laingsburg, Malmesbury, Montagu, Namakwaland, Paarl, Piketberg, Prins Albert, Riversdal, Robertson, Simonstad, Somerset-Wes (uitgesonderd die gebied geokkupeer deur die Cape Explosives Works Limited, Somerset-Wes), Stellenbosch, Strand, Sutherland, Swellendam, Tulbagh, Vanrhynsdorp, Victoria-Wes, Vredenburg, Vredendal, Wellington, Williston, Worcester en Wynberg;

"Streekraad" 'n komitee wat die Raad ooreenkomstig sy konstitusie as sodanig aangestel het vir enige Streek hierin omskryf;

"aftreeouderdom" 65 jaar in die geval van 'n manlike werknemer en 60 jaar in die geval van 'n vroulike werknemer;

"week" 'n tydperk van sewe agtereenvolgende dae wat om middernag op 'n Sondag begin.

KLOUSULE 4.—LIDMAATSKAP

(1) Behoudens klousule 2 van hierdie Ooreenkoms en subklousule (2) van hierdie klousule is lidmaatskap van die Fonds verpligtend vir—

(a) elke manlike werknemer groep A, B en C wat in die Motornywerheid werksaam is en wat nog nie die aftreeouderdom bereik het of aan wie nog nie pensioenbystand deur die Fonds toegestaan is nie;

(b) elke vroulike werknemer groep A, B en C wat in die Motornywerheid werksaam is en wat nog nie die aftreeouderdom bereik het of aan wie nog nie pensioenbystand deur die Fonds toegestaan is nie en namens wie en met wie se instemming haar werkgewer om lidmaatskap van die Fonds aansoek gedoen het.

"Fund" means the Auto Workers' Pension Fund established in terms of the rules of the Fund for the purpose of providing annuities or lump sum benefits for employees in the Motor Industry or for the dependants of such employees on the death of such employees;

"Group A employee" means an employee whose normal weekly remuneration is R35 or less per week;

"Group B employee" means an employee whose normal weekly remuneration is more than R35 but not exceeding R50 per week;

"Group C employee" means an employee whose normal weekly remuneration is more than R50 per week;

"Main Agreement" means the Agreement in which wages and other conditions of service are prescribed for employees in the Motor Industry as published in terms of section 48 of the Act;

"Motor Industry" means the Motor Industry as defined in the Main Agreement from time to time;

"normal weekly remuneration" means the amount which an employer regularly pays an employee in respect of his ordinary hours of work and does not include any remuneration which an employee who is employed on a piece-work or commission basis receives over and above the amount which he would have received if he had not been employed on such basis;

"Region BR" means the Magisterial Districts of Albert, Aliwal North, Barkly East, Cathcart, East London, Elliot, Fort Beaufort, Indwe, King William's Town, Komga, Lady Grey, Maclear, Molteno, Queenstown, Sterkstroom, Stockenström, Stutterheim, Tarka and Wodehouse;

"Region EP" means the Magisterial Districts of Aberdeen, Adelaide, Albany, Alexandria, Bathurst, Bedford, Calitzdorp, Cradock, Colesberg, George, Graaff-Reinet, Hankey, Hanover, Hofmeyr, Humansdorp, Jansenville, Joubertina, Kirkwood, Knysna, Middelburg (C.P.), Mossel Bay, Murraysburg, Noupoort, Oudtshoorn, Pearston, Port Elizabeth, Richmond (C.P.), Steynsburg, Steytlerville, Somerset East, Uitenhage, Uniondale, Venterstad and Willowmore;

"Region NC" means the Magisterial Districts of Barkly West, Britstown, De Aar, Gordonia, Hartswater, Hay, Herbert, Hopetown, Kenhardt, Kimberley, Kuruman, Mafeking, Philipstown, Postmasburg, Prieska, Vryburg and Warrenton;

"Region NL" means the Magisterial Districts of Durban, Pietermaritzburg, Pinetown, Camperdown, Richmond (Natal), Lions River, Estcourt, Klip River, Dundee, Matatiele, Newcastle, Vryheid, Lower Tugela, Glencoe, Dannhauser, Mooi River and Mount Currie;

"Region OFS" means the Province of the Orange Free State;

"Region TVL" means the Province of the Transvaal;

"Region WP" means the Magisterial Districts of Beaufort West, Bellville, Bredasdorp, Caledon, Calvinia, Carnarvon, Ceres, Clanwilliam, Fraserburg, Goodwood, Heidelberg (C.P.), Hermanus, Hopefield, Kuils River, Ladysmith, Laingsburg, Malmesbury, Montagu, Namaqualand, Paarl, Piketberg, Prince Albert, Riversdale, Robertson, Simonstown, Somerset West (excluding the area occupied by the Cape Explosives Works Limited, Somerset West), Stellenbosch, Strand, Sutherland, Swellendam, The Cape, Tulbach, Vanrhynsdorp, Victoria West, Vredenburg, Vredendal, Wellington, Williston, Worcester and Wynberg;

"Regional Council" means a committee appointed as such by the Council in terms of its constitution for any Region defined herein;

"retirement age" means in the case of a male employee, 65 years and, in the case of a female employee, 60 years;

"week" means a period of seven consecutive days commencing at midnight on a Sunday.

CLAUSE 4.—MEMBERSHIP

(1) Subject to the provisions of clause 2 of this Agreement and of subclause (2) of this clause, membership of the Fund shall be compulsory for—

(a) every group A, B and C male employee employed in the Motor Industry who has not reached retirement age or who has not been granted a pension benefit by the Fund;

(b) every group A, B and C female employee employed in the Motor Industry who has not reached retirement age or has not been granted a pension benefit by the Fund and on whose behalf and with whose concurrence, her employer has applied for membership of the Fund.

(2) Elke werknemer vir wie lidmaatskap ingevolge subklousule (1) van hierdie klousule verpligtend is, moet—

(a) die vorm in Aanhangsel A van hierdie Ooreenkoms voorgeskryf invul en dié ingevulde vorm by die Sekretaris van die Streekraad indien waarin hy werksaam is binne 'n maand ná die datum waarop hy by die Motornywerheid in diens tree, weer in diens tree of in diens geneem word; en vir die toepassing van hierdie paragraaf word geag dat 'n werknemer weer by die Motornywerheid in diens getree het wanneer hy van een streek na 'n ander van werk verander het;

(b) as die Raad, 'n Streekraad of die Fonds dit van hom vereis, sodanige dokumentêre of ander bewys en inligting verstrek as wat nodig is om sy identiteit, sy lidmaatskap van die Fonds en/of betaling of vasstelling van bystand wat uit sodanige lidmaatskap spruit, vas te stel.

KLOUSULE 5.—BYDRAES

(1) Elke werknemer vir wie lidmaatskap van die Fonds ingevolge klousule 4 (1) van hierdie Ooreenkoms verpligtend is, moet—

(a) as hy 'n werknemer groep A is, R1 tot die Fonds bydra vir elke week wat hy in die Motornywerheid werksaam is;

(b) as hy 'n werknemer groep B is, R2 tot die Fonds bydra vir elke week wat hy in die Motornywerheid werksaam is;

(c) as hy 'n werknemer groep C is, R3 tot die Fonds bydra vir elke week wat hy in die Motornywerheid werksaam is:

Met dien verstande dat as 'n werknemer loon vir minder as 23 uur in 'n week ontvang of daarop geregtig is, hy geen bydrae vir daardie week moet betaal nie.

(2) Die werkgewer moet, behoudens die voorbehoudsbepaling van subklousule (1), die bydraes in subklousule (1) gespesifiseer van elke werknemer se loon aftrek op die eerste betaaldag ná die inwerkingtreding van hierdie Ooreenkoms en op elke betaaldag daarna.

(3) Elke werkgewer moet tot die bedrae wat hy ingevolge subklousule (2) aftrek 'n gelyke bydrae maak en dit by die bydraes voeg.

(4) Die totale bedrag van die bydraes wat ingevolge subklousules (2) en (3) van hierdie klousule van die werknemers se verdienste afgetrek is en wat deur werkgewers bygedra is, moet elke maand betaal word aan die Sekretaris van die Streekraad vir die streek binne die regsgebied waarvan die werkgewer se bedryfsinrigting geleë is, en elke sodanige betaling moet vergesel gaan van 'n skriftelike verklaring met die volgende besonderhede:

(a) Die naam, voorletters, lidmaatskapnommer van die vakvereniging (as daar is) en nasionale identiteitsnommer van elke werknemer;

(b) die bedrag ten opsigte van elke werknemer gestuur;

(c) die datum van diensaanvaarding of diensbeëindiging in die geval van werknemers wie se diens begin of geëindig het nadat die vorige besonderhede voorgelê is.

(5) Elke werkgewer moet die totale bedrag van die bydraes wat hy en sy werknemers moet betaal en die skriftelike verklaring van besonderhede ingevolge subklousule (4) voor of op die 10de dag van die maand wat onmiddellik volg op dié waarop die bydraes en besonderhede betrekking het aan die Sekretaris van die betrokke Streekraad stuur.

Opmerking.—(a) Die huidige posadresse van die Sekretarisse van die verskillende Streekrade is soos volg:

Vir Streek BR: Posbus 714, Oos-Londen, 5200.
Vir Streek OP: Posbus 3164, Port Elizabeth, 6000.
Vir Streek NK: Posbus 446, Kimberley, 8300.
Vir Streek NL: Posbus 2838, Durban, 4000.
Vir Streek OVS: Posbus 910, Bloemfontein, 9300.
Vir Streek TVL: Posbus 8477, Johannesburg, 2000.
Vir Streek WP: Posbus 1946, Kaapstad, 8000.

(b) Vorms wat spesiaal opgestel is vir die verskaffing van die besonderhede wat ingevolge hierdie klousule vereis word, is verkrygbaar by die Streeksekretaris van die betrokke streek.

(6) Die bydraes deur werkgewers betaalbaar soos in subklousule (3) voorgeskryf, is nie terugbetaalbaar nie.

(7) Die bydraes ingevolge hierdie klousule deur die Streekrade ingevorder, moet aan die Maatskappy betaal word: Met dien verstande dat die Raad sodanige bedrae as wat van tyd tot tyd onderling deur die Raad en die Maatskappy bepaal word, as terugbetaling vir administratiewe uitgawes kan terughou. Die bedrag wat aldus teruggehou word, moet in die algemene fondse van die Raad gestort word.

(2) Every employee for whom membership is compulsory in terms of subclause (1) of this clause, shall—

(a) complete the form prescribed in Annexure A to this Agreement and lodge such completed form with the Secretary of the Regional Council for the Region in which he is employed, within one month after the date on which he enters, re-enters or becomes employed in the Motor Industry; and for purposes of this paragraph an employee shall be deemed to have re-entered the Motor Industry when he has changed employment from one region to another;

(b) when required to do so by the Council, a Regional Council or the Fund, furnish such evidence and information, documentary or otherwise, as may be necessary for purposes of his identity, his membership of the Fund and/or payment or determining of any benefit arising out of such membership.

CLAUSE 5.—CONTRIBUTIONS

(1) Every employee for whom membership of the Fund is compulsory in terms of clause 4 (1) of this Agreement shall—

(a) if he is a group A employee, contribute R1 to the Fund in respect of each week of his employment in the Motor Industry;

(b) if he is a group B employee, contribute R2 to the Fund in respect of each week of his employment in the Motor Industry;

(c) if he is a group C employee, contribute R3 to the Fund in respect of each week of his employment in the Motor Industry:

Provided that where an employee receives or is entitled to receive wages for less than 23 hours in any week, no contribution shall be payable by him in respect of such week.

(2) The contributions specified in subclause (1) shall, subject to the proviso contained in subclause (1), be deducted by the employer from every employee's wages on the first pay-day after this Agreement comes into operation, and on each pay-day thereafter.

(3) Every employer shall contribute and add to the contributions deducted in terms of subclause (2) contributions of an equal amount.

(4) The total amount of contributions deducted from the earnings of employees and contributed by employers in terms of subclauses (2) and (3) of this clause shall be paid each month to the Secretary of the Regional Council for the region within the area of jurisdiction within which the employer's establishment is situated, and each such payment shall be accompanied by a written statement containing the following details:

(a) Name, initials, trade union membership number (if any) and national identification number of each employee;

(b) amount of contributions remitted in respect of each employee;

(c) the date on which service began or service ended in the case of employees whose employment began or ended since the details were last submitted.

(5) Every employer shall pay the total amount of the contributions payable by him and his employees and render the statement of details in terms of subclause (4) to the Secretary of the Regional Council concerned by not later than the 10th day of the month immediately following that to which the contributions and details relate.

Note.—(a) The present postal addresses of the Secretaries of the various Regional Councils are as follows:

For Region BR: P.O. Box 714, East London, 5200.
For Region EP: P.O. Box 3164, Port Elizabeth, 6000.
For Region NC: P.O. Box 446, Kimberley, 8300.
For Region NL: P.O. Box 2838, Durban, 4000.
For Region OFS: P.O. Box 910, Bloemfontein, 9300.
For Region TVL: P.O. Box 8477, Johannesburg, 2000.
For Region WP: P.O. Box 1946, Cape Town, 8000.

(b) Forms prepared specifically for the funishing of the details required by this clause may be obtained from the Regional Secretary of the region concerned.

(6) The contributions payable by employers as prescribed in subclause (3) shall not be refundable.

(7) The contributions collected by Regional Councils in terms of this clause shall be paid to the Company: Provided that the Council may retain as recoupment of administrative expenses, such amounts as may from time to time be mutually determined by the Council and the Company. The amount so retained shall be paid into the general funds of the Council

(8) Indien 'n bedrag wat ooreenkomstig hierdie klousule verskuldig is nie teen die 15de dag van die maand wat volg op die maand ten opsigte waarvan dit betaalbaar is deur die Raad ontvang word nie, moet die werkgewer rente betaal op sodanige bedrag of op sodanige kleiner bedrag wat nie betaal is nie, bereken teen die koers van 1½ persent per maand of gedeelte daarvan vanaf sodanige 15de dag tot op die dag waarop betaling in kontant werklik deur die betrokke Streekraad ontvang word: Met dien verstande dat 'n Streekraad daartoe geregtig is om na goeddunke betaling van sodanige rente of gedeelte daarvan kwyt te skeld.

KLOUSULE 6.—ADMINISTRASIE

(1) Die Fonds moet geadministreer word ooreenkomstig die reëls wat deur die Raad goedgekeur is en wat nie onbestaanbaar moet wees met die bepalings van hierdie Ooreenkoms of van die Wet nie, en 'n kopie van die reëls en besonderhede omtrent wysigings daarvan moet aan die Direkteur-generaal van Mannekragbenutting gestuur word.

(2) Ingeval die Raad ontbind word of ingeval dit ophou om te funksioneer gedurende die duur van hierdie Ooreenkoms, kan die Nywerheidsregistrateur die Maatskappy aanstel om die funksies van die Raad ten opsigte van hierdie Ooreenkoms uit te voer. Indien die Maatskappy onwillig is of nie in staat is om die uitvoering van sodanige funksies te onderneem nie, kan die Nywerheidsregistrateur 'n trustee of trustees aanstel om die Raad se funksies uit te voer. Die Maatskappy of die trustee(s) aldus aangestel, besit al die bevoegdhede van die Raad vir die toepassing van hierdie Ooreenkoms.

KLOUSULE 7.—AGENTE

Die Raad of die Streekraad kan een of meer aangewese persone as agente aanstel om behulpsaam te wees met die uitvoering van hierdie Ooreenkoms, en dit is die plig van elke werkgewer en elke werknemer om sodanige persone toe te laat om dié perseel te betree, dié ondersoeke in te stel en te voltooi, en dié dokumente, boeke, loonstate, tydstate en loonkaarte na te gaan, en dié individue te ondervra en al dié dinge te doen wat nodig is ten einde vas te stel of hierdie Ooreenkoms nagekom word, en niemand mag 'n valse verklaring aan sodanige agent in verband met sy ondersoek doen nie.

KLOUSULE 8.—VERTONING VAN OOREENKOMS

Elke werkgewer moet 'n eksemplaar van hierdie Ooreenkoms, in die vorm by die regulasies ingevolge die Wet voorgeskryf, in leesbare druk en in albei amptelike tale van die Republiek van Suid-Afrika, op 'n opvallende plek in sy perseel opplak en opgeplak hou.

Namens die partye op hede die 18de dag van April 1980 te Johannesburg onderteken.

F. J. HACKNEY, President van die Raad.

W. DE KLERK, Vise-president van die Raad.

H. C. L. LOOCK, Sekretaris van die Raad.

AANHANGSEL A VAN DIE MOTORWERKERSPENSIOENFONDS-OOREENKOMS

AANSOEK OM REGISTRASIE AS LID

Fondsnommer .....
Vakverenigingnommer .....
Identiteitsnommer .....
Familienaam .....
Voorname .....
Geboortedatum ..... (jaar) ..... (maand) ..... (dag)
Geslag (man of vrou) .....
Werksaam by (werkgewer se naam en adres) .....
.....
Beroep .....
Aansoeker se huisadres .....
.....

Ek, die ondergetekende, lid van die ..... * doen hierby aansoek om as lid van die Motorwerkerspensioenfonds geregistreer te word en ek onderneem om die Reëls van die Fonds na te kom wat van tyd tot tyd van krag is.

Was u voorheen in die Motornywerheid werksaam? .....
As die antwoord "Ja" is, meld die werkgewer se naam en adres .....
.....

(8) Should any amount due in terms of this clause not be received by the Council by the 15th day of the month following the month in respect of which it is payable, the employer shall pay interest on such amount or on such lesser amount as remains unpaid, calculated at the rate of 1½ per cent per month or part thereof from such 15th day until the day upon which payment in cash is actually received by the Regional Council concerned: Provided that a Regional Council shall be entitled in its absolute discretion to waive the payment of such interest or part thereof.

CLAUSE 6.—ADMINISTRATION

(1) The Fund shall be administered in accordance with rules approved by the Council, which rules shall not be inconsistent with the provisions of this Agreement or of the Act, and a copy of the rules and details of any amendments to them shall be lodged with the Director-General of Manpower Utilisation.

(2) In the event of the dissolution of the Council or in the event of its ceasing to function during the currency of this Agreement, the Industrial Registrar may appoint the Company to perform the functions of the Council in respect of this Agreement. If the Company is unwilling or unable to undertake the performance of such functions, the Industrial Registrar may appoint a trustee or trustees to perform the Council's functions. The Company or the trustee(s) so appointed shall have all the powers vested in the Council for purposes of this Agreement.

CLAUSE 7.—AGENTS

The Council or any Regional Council may appoint one or more specified persons as agents to assist in giving effect to the terms of this Agreement, and it shall be the duty of every employer and every employee to permit such persons to enter such premises, institute and complete such enquiries and to examine such documents, books, wage sheets, time sheets and pay tickets, and to interrogate such individuals and to do all such acts as may be necessary for the purposes of ascertaining whether the provisions of this Agreement are being observed, and no person shall make a false statement to such agent in connection with his investigations.

CLAUSE 8.—EXHIBITION OF AGREEMENT

Every employer shall affix and keep affixed in some conspicuous place upon his premises, a copy of this Agreement in the form prescribed by the Regulations under the Act, in legible characters, in both official languages of the Republic of South Africa.

Signed at Johannesburg on behalf of the parties this 18th day of April 1980.

F. J. HACKNEY, President of the Council.

W. DE KLERK, Vice-President of the Council.

H. C. L. LOOCK, Secretary of the Council.

ANNEXURE A TO THE AUTO WORKERS' PENSION FUND AGREEMENT

APPLICATION FOR REGISTRATION AS A MEMBER

Fund No. .....
Union No. .....
Identity No. .....
Surname .....
First names .....
Date of birth ..... (year) ..... (month) ..... (day)
Sex (state male or female) .....
Employed by (employer's name and address) .....
.....
Occupation .....
Applicant's private address .....
.....

I, the undersigned, a member of the ..... * hereby apply to be registered as a member of the Auto Workers' Pension Fund and agree to abide by the provisions of the Fund's Rules in force from time to time.

Were you employed in the Motor Industry previously? .....
If answer is "Yes", state name and address of employer .....
.....

As my bevoordeelde ingeval ek te sterwe sou kom, benoem ek:

Voorname (Mnr./Mev./Mej.) .....
Familienaam .....
Verwantskap (vrou, man, vader, moeder, seun, dogter, na gelang van die geval) .....
Adres .....
Bevoordeelde se identiteitsnommer (indien van toepassing) .....

Datum ....
(Lid se naamtekening)

* Vul naam van vakvereniging in indien van toepassing.

SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK

Datum van ontvangs ..... Datum van registrasie .....
Datum van eerste betaling ..... Retoernommer .....

Nadat dit ingevul is, moet hierdie vorm gestuur word aan:

Die Streeksekretaris
Nasionale Nywerheidsraad vir die Motornywerheid
(Streek .....)
Posbus .....
.....

I nominate as my beneficiary in the event of my death:

First names (Mr/Mrs/Miss) .....
Surname .....
Relationship (state: wife, husband, father, mother, son, daughter, as the case may be) .....
Address .....
Identity No. of beneficiary (where applicable) .....

Date ....
(Member's signature)

* Please insert name of trade union if applicable.

FOR OFFICE USE ONLY

Date received ..... Date registered .....
Date of first payment ..... Return No. .....

When completed, this form must be sent to:

The Regional Secretary,
National Industrial Council for the Motor Industry
(..... Region)
P.O. Box .....
.....

No. R. 1511 25 Julie 1980

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

MOTORNYWERHEID.—WYSIGING VAN PENSIOENFONDSOOREENKOMS

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Mannekragbenutting, verklaar hierby, kragtens artikel 48 (1) (a) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, dat die bepalings van die Ooreenkoms (hierna die Wysigingsooreenkoms genoem) wat in die Bylae hiervan verskyn en op die Motornywerheid betrekking het, met ingang van 28 Julie 1980 en vir die tydperk wat op 30 Junie 1984 eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasies en die vakverenigings wat die Wysigingsooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van genoemde organisasies of verenigings is.

S. P. BOTHA, Minister van Mannekragbenutting.

BYLAE

DIE NASIONALE NYWERHEIDSRAAD VIR DIE MOTORNYWERHEID

PENSIOENFONDSOOREENKOMS VIR DIE MOTORNYWERHEID

ingevolge die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, gesluit deur en aangegaan tussen die

South African Motor Industry Employers' Association

en die

South African Vehicle Builders' and Repairers' Association

(hierna die "werkgewers" of die "werkgewersorganisasies" genoem), aan die een kant, en die

Motor Industry Employees' Union of South Africa

en die

Motor Industry Combined Workers' Union

(hierna die "werknemers" of die "vakverenigings" genoem), aan die ander kant,

wat die partye is by die Nasionale Nywerheidsraad vir die Motornywerheid,

om die Pensioenfondsooreenkoms vir die Motornywerheid, herbekragtig by Goewermentskennisgewing R. 2140 van 14 November 1975, soos gewysig en verleng by Goewermentskennisgewings R. 1033 van 17 Junie 1977, R. 356 van 3 Maart 1978 en R. 890 van 27 April 1979, soos volg te wysig:

No. R. 1511 25 July 1980

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

MOTOR INDUSTRY.—AMENDMENT OF PENSION FUND AGREEMENT

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Manpower Utilisation, hereby, in terms of section 48 (1) (a) of the Industrial Conciliation Act, 1956, declare that the provisions of the Agreement (hereinafter referred to as the Amending Agreement) which appears in the Schedule hereto and which relates to the Motor Industry, shall be binding, with effect from 28 July 1980 and for the period ending 30 June 1984, upon the employers' organisations and the trade unions which entered into the Amending Agreement and upon the employers and employees who are members of the said organisations or unions.

S. P. BOTHA, Minister of Manpower Utilisation.

SCHEDULE

THE NATIONAL INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE MOTOR INDUSTRY

MOTOR INDUSTRY PENSION FUND AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1956, made and entered into by and between the

South African Motor Industry Employers' Association

and the

South African Vehicle Builders' and Repairers' Association

(hereinafter referred to as the "employers" or the "employers' organisations") of the one part, and the

Motor Industry Employees' Union of South Africa

and the

Motor Industry Combined Workers' Union

(hereinafter referred to as the "employees" or the "trade unions"), of the other part,

being parties to the National Industrial Council for the Motor Industry,

to amend the Motor Industry Pension Fund Agreement, re-enacted by Government Notice R. 2140 of 14 November 1975 as amended and extended by Government Notices R. 1033 of 17 June 1977, R. 356 of 3 March 1978 and R. 890 of 27 April 1979, as follows:

IN LUMINE VIDE BIMUS LUMEN
University of Fort Hare

1. KLOUSULE 3.—ALGEMENE BEPALINGS

Vervang klousule 3 deur die volgende:

"3. ALGEMENE BEPALINGS

Klousules 3 tot 4, 5 (soos hieronder gewysig) en 6 tot en met 9 van die Ooreenkoms gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 1060 van 21 Junie 1974 is bindend vir die werkgewers en werknemers.".

2. KLOUSULE 5.—BYDRAES

Vervang subklousule (1) deur die volgende:

"(1) Elke vakman vir wie lidmaatskap van die Fonds verpligtend is ingevolge klousule 4 (1) moet 'n bedrag van R5 tot die Fonds bydra ten opsigte van elke week van sy diens in die Motornywerheid: Met dien verstande dat waar 'n vakman loon vir minder as 23 uur in 'n bepaalde week ontvang of geregtig is daarop, geen bydraes ten opsigte van so 'n week deur hom betaalbaar is nie.".

Namens die partye op hede die 13de dag van November 1979 te Johannesburg onderteken.

F. J. HACKNEY, President van die Raad.

W. DE KLERK, Vise-president van die Raad.

H. C. L. LOOCK, Sekretaris van die Raad.

1. CLAUSE 3.—GENERAL PROVISIONS

Substitute the following for clause 3:

"3. GENERAL PROVISIONS

Clauses 3 to 4, 5 (as amended hereunder) and 6 to 9 inclusive of the Agreement published under Government Notice R. 1060 of 21 June 1974 shall be binding upon the employers and employees.".

2. CLAUSE 5.—CONTRIBUTIONS

Substitute the following for subclause (1):

"(1) Every journeyman for whom membership of the Fund is compulsory in terms of clause 4 (1) shall contribute an amount of R5 to the Fund in respect of each week of his employment in the Motor Industry: Provided that where a journeyman receives or is entitled to receive wages for less than 23 hours in any week, no contributions shall be payable by him in respect of such week.".

Signed at Johannesburg on behalf of the parties this 13th day of November 1979.

F. J. HACKNEY, President of the Council.

W. DE KLERK, Vice-President of the Council.

H. C. L. LOOCK, Secretary of the Council.

IN LUMINE TUO VIDE BIMUS LUMEN
University of Fort Hare
Together in Excellence

INHOUD

No.		Page No.	Gazette No.
Mannekragbenutting, Departement van			
Goewermentskennisgewings			
R. 1510	Wet op Nywerheidsversoening (28/1956): Motornywerheid: Pensioenfondsooreenkoms vir Motorwerkers	1	7137
R. 1511	do.: do.: Wysiging van Pensioenfondsooreenkoms	6	7137

CONTENTS

No.		Bladsy No.	Staats-koerant No.
Manpower Utilisation, Department of			
Government Notices			
R. 1510	Industrial Conciliation Act (28/1956): Motor Industry: Auto Workers Pension Fund Agreement	1	7137
R. 1511	do.: do.: Amendment of Pension Fund Agreement	6	7137

University of Fort Hare
Together in Excellence

Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker,
Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001

Printed by and obtainable from the Government Printer,
Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001

7137—1


7138
University of Fort Hare
Together in Excellence

STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE

PRYS + 1c AVB 20c PRICE + 1c GST
As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer BUITELANDS 30c ABROAD *Registered at the Post Office as a Newspaper*
POSVRY · POST FREE

VOL. 181] PRETORIA, 18 JULIE / JULY 1980 [No. 7138

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE

No. 1536 18 Julie 1980

ONGEWENSTE PUBLIKASIES OF VOORWERPE

'n Komitee bedoel in artikel 4 van die Wet op Publikasies, 1974, het kragtens artikel 11 (2) van genoemde Wet beslis dat die ondergenoemde publikasies of voorwerpe ongewens is binne die bedoeling van artikel 47 (2) van genoemde Wet:

GOVERNMENT NOTICES

DEPARTMENT OF THE INTERIOR

No. 1536 18 July 1980

UNDESIRABLE PUBLICATIONS OR OBJECTS

A committee referred to in section 4 of the Publications Act, 1974, decided under section 11 (2) of the said Act that the undermentioned publications or objects are undesirable within the meaning of section 47 (2) of the said Act:

LYS/LIST P80/39

Inskrywing No. Entry No.	Publikasie of voorwerp Publication or object	Skrywer of voortbringer Author or producer	Artikel 47 (2) Section 47 (2)
P80/5/120	*Act of Love, The*	Harvey T. Leathem with Hugh A. Jones	(a)
P80/7/1	*African Frontline*—No 3, June 1980	AFROSOC	(e)
P80/7/3	*Apartheid War Machine, The*—Fact Paper on Southern Africa No 8, 1980	International Defence & Aid Fund, London	(e)
P80/7/8	*Forge, The*—Vol. 5, No 22, June 6, 1980	The Forge, Montreal, Quebec	(e)
P80/7/9	*South African Church and the Military, The*	SAMRAF, London, UK	(e)
P80/7/26	*People's History, A Resistance in South Africa*	National Union of South African Students, University of Cape Town	(e)
P80/7/39	*United Nations: Centre Against Apartheid:* Notes and Documents—No 8/79, February 1980	United Nations, Department of Political and Security Council Affairs	(e)
P80/7/40	*United Nations: Centre Against Apartheid:* Notes and Documents—No 6/80, March 1980	United Nations, Department of Political and Security Council Affairs	(e)
P80/7/41	*United Nations: Centre Against Apartheid:* Notes and Documents—No 7/80, April 1980	United Nations, Department of Political and Security Council Affairs	(e)
P80/7/42	*United Nations: Centre Against Apartheid:* Notes and Documents—No 11/80, April 1980	United Nations, Department of Political and Security Council Affairs	(e)
P80/7/44	*United Nations: Centre Against Apartheid:* Notes and Documents—No 13/80, April 1980	United Nations, Department of Political and Security Council Affairs	(e)
P80/7/56	*Resister*—Bulletin No 8, May/June 1980	Committee on South African War Resistance, London	(e)
P80/7/58	*People Demand . . . The Freedom Charter—25th Anniversary—26th June* (Pamflet/Pamphlet)	Nie vermeld nie/Not stated	(e)
P80/7/61	*June: The Past is with us*	S.A.M., University of the Witwatersrand, Johannesburg	(d)+(e)
P80/7/66	*Muslim News*—Vol 20, No 12, July 4, 1980	Muslim News Publications, Athlone	(e)
P80/7/77	*Edenvale Hydraulic & Engineering Supplies (Pty) Ltd* 1980 (Kalender/Calendar)	Nie vermeld nie/Not stated	(a)
P80/7/78	*Betta Panelbeaters (Pty) Ltd* 1979 (Kalender/Calendar)	Optima Publishers, Braamfontein, Johannesburg	(a)
P80/4/45	*Zanzara*	Michaela Morgan	(a)
P80/6/91	*Up & Coming*	Molly Parkin	(a)+(b)
P80/6/13	*Contemporary Anarchism*	Edited by Terry M. Perlin	(e)

No. 1537 18 Julie 1980

VERBOD OP BESIT VAN ONGEWENSTE PUBLIKASIES

'n Komitee bedoel in artikel 4 van die Wet op Publikasies, 1974, wat kragtens artikel 11 (2) van genoemde Wet beslis het dat die ondergenoemde publikasies ongewens is binne die bedoeling van artikel 47 (2) van genoemde Wet, het kragtens artikel 9 (3) van genoemde Wet die besit van genoemde publikasies verbied. Genoemde verbod is kragtens artikel 9 (5) van genoemde Wet deur die Appèlraad oor publikasies bekragtig:

No. 1537 18 July 1980

PROHIBITION ON POSSESSION OF UNDESIRABLE PUBLICATIONS

A committee referred to in section 4 of the Publications Act, 1974, which decided under section 11 (2) of the said Act that the undermentioned publications are undesirable within the meaning of section 47 (2) of the said Act, has under section 9 (3) of the said Act, prohibited the possession of the said publications. The said prohibition was confirmed by the Publications Appeal Board under section 9 (5) of the said Act:

Inskrywing No Entry No.	Publikasie of voorwerp Publication or object	Skrywer of voortbringer Author or producer	Artikel 47 (2) Section 47 (2)
P80/4/27	*Forum: The International Journal of Human Relations*—Vol 13, No 2, April 1980	Forum Press Ltd, London	(a)
P80/4/70	*Muriel*	Serge Laurac	(a)
P80/4/72	*Voyeurs De Belle, Les*	René Charvin	(a)
P80/4/73	*Vacances De Laurette, Les*	Serge Laurac	(a)
P80/4/95	*Workers' Movement, SACTU and the ANC, The: a Struggle for Marxist Policies*	Printed by Cambridge Heath Press Ltd, London	(e)
P80/4/116	*Sechaba*—March 1980	African National Congress of South Africa, Tanzania	(e)
P80/4/121	*People's Power in Mozambique, Angola & Guinea-Bissau*—No 15, Winter 1979	Mozambique, Angola and Guine Information Centre, London	(e)
P80/4/134	*Documents of the AAPSO International Conference in Support of the Liberation Movements in Southern Africa and in Solidarity with the Frontline States*	AAPSO Permanent Secretariat, c/o Horizont, Prague	(e)
P80/5/35	*Parade*—Vol 1, No 9	Top Sellers Ltd, London	(a)
P80/5/49	*Sechaba*—May 1980	African National Congress of South Africa, Tanzania	(e)
P80/5/53	*Playboy*—Vol 26, No 10, October 1979	Playboy, Chicago	(a)
P80/5/55	*Playboy*—Vol 27, No 3, March 1980	Playboy, Chicago	(a)
P80/5/56	*Playgirl*—Vol VI, No 5, October 1978	Playgirl Inc, Los Angeles	(a)
P80/5/57	*Interviu*—Ano 2, No 75, 20–26 Octubre 1977	Cincozero, Grupo de Promoción, Barcelona, Madrid	(a)
P80/5/58	*Club International*—Vol 8, No 3	Paul Raymond Publications Ltd, London	(a)
P80/5/59	*Private National News*—Issue 1	Graham Barker, London	(a)
P80/5/60	*Whitehouse*—Issue 19	David Reed and Graham Barker/Kelerfern Ltd, London	(a)
P80/5/61	*Penthouse*—Vol 14, No 11, 1980	Penthouse Publication Ltd, London	(a)
P80/5/62	*Hustler*—Vol 6, No 10, April 1980	Hustler Magazine Inc, Los Angeles, California	(a)
P80/5/63	*Oui*—Vol 8, No 10, October 1979	Playboy Publications Inc, Chicago	(a)
P80/5/64	*Mayfair*—Vol 8, No 8	Fisk Publishing Co Ltd, London	(a)
P89/5/65	*Mayfair*—Vol 13, No 8	Fisk Publishing Co Ltd, London	(a)
P80/5/66	*Mayfair*—Vol 15, No 1	Fisk Publishing Co Ltd, London	(a)
P80/5/67	*Loving Women* (Second Edition Revised)	The Nomadic Sisters	(a)
P80/5/75	*Sechaba*—April 1980	African National Congress of South Africa, Tanzania	(e)
P80/5/82	*Hot and Horny Females/Passion Prevails* (Beeline Double Novel)	Viola Vixen and Wanda Mann	(a)+(b)
P80/5/102	*Tempo*—No 498, 27 de Abril de 1980	Tempográfica, República Popular de Moçambique	(e)
P80/5/105	*Frauen Im Befreiungskampf* (Edition Südliches Afrika No 5)	Informationstelle Südliches Afrika (ISSA), Bonn	(e)
P80/5/106	*Kim Il Sung On the Non-Aligned Movement*	Foreign Languages Publishing House, Pyongyang, Korea	(e)
P80/5/113	*Shell Smeer 'Em!*	Komitee Zuidelijk Afrika, Amsterdam/Werkgroep Kairos, Utrecht	(e)
P80/5/115	*Che*: Selected Works of Ernesto Guevara	Rolando E Bonachea and Nelson P Valdés	(e)
P80/5/131	*Cave Man Sex* (Complete and Unexpurgated)	Collectors Publications Ltd, California	(a)
P80/5/151	*Dome*—No 3, April	SRC, University of Natal, Durban	(e)
P80/5/163	*Support the Workers of Table Bay Cold Storage* (Pamflet/Pamphlet)	Western Province General Workers Union	(e)
P80/5/70	*People's Power in Mozambique, Angola and Guinea-Bissau*—No 7 & 8, June 1977	Mozambique, Angola and Guine Information Centre, London	(e)
P80/6/2	*United Nations Activities against Apartheid* (Plakkaat/Poster)	Education Information Programmes, New York	(e)
P80/6/12	*Christians and Churches in the GDR*	Panorama DDR, 1054 Berlin	(e)
P80/7/38	*African National Congress ere: A Re Lweleng Tokologô!!* (Pamflet/Pamphlet)	A N C	(e)

No. 1538 18 Julie 1980

ONGEWENSTE PUBLIKASIES OF VOORWERPE.—REGSTELLINGS

In *Staatskoerant* 6273, in Goewermentskennisgewing 99 van 19 Januarie 1979, vervang die inskrywing P79/1/121 deur die volgende inskrywing.

No. 1538 18 July 1980

UNDESIRABLE PUBLICATIONS OR OBJECTS.—CORRECTIONS

In *Government Gazette* 6273, in Government Notice 99 of 19 January 1979, substitute the following entry for entry P79/1/121.

Inskrywing No. Entry No.	Publikasie of voorwerp Publication or object	Skrywer of voortbringer Author or producer	Artikel 47 (2) Section 47 (2)
P79/1/121.....	"*Hyperemiator*"—Instruksiepamflet / Instruction pamphlet "*read all of the instructions before using*" en publikasie/and publication "*penis enlargement techniques*"	J. C. Hackney.....	(a)

No. 1539 18 Julie 1980

ONGEWENSTE PUBLIKASIES OF VOORWERPE.—REGSTELLINGS

In *Staatskoerant* 7063, in Goewermentskennisgewing 1222 van 6 Junie 1980, onder "Inskrywing No" vervang P76/8/32 met P80/5/173.

No. 1539 18 July 1980

UNDESIRABLE PUBLICATIONS OR OBJECTS.—CORRECTIONS

In *Government Gazette* 7063, in Government Notice 1222 of 6 June 1980, under "Entry No" substitute P76/8/32 with P80/5/173.

DEPARTEMENT VAN INDIËRSAKE

No. 1543 18 Julie 1980

WET OP DIE SUID-AFRIKAANSE INDIËRRAAD, 1968 (WET 31 VAN 1968)

HERROEPING VAN DIE DELEGERING VAN SEKERE BEVOEGDHEDE AAN DIE UITVOERENDE KOMITEE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE INDIËRRAAD

Ek, Stephanus Jacobus Marais Steyn, Minister van Indiërsake, herroep hierby die bevoegdhede gedelegeer ingevolge Goewermentskennisgewing 7 van 2 Januarie 1976 ten opsigte van artikels 3 (3) en 33 (1) (e) van die Wet op Onderwys vir Indiërs, 1965 (Wet 61 van 1965).

S. J. M. STEYN, Minister van Indiërsake.

No. 1544 18 Julie 1980

WET OP ONDERWYS VIR INDIËRS, 1965 (WET 61 VAN 1965)

WYSIGING VAN REGULASIES BETREFFENDE DIE TOELATING VAN PERSONE TOT STAAT- EN STAATSONDERSTEUNDE SKOLE

Die Minister van Indiërsake het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 33 (1) (e) van die Wet op Onderwys vir Indiërs, 1965 (Wet 61 van 1965), die Regulasies uitgevaardig soos in die Bylae uiteengesit.

BYLAE

1. In hierdie Bylae beteken "die Regulasies" die regulasies uitgevaardig by Goewermentskennisgewing R. 723 van 13 Mei 1966.

2. Regulasie 10 van die Regulasies word hierby gewysig—

(a) deur in subregulasie (1) die woorde "op skool" te skrap;

(b) deur in subregulasie (1) die woorde "die feite" deur die woorde "sodanige gedrag" te vervang;

(c) deur in subregulasie (4) die woorde "op aanbeveling van die prinsipaal" te skrap.

S. J. M. STEYN, Minister van Indiërsake.

DEPARTMENT OF INDIAN AFFAIRS

No. 1543 18 July 1980

THE SOUTH AFRICAN INDIAN COUNCIL ACT, 1968 (ACT 31 OF 1968)

REPEAL OF DELEGATION OF CERTAIN POWERS TO THE EXECUTIVE COMMITTEE OF THE SOUTH AFRICAN INDIAN COUNCIL

I, Stephanus Jacobus Marais Steyn, Minister of Indian Affairs, hereby repeal the powers delegated in terms of Government Notice 7 of 2 January 1976 in respect of sections 3 (3) and 33 (1) (e) of the Indians Education Act, 1965 (Act 61 of 1965).

S. J. M. STEYN, Minister of Indian Affairs.

No. 1544 18 July 1980

THE INDIANS EDUCATION ACT, 1965 (ACT 61 OF 1965)

AMENDMENT OF REGULATIONS GOVERNING THE ADMISSION OF PERSONS TO STATE AND STATE-AIDED SCHOOLS FOR INDIANS

The Minister of Indian Affairs by virtue of the powers vested in him by section 33 (1) (e) of the Indians Education Act, 1965 (Act 61 of 1965), has made the Regulations set out in the Schedule.

SCHEDULE

1. In this Schedule "the Regulations" means the regulations promulgated under Government Notice R. 723 of 13 May 1966.

2. Regulation 10 of the Regulations is hereby amended—

(a) by the deletion in subregulation (1) of the words "at school";

(b) by the substitution in subregulation (1) for the words "the facts" of the words "such conduct";

(c) by the deletion in subregulation (4) of the words "on the recommendation of the principal".

S. J. M. STEYN, Minister of Indian Affairs.

INHOUD

No.		Bladsy No.	Staatskoerant No.
Binnelandse Sake, Departement van			
Goewermentskennisgewings			
1536	Wet op Publikasies (42/1974): Ongewenste publikasies of voorwerpe: Lys P80/39	1	7138
1537	do.: Verbod	2	7138
1538	do.: Verbeteringskennisgewing	3	7138
1539	do.: do.	3	7138
Indiërsake, Departement van			
Goewermentskennisgewings			
1543	Wet op die Suid-Afrikaanse Indiërraad (Wet 31 van 1968): Herroeping van die delegering van sekere bevoegdhede aan die Uitvoerende Komitee van die Suid-Afrikaanse Indiërraad	3	7138
1544	Wet op Onderwys vir Indiërs (Wet 61 van 1965): Wysiging van Regulasies betreffende die toelating van persone tot staat- en staatsondersteunde skole vir Indiërs	3	7138

CONTENTS

No.		Page No.	Gazette No.
Interior, Department of the			
Government Notices			
1536	Publications Act (42/1974): Undesirable publications or objects: List P80/39	1	7138
1537	do.: Prohibition	2	7138
1538	do.: Correction notice	3	7138
1539	do.: do.	3	7138
Indian Affairs, Department of			
Government Notices			
1543	The South African Indian Council Act (Act 31 of 1968): Repeal of delegation of certain powers to the Executive Committee of the South African Indian Council	3	7138
1544	The Indians Education Act (Act 61 of 1965): Amendment of Regulations governing the admission of persons to State and State-aided schools for Indians	3	7138

Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001

7138—1


7139
University of Fort Hare
Together in Excellence

STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE

PRYS + 1c AVB 20c PRICE + 1c GST
BUITELANDS 30c ABROAD
POSVRY · POST FREE

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer *Registered at the Post Office as a Newspaper*

Vol. 181] PRETORIA, 25 JULIE / JULY 1980 [No. 7139

University of Fort Hare
Together in Excellence

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

DEPARTEMENT VAN BUITELANDSE SAKE EN INLIGTING

No. 1547 25 Julie 1980

ERKENNING AS KONSUL-GENERAAL

Hierby word bekendgemaak dat aan mnr. Christian Frederik Kisum met ingang van 1 Junie 1980 erkenning verleen is as Konsul-generaal van Denemarke in Johannesburg met die Republiek van Suid-Afrika as sy regsgebied. Mnr. Kisum is die opvolger van mnr. B. W. Paulson.

[72/59/3 (32)]

No. 1548 25 Julie 1980

Hierby word bekendgemaak dat ondergenoemde persone ingevolge artikel 4 van die Wet op Diplomatieke Voorregte, 1951 (Wet 71 van 1951), geregistreer is as geregtig op diplomatieke immuniteit kragtens genoemde Wet:

1. *Ambassade van Kanada.*

Mnr. N. H. Thomson.
Mev. M. A. Thomson.

2. *Gesantskap van Finland.*

Mnr. P. Kaukonen.

3. *Ambassade van Griekeland.*

S.E. dr. M.-A. Papageorgiou.
Mev. S. Papageorgiou.
Mej. A. Papageorgiou.
Jongeheer P. Papageorgiou.
Jongejuffrou M. C. Papageorgiou.

4. *Ambassade van Nederland.*

Mev. M. A. P. Nijenhuis-Verbruggen.

"Bedryfsinrigting" beteken enige plek waarin of in verband waarmee een of meer werknemers werksaam is in 'n aktiwiteit in verband met die was-en-stryk-, skoonmaak- of kleurberoep en sluit 'n depot en/of voertuig in en sluit ook 'n plek in waar was- en/of afwerkingsfasiliteite verskaf word vir gebruik deur lede van die publiek deur middel van 'n outomatiese of halfoutomatiese proses, maar dit sluit nie 'n hotel in nie ten opsigte waarvan daar 'n hoteldranklisensie gehou word of gehou moet word en wat artikels vir was, skoonmaak, kleur, stryk, pars of heelmaak van inwonende gaste van die hotel ontvang om op sodanige eie perseel gewas, skoongemaak, gekleur, gestryk, gepars of heelgemaak te word.

"Afwerking" beteken die pars, stryk, stoom of tuimel van artikels in fatsoen, met die hand of deur middel van 'n blok, kalander, mangel, vormer, fatsoeneerder of enige ander pars- of stoommasjien of deur middel van 'n ander pars- of afwerkingsproses van watter aard ook al.

"Artikel" beteken 'n voorwerp wat by 'n bedryfsinrigting ingelewer of aangebied word met die doel om gewas en gestryk, droogskoongemaak of gekleur te word.

Posadres van applikant.—Posbus 25271, Ferreirasdorp, 2048.

Kantooradres van applikant.—Kamer 38, Tweede Verdieping, Estromin House, Simmondsstraat 47a, Johannesburg.

Die aandag word gevestig op onderstaande vereistes van artikel 4 van die Wet:

(a) Die mate waarin 'n vakvereniging wat teen die aansoek beswaar maak, verteenwoordigend is, word ingevolge subartikel (4) bepaal volgens die feite soos hulle bestaan het op die datum waarop die aansoek ingedien is, en wat die lidmaatskap betref, word alleen lede wat ingevolge artikel 1 (2) van die Wet op voormelde datum volwaardige lede was, in aanmerking geneem.

(b) Die prosedure voorgeskryf by subartikel (2) moet gevolg word in verband met 'n beswaar wat ingedien word.

M. W. J. LE ROUX, Nywerheidsregistrateur.

(25 Julie 1980)

"Establishment" means any place in or in connection with which one or more emplyees are engaged in any activity involved in laundering, cleaning or dyeing occupations, and includes a depot and/or vehicle and also includes any place where washing and/or finishing facilities are provided for use by members of the public by means of any automatic or semi-automatic process, but does not include a hotel in respect of which there is held or required to be held a hotel liquor licence and which receives articles for washing, cleaning, dyeing, ironing pressing or mending from resident guests of the hotel to be washed, cleaned, dyed, ironed, pressed or mended upon such own premises.

"Finishing" means pressing, ironing, steaming or tumbling articles to shape by hand or by means of a block, calendar, mangle, former, shaper or any other pressing or steaming machine or by any other pressing or finishing process whatsoever.

"Article" means any object which is submitted or presented to an establishment for the purpose of laundering, dry cleaning or dyeing.

Postal address of applicant.—P.O Box 25271, Ferreirasdorp, 2048

Office address of applicant.—Room 38, Second Floor, Estromin House, 47a Simmonds Street, Johannesburg.

Attention is drawn to the following requirements of section 4 of the Act:

(a) The representativeness of any trade union which objects to the application shall, in terms of subsection (4), be determined on the facts as they existed at the date on which the application was lodged and, as far as membership is concerned, only members who were in good standing in terms of section 1 (2) of the Act as at the aforesaid date shall be taken into consideration.

(b) The procedure laid down in subsection (2) must be followed in connection with any objection lodged.

M. W. J. LE ROUX, Industrial Registrar.

(25 July 1980)

KENNISGEWING 515 VAN 1980

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË EN HAWENS

KENNISGEWING INSAKE ONTEIENING VERWYSING LAG1/1/102/8

Aan wie dit mag aangaan

Ooreenkomstig die bepalings van artikel 7 (4) van die Onteieningswet, 1975 (Wet 63 van 1975), word die eienaars van alle onderverdelings van die restant van Onderverdeling 37 van die plaas Sterkspruit 907, geleë in die county Pietermaritzburg, provinsie Natal, hierby in kennis gestel van die onteiening deur die Republiek van Suid-Afrika (in sy Administrasie van Spoorweë en Hawens) van—

sekere grond groot ongeveer 5 600 vierkante meter, synde 'n gedeelte van die restant van Onderverdeling 37 van die plaas Sterkspruit 907, geleë in die county Pietermaritzburg, provinsie Natal, soos breedvoeriger aangetoon op Plan CC677E/1, omrede daarvan dat hulle die voordeel het van die gebruik van alle paaie oor die genoemde restant,

NOTICE 515 OF 1980

SOUTH AFRICAN RAILWAYS AND HARBOURS

NOTICE IN RESPECT OF EXPROPRIATION REFERENCE LAG1/1/102/8

To whom it may concern

In compliance with the provisions of section 7 (4) of the Expropriation Act, 1975 (Act 63 of 1975), the owners of all the subdivisions of the remainder of subdivision 37 of the farm Sterkspruit 907, situate in the County of Pietermaritzburg, Province of Natal, are hereby notified of the expropriation by the Republic of South Africa (in its Railways and Harbours Administration) of—

certain land in extent approximately 5 600 square metres, being portion of the remainder of Subdivision 37 of the farm Sterkspruit 907, situate in the County of Pietermaritzburg, Province of Natal, as more fully shown on Plan CC677E/1 by reason of the fact that they have the benefit of the use of all roads over the said remainder.

University of Fort Hare

Plan CC677E/1 lê ter insae in die kantoor van die Hoofbestuurder, Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens, Johannesburg, en dié van die Afdelingsbestuurder, Durban.

Let asseblief daarop dat eiendomsreg in die onteiende goed, bevry van alle verbande (as daar is), kragtens artikel 8 van bogemelde Wet op die Administrasie van Spoorweë en Hawens oorgegaan het op 5 Julie 1979, maar dat die grond onderworpe bly aan ander geregistreerde regte ten gunste van derdes tensy of totdat dié regte van die eienaar daarvan onteien is.

Assistent-superintendent (Landgoed).

Adres: Hoofbestuurder, Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens, Privaatsak X47, Johannesburg, 2134.

(25 Julie 1980)

Plan CC677E/1 is available for inspection in the office of the General Manager, South African Railways and Harbours, Johannesburg, and that of the System Manager, Durban.

Please note that in terms of section 8 of the abovementioned Act ownership of the expropriated property passed to the Railways and Harbours Administration free of all bonds (if any) on 5 July 1979 but that the land remains subject to other registered rights in favour of third parties unless or until such rights have been expropriated from the owner thereof.

Assistant Superintendent (Estates).

Address: General Manager, South African Railways and Harbours, Private Bag X47, Johannesburg, 2134.

(25 July 1980)

KENNISGEWING 516 VAN 1980

DEPARTEMENT VAN POS- EN TELEKOMMUNIKASIEWESE

TARIEFLYS VIR TELEKOMMUNIKASIE-DIENSTE

Kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 2B (1) (e) van die Poswet, 1958 (Wet 44 van 1958), maak die Posmeester-generaal bekend dat die Tarieflys vir Telekommunikasiedienste afgekondig by Goewermentskennisgewing 1192 van 1 Julie 1977, soos gewysig, hierby verder gewysig word soos in die Bylae uiteengesit. Hierdie wysiging word kragtens 'n algemene magtiging van die Administrateur-generaal vir die gebied Suidwes-Afrika ook ten opsigte van daardie gebied gedoen en is in genoemde gebied van toepassing.

BYLAE

DEEL 4: INTERNASIONALE TELEKOMMUNIKASIETARIEWE

Item 34.1 *Operateurbeheerde oproepe:*

Vervang die besonderhede ten opsigte van China, Republiek (Taiwan) deur die volgende:

Diens na	Grondtarief		Persoonlike-oproepgeld
	3 min.	1 min.	
"China, Republiek (Taiwan)	R 9	R 3	R 3".

(25 Julie 1980)

NOTICE 516 OF 1980

DEPARTMENT OF POSTS AND TELECOMMUNICATIONS

TARIFF FOR TELECOMMUNICATION SERVICES

By virtue of the powers vested in him by section 2B (1) (e) of the Post Office Act, 1958 (Act 44 of 1958, the Postmaster-General announces that the Tariff for Telecommunication Services promulgated by Government Notice 1192 of 1 July 1977, as amended, is hereby further amended as set out in the Schedule hereto. Under a general authority by the Administrator-General for the territory of South West Africa this amendment is being effected also in respect of that territory and applies in the said territory.

SCHEDULE

PART 4: INTERNATIONAL TELECOMMUNICATION RATES

Item 34.1 *Operator-controlled calls:*

Substitute the following for the particulars in respect of China, Republic of (Taiwan):

Service to	Basic rate		Personal call
	3 min.	1 min.	
"China, Republic of (Taiwan)	R 9	R 3	3".

(25 July 1980)

KENNISGEWING 517 VAN 1980

DOEANE- EN AKSYNSTARIEFAANSOEKE.—LYS 24/80

Onderstaande aansoeke betreffende die Doeane- en Aksynstarief is deur die Raad van Handel en Nywerheid ontvang. Enige beswaar teen of kommentaar op hierdie vertoë moet binne ses weke na die datum van hierdie kennisgewing aan die Raad van Handel en Nywerheid, Privaatsak X342, Pretoria, 0001, gerig word, behalwe in die geval van aansoeke om korting van die reg ingevolge item 470.03, in welke geval die periode twee weke is.

NOTICE 517 OF 1980

CUSTOMS AND EXCISE TARIFF APPLICATIONS.—LIST 24/80

The following applications concerning the Customs and Excise Tariff have been received by the Board of Trade and Industries. Any objections to or comments on these representations must be submitted to the Board of Trade and Industries, Private Bag X342, Pretoria, 0001, within six weeks of the date of this notice, except in the case of applications for rebate of the duty in terms of item 470.03, where the period is two weeks.

Verhoging van die reg op:

1. (a) Draad, van aluminium, indeelbaar by tariefsubpos 76.02.90, van 3 persent *ad valorem* tot 20 persent *ad valorem*; en

(b) draadkabel, -touwerk en -tou, van aluminium, indeelbaar by tariefsubpos 76.12.10, van 5 persent *ad valorem* tot 20 persent *ad valorem*. [RHN-verw. T5/2/15/4/1 (B56/80).]

Applikant:

Die Unie Staalkorporasie (van Suid-Afrika) Beperk, Posbus 48, Vereeniging, 1930.

2. Freesmasjiene van die toringtipe, indeelbaar by tariefsubpos 84.45.27, van vry van reg tot 20 persent *ad valorem*. [RHN-verw. T5/2/16/2/2 (B55/80).]

Applikant:

Six Hundred Manufacturing (Pty) Ltd, Posbus 600, Kempton Park, 1620.

Korting van die reg (in Bylae 4) op:

Onderklere, indeelbaar by tariefsubpos 60.04.90, ontwerp vir gebruik met inkontinensiekussinkies. [RHN-verw. T5/2/11/8/1 (D73/80).]

Applikant:

Kendon Laboratories (Edms.) Bpk., Posbus 4741, Durban, 4000.

Korting van die reg (ingevolge item 470.03) op:

Plastieksakke indeelbaar by tariefsubpos 39.07.90.90, geweefde etikette indeelbaar by tariefsubpos 58.06 en plastiekknope indeelbaar by tariefsubpos 98.01.90, vir die vervaardiging van klerasie vir uitvoer. [RHN-verw. T5/2/11/9/1 (H140/80).]

Applikant:

Clobok Trading (Edms.) Bpk., Posbus 691, Durban, 4000.

Kyk Algemene Kennisgewing 508 van 18 Julie 1980 vir Lys 23/80.

(25 Julie 1980)

Increase in the duty on:

1. (a) Wire, of aluminium, classifiable under tariff subheading 76.02.90, from 3 per cent *ad valorem* to 20 per cent *ad valorem*; and

(b) wire cable, cordage and rope, of aluminium, classifiable under tariff subheading 76.12.10, from 5 per cent *ad valorem* to 20 per cent *ad valorem*. [BTI Ref. T5/2/15/4/1 (B56/80).]

Applicant:

The Union Steel Corporation (of South Africa) Limited, P.O. Box 48, Vereeniging, 1930.

2. Milling machines of the turret type, classifiable under tariff subheading 84.45.27, from free of duty to 20 per cent *ad valorem*. [BTI Ref. T5/2/16/2/2 (B55/80).]

Applicant:

Six Hundred Manufacturing (Pty) Ltd, P.O. Box 600, Kempton Park, 1620.

Rebate of the duty (in Schedule 4) on:

Undergarments, classifiable under tariff subheading 60.04.90, designed for use with incontinence pads. [BTI Ref. T5/2/11/8/1 (D73/80).]

Applicant:

Kendon Laboratories (Pty) Ltd, P.O. Box 4741, Durban, 4000.

Rebate of the duty (in terms of item 470.03) on:

Plastic bags, classifiable under tariff subheading 39.07.90.90, woven labels, classifiable under tariff subheading 58.06, and plastic buttons, classifiable under tariff subheading 98.01.90, for the manufacture of clothing for export. [BTI Ref. T5/2/11/9/1 (H140/80).]

Applicant:

Clobok Trading (Pty) Ltd, P.O. Box 691, Durban, 4000.

For List 23/80 see General Notice 508, dated 18 July 1980.

(25 July 1980)

KENNISGEWING 519 VAN 1980

DEPARTEMENT VAN SAMEWERKING EN ONTWIKKELING

NOORD-OOSTELIKE APPÈLHOF.—SITTINGS

Die Sekretaris van Samewerking en Ontwikkeling het, kragtens artikel 13 (6) van die Swart Administrasie Wet, 1927 (Wet 38 van 1927), bepaal dat sittings van die Noord-Oostelike Appèlhof om 09h00 of so spoedig daarna as wat gerieflik mag wees, op onderstaande plekke en datums 'n aanvang sal neem:

Durban.—Kamer 142, Masonic Laning Staatskantore, Maandag, 21 Julie 1980, en Maandag, 29 September 1980.

Eshowe.—Landdroskantoor, Donderdag, 10 Julie 1980, en Donderdag, 23 Oktober 1980.

Pietermaritzburg.—Pietermaritzstraat 399, Dinsdag, 23 September 1980.

Pretoria.—Kommissariskantoor, Lorentzstraat, Pretoria-Wes, Donderdag, 18 September 1980.

(25 Julie 1980)

NOTICE 519 OF 1980

DEPARTMENT OF CO-OPERATION AND DEVELOPMENT

NORTH EASTERN APPEAL COURT.—SESSIONS

The Secretary for Co-operation and Development has, in terms of section 13 (6) of the Black Administration Act, 1927 (Act 38 of 1927), fixed the following places at which and dates on which the North Eastern Appeal Court will commence sessions at 09h00 or as soon thereafter as may be convenient:

Durban.—Room 142, Masonic Grove Government Offices, Monday, 21 July 1980, and Monday, 29 September 1980.

Eshowe.—Magistrate's Office, Thursday, 10 July 1980, and Thursday, 23 October 1980.

Pietermaritzburg.—399 Pietermaritz Street, Tuesday, 23 September 1980.

Pretoria.—Commissioner's Buildings, Lorentz Street, Pretoria West, Thursday, 18 September 1980.

(25 July 1980)

KENNISGEWING 518 VAN 1980

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM GOEDKEURING VIR DIE OPRIGTING VAN 'N NUWE ABATTOIR KRAGTENS ARTIKEL 12 (1) VAN DIE WET OP DIE ABATTOIRBEDRYF, 1976 (WET 54 VAN 1976)

Kennis geskied hiermee kragtens artikel 12 (1) van die Wet op die Abattoirbedryf, 1976 (Wet 54 van 1976), dat die Munisipaliteit van Ventersdorp, Posbus 15, Ventersdorp, kragtens artikel 11 van genoemde Wet by die Minister van Landbou en Visserye aansoek gedoen het om goedkeuring vir die oprigting van 'n nuwe abattoir te Resterende Gedeelte 25, Roodepoort 191, Ventersdorp.

Indien die aansoek toegestaan word, sal die abattoir gebruik word vir die slag van 20 beeste, ses kalwers, 60 skape en bokke en 20 varke per dag vir die voorsiening van vleis aan die inwoners van Ventersdorp en Welverdiend.

Iemand wat vertoë of besware in verband met bogenoemde aansoek wil rig, moet sodanige vertoë of besware aan die Voorsitter, Abattoirkommissie, Privaatsak X250, Pretoria, 0001, rig binne 'n tydperk van 30 dae vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing en op die wyse uiteengesit in die regulasies kragtens genoemde Wet uitgevaardig.

Aandag word gevestig op die bepaling van regulasie 11 (6) van die genoemde regulasies wat vereis dat iemand wat vertoë of besware teen 'n aansoek aan die Minister voorlê, terselfdertyd 'n afskrif van die stuk waarin sy besware uiteengesit is op die betrokke applikant moet bestel.

H. DE BRUYN, namens Direkteur-generaal van Landbou en Visserye (Landbou-ekonomie en -bemarking: Abattoirkommissie).

L.W.—Die regulasies vereis dat besware onder eed bevestig en in drievoud voorgelê moet word.

(25 Julie 1980)

NOTICE 518 OF 1980

NOTICE OF APPLICATION FOR APPROVAL FOR THE ERECTION OF A NEW ABATTOIR IN TERMS OF SECTION 12 (1) OF THE ABATTOIR INDUSTRY ACT, 1976 (ACT 54 OF 1976)

It is hereby made known in terms of section 12 (1) of the Abattoir Industry Act, 1976 (Act 54 of 1976), that the Municipality of Ventersdorp, P.O. Box 15, Ventersdorp, has in terms of section 11 of the said Act applied to the Minister of Agriculture and Fisheries for approval for the erection of a new abattoir at the Remaining Portion 25, Roodepoort 191, Ventersdorp.

If the application is granted, the abattoir will be used for the slaughtering of 20 cattle, six calves, 60 sheep and goats and 20 pigs per day for supplying meat to the residents of Ventersdorp and Welverdiend.

Any person intending to submit representations or objections in regard to the above-mentioned application shall forward such representations or objections to the Chairman, Abattoir Commission, Private Bag X250, Pretoria, 0001, within a period of 30 days from the date of publication of this notice and in the manner set out in the regulations published under the said Act.

Attention is invited to the provisions of regulation 11 (6) of the said regulations which requires any person who submits objections to an application to the Minister to serve on the applicant concerned a copy of the document in which his objections are set out.

H. DE BRUYN, for Director-General of Agriculture and Fisheries (Agricultural Economics and Marketing: Abattoir Commission).

Note.—The regulations require that objections be affirmed under oath and submitted in triplicate.

(25 July 1980)

KENNISGEWING 520 VAN 1980

DEPARTEMENT VAN SAMEWERKING EN ONTWIKKELING

NOORD-OOSTELIKE EGSKEIDINGSHOF

Die Sekretaris van Samewerking en Ontwikkeling het, kragtens artikel 13 (6) van die Swart Administrasie Wet, 1927 (Wet 38 van 1927), en artikel 10 (4) van die Swart Administrasie Wet, 1927 Wysigingswet, 1929 (Wet 9 van 1929), bepaal dat sittings van die Noord-Oostelike Egskeidingshof om 09h00 of so spoedig daarna as wat gerieflik mag wees, op onderstaande plekke en datums 'n aanvang sal neem:

Durban.—Kamer 142, Masonic Laning Staatskantore, Maandag, 28 Julie 1980, en Maandag, 27 Oktober 1980.

Pretoria.—Kommissariskantoor, Lorentzstraat, Pretoria-Wes, Maandag, 28 Julie 1980, en Maandag, 27 Oktober 1980.

Eshowe.—Landdroskantoor, Maandag, 7 Julie 1980, en Maandag, 20 Oktober 1980.

Pietermaritzburg.—Pietermaritzstraat 399, Dinsdag, 1 Julie 1980, en Dinsdag, 23 September 1980.

Pietersburg.—Kommissariskantoor, Maandag, 8 September 1980, en Maandag, 1 Desember 1980.

Vryheid.—Kommissariskantoor, Maandag, 8 September 1980, en Maandag, 8 Desember 1980.

(25 Julie 1980)

NOTICE 520 OF 1980

DEPARTMENT OF CO-OPERATION AND DEVELOPMENT

NORTH EASTERN DIVORCE COURT

The Secretary for Co-operation and Development has, in terms of section 13 (6) of the Black Administration Act, 1927 Act, 28 of 1927, Amendment Act, 1929 (Act 9 of 1929), fixed the following places at which and dates on which the North Eastern Divorce Court will commence sessions at 09h00 or as soon thereafter as may be convenient:

Durban.—Room 142, Masonic Grove Government Offices, Monday, 28 July 1980, and Monday, 27 October 1980.

Pretoria.—Commissioner's Buildings, Lorentz Street, Pretoria West, Monday, 28 July 1980, and Monday, 27 October 1980.

Eshowe.—Magistrate's Office, Monday, 7 July 1980, and Monday, 20 October 1980.

Pietermaritzburg.—399 Pietermaritz Street, Tuesday, 1 July 1980, and Tuesday, 23 September 1980.

Pietersburg.—Commissioner's Office, Monday, 8 September 1980, and Monday, 1 December 1980.

Vryheid.—Commissioner's Office, Monday, 8 September 1980, and Monday, 8 December 1980.

(25 July 1980)

KENNISGEWING 521 VAN 1980

DEPARTEMENT VAN WATERWESE, BOSBOU EN OMGEWINGSBEWARING

Die onderstaande voorgestelde Wetsontwerp op Omgewingsbewaring word hiermee vir algemene inligting en kommentaar gepubliseer.

Enige persoon wat kommentaar wil lewer op die voorgestelde bepalings van die Wetsontwerp, moet sodanige kommentaar voor 31 Augustus 1980 voorlê aan die Direkteur-generaal: Waterwese, Bosbou en Omgewingsbewaring, Privaatsak X313, Pretoria, 0001 en Verwysing 8/2 noem.

WETSONTWERP

Om voorsiening te maak vir die koördinering van alle optrede wat gerig is op of wat 'n invloed kan hê op die omgewing; vir die instelling van 'n raad vir daardie doel; vir die instelling deur daardie raad van sekere tegniese en ander komitees ten einde die raad by die verrigting van sy werksaamhede by te staan; vir die instelling van bestuurskomitees ten opsigte van sekere natuurgebiede; vir die aanstelling van ere-omgewingsbewaringbeamptes; vir die uitvaardiging van sekere regulasies deur die Minister; vir die opdra aan plaaslike besture van sekere werksaamhede ingevolge sodanige regulasies; en vir die verlening aan die Minister en die Administrateur van 'n provinsie van sekere bevoegdhede ten opsigte van sekere plaaslike besture; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.

Ingedien deur die Minister van Waterwese, Bosbou en Omgewingsbewaring

Daar word bepaal deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:

Woordomskrywing

1. In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

(i) "Administrateur" die Administrateur van 'n provinsie en die ander lede van die betrokke uitvoerende komitee; (i)

(ii) "Departement" die Departement van Waterwese, Bosbou en Omgewingsbewaring; (iii)

(iii) "Direkteur-generaal" die Direkteur-generaal van Waterwese, Bosbou en Omgewingsbewaring; (iv)

(iv) "Minister" die Minister van Waterwese, Bosbou en Omgewingsbewaring; (vii)

(v) "natuurgebied" 'n gebied wat ingevolge die Wet op Omgewingsbeplanning, 1967 (Wet No. 88 van 1967), 'n natuurgebied is; (viii)

(vi) "plaaslike bestuur" 'n instelling of liggaam in artikel 84 (1) (f) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961 (Wet No. 32 van 1961), bedoel en ook enige ander instelling, raad of liggaam wat die Minister by die toepassing van hierdie Wet en die regulasies daarkragtens uitgevaardig as 'n plaaslike bestuur by kennisgewing in die *Staatskoerant* aanwys; (vi)

(vii) "raad" die Raad vir die Omgewing by artikel 2 ingestel; (ii)

(viii) "regulasie" 'n regulasie kragtens hierdie Wet uitgevaardig; (ix)

NOTICE 521 OF 1980

DEPARTMENT OF WATER AFFAIRS, FORESTRY AND ENVIRONMENTAL CONSERVATION

The following proposed Environmental Conservation Bill is hereby published for general information and comment.

Any person wishing to comment on the proposed provisions of the Bill must submit such comment before 31 August 1980 to the Director-General: Water Affairs, Forestry and Environmental Conservation, Private Bag X313, Pretoria, 0001, quoting Reference 8/2.

BILL

To make provision for the co-ordination of all conduct directed at or which may have an influence upon the environment; for the establishment of a council for that purpose; for the establishment by that council of certain technical and other committees in order to assist the council in the performance of its functions; for the establishment of management committees in respect of certain nature areas; for the appointment of honorary environmental conservation officers; for the making of certain regulation by the Minister; for the assignment to local authorities of certain functions in terms of such regulations; and for the conferring upon the Minister and the Administrator of a province of certain powers in respect of certain local authorities; and to provide for incidental matters.

Introduced by the Minister of Water Affairs, Forestry and Environmental Conservation

Be it enacted by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:

Definitions

1. In this Act, unless the context otherwise indicates—

(i) "Administrator" means the Administrator of a province and the other members of the executive committee concerned; (i)

(ii) "council" means the Council for the Environment established by section 2; (vii)

(iii) "Department" means the Department of Water Affairs, Forestry and Environmental Conservation; (ii)

(iv) "Director-General" means the Director-General of Water Affairs, Forestry and Environmental Conservation; (iii)

(v) "litter" means to deposit, unload, throw out or discharge litter at such a place, under such circumstances or for such a period that it may be reasonably inferred that the person who deposits, unloads, throws out or discharges the litter, abandons it, but does not include the depositing, unloading, throwing out or discharging of litter at any place which in terms of any law is a dumping site or assembly point for litter; (ix)

(vi) "local authority" mean an institution or body contemplated in section 84 (1) (f) of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961 (Act 32 of 1961), and includes any other institution, council or body designated by the Minister by notice in the *Gazette* as a local authority for the purposes of this Act and the regulations made thereunder; (vi)

(ix) "rommel strooi" rommel neersit, aflaai, uitgooi of vrylaat op so 'n plek, onder sodanige omstandighede of vir so 'n tydperk dat redelikerwys aangeneem kan word dat die persoon wat die rommel neersit, aflaai, uitgooi of vrylaat, dit laat vaar, maar nie ook die neersit, aflaai, uitgooi of vrylating van rommel op 'n plek wat ingevolge die een of ander wet 'n stortingsterrein of 'n versamelpunt vir rommel is nie; (v)

(x) "vaste afval" enige nuttelose, onbruikbare of afgedankte materiaal, voorwerp of ding, van watter aard ook al, wat nie genoeg vloeistof bevat om vrylik te kan vloei nie; (x)

(xi) "voorskryf" by regulasie voorskryf. (xi)

Instelling van Raad vir die Omgewing

2. Hierby word 'n raad met die naam die Raad vir die Omgewing ingestel.

Oogmerk van raad

3. Die oogmerk van die raad is om die Minister of enige persoon wat hom versoek om dit te doen van advies oor die bewaring en die benutting van die omgewing te dien.

Samestelling en funksionering van raad

4. (1) Die raad bestaan uit die lede, maar hoogstens 30, wat die Minister van tyd tot tyd bepaal, en wie hy aanstel en van wie—

(a) twee beamptes van die Departement moet wees, van wie een as voorsitter en 'n ander as ondervoorsitter van die raad deur die Minister aangewys word;

(b) hoogstens 20 uit die private en openbare sektore is en wie na die oordeel van die Minister kundiges is oor enige aspek van die omgewing;

(c) hoogstens agt persone is wat volgens die oordeel van die Minister in staat is om wesenlike bydraes tot die bewaring van die omgewing te lewer.

(2) Ten einde hom in staat te stel om die aanstellings beoog in subartikel (1) te doen, moet die Minister die Departement versoek om die benoemings wat hy in 'n bepaalde geval nodig ag, aan hom voor te lê.

(3) Die Minister kan ten opsigte van elke lid van die raad een plaasvervangende lid aanstel.

(4) Die bepalings van subartikels (2) en (5) is *mutatis mutandis* op die aanstelling van plaasvervangende lede van toepassing.

(5) 'n Lid van die raad beklee sy amp vir die tydperk wat die Minister ten tye van die aanstelling van daardie lid bepaal, maar kan weer aangestel word: Met dien verstande dat indien daar na die oordeel van die Minister gegronde redes daarvoor bestaan om dit te doen, hy te eniger tyd 'n lid van sy amp kan onthef.

(6) Indien 'n lid of plaasvervangende lid te sterwe kom, of by skriftelike kennisgewing, gerig aan die Direkteur-generaal, bedank of ingevolge subartikel (5) ophou om 'n lid of plaasvervangende lid te wees, kan die Minister iemand in die plek van daardie lid of plaasvervangende lid vir die onverstreke ampstermyn van daardie lid of plaasvervangende lid aanstel.

(7) 'n Lid of plaasvervangende lid van die raad wat nie in die heeltydse diens van die Staat is nie ontvang uit geld wat die Parlement vir dié doel bewillig die besoldiging en toelaes ten opsigte van sy dienste as lid of plaasvervangende lid van die raad, wat die Minister met die instemming van die Minister van Finansies in die algemeen of in enige besondere geval bepaal.

(vii) "Minister" means the Minister of Water Affairs, Forestry and Environmental Conservation; (iv)

(viii) "nature area" means any area which in terms of the Environmental Planning Act, 1967 (Act 88 of 1967), is a nature area; (v)

(ix) "regulation" means a regulation made under this Act; (viii)

(x) "solid waste" means any useless, unusable or disused material, article or thing, of any nature whatsoever, that does not contain sufficient fluid to be able to flow freely; (x)

(xi) "prescribe" means prescribe by regulation. (xi)

Establishment of Council for the Environment

2. There is hereby established a council to be known as the Council for the Environment.

Object of council

3. The object of the council shall be to advise the Minister and any person who requests it to do so on the conservation and utilization of the environment.

Constitution and functioning of council

4. (1) The council shall consist of such number of members, but not more than 30, as may be determined by the Minister from time to time, and who shall be appointed by him and of whom—

(a) two shall be officers of the Department, of whom one shall be designated by the Minister as chairman and another as deputy chairman of the council;

(b) not more than 20 shall be from the private and public sectors and who in the opinion of the Minister are experts on any aspect of the environment;

(c) not more than eight shall be persons who in the opinion of the Minister are able to make substantial contributions towards the conservation of the environment.

(2) In order to enable him to make the appointments contemplated in subsection (1) the Minister shall require the Department to submit to him such nominations as he may deem fit in any particular case.

(3) The Minister may in respect of every member of the council appoint one alternate member.

(4) The provisions of subsections (2) and (5) shall apply *mutatis mutandis* to the appointment of alternate members.

(5) A member of the council shall hold office for such period as the Minister may determine at the time of the appointment of such member, but shall be eligible for reappointment: Provided that if in the opinion of the Minister good reasons exist for doing so, he may at any time remove a member from office.

(6) If a member or alternate member dies, or by written notice, addressed to the Director-General, resigns, or in terms of subsection (5) ceases to be a member or alternate member, the Minister may appoint any person in the place of such member or alternate member for the unexpired period of office of such member or alternate member.

(7) Any member or alternate member of the council who is not in the full-time employment of the State shall receive from money appropriated by Parliament for the purpose such remuneration and allowances in respect of his services as member or alternate member of the council, as may be determined by the Minister with the consent of the Minister of Finance, generally or in any particular case.

(8) Die Minister bepaal—

(a) die wyse van die byeenroeping van, die kworum vir en die prosedure op vergaderings van die raad, met inbegrip van die wyse waarop stemme uitgebring word en die getal stemme benodig vir 'n besluit van die raad;

(b) die wyse van die hou van die notules van sodanige vergaderings en ander aantekeninge en die wyse waarop die uitslag van die raad se beraadslagings aan die Minister oorgedra moet word;

(c) die vorm en wyse van die uitreiking van enige dagvaarding deur die Direkteur-generaal ingevolge artikel 7.

(9) Indien sowel die voorsitter as die ondervoorsitter van die raad van 'n vergadering van die raad afwesig is, kan die lede wat daarop aanwesig is iemand uit hul geledere kies om by daardie vergadering voor te sit.

Werksaamhede van raad

5. Die raad kan enigiets doen wat nodig is om sy oogmerk te bereik en kan—

(a) advies gee oor enige aspek met betrekking tot die bewaring en benutting van die omgewing;

(b) by persone wat enige handeling verrig wat op die omgewing gerig is of 'n invloed daarop kan hê, prioriteite ten opsigte van die verrigting van sodanige handelinge aanbeveel;

(c) advies gee met betrekking tot die koordinering van die optrede van alle persone wat sodanige handelinge verrig;

(d) waar die nodige staatsinstellings nie bestaan nie, by die bevoegde gesag aanbevelings doen met betrekking tot die skepping van sodanige instellings vir die verrigting van werksaamhede met betrekking tot die omgewing;

(e) by die bevoegde gesag die oordrag van werksaamhede met betrekking tot die omgewing van een Staatsdepartement of gesag aan 'n ander aanbeveel;

(f) waar na sy oordeel die behoefte bestaan, by die bevoegde gesag die aanname van wetgewing aanbeveel;

(g) waar hy dit vir die bereiking van sy oogmerk nodig ag, ondersoeke, studies, opnames en navorsing deur belanghebbende persone oor enige aspek met betrekking tot die omgewing laat doen of inisieer en koördineer;

(h) aanbevelings doen oor die stappe wat gedoen kan word om 'n beter begrip en bewustheid van omgewingsaangeleenthede deur lede van die publiek te weeg te bring;

(i) aanbevelings doen oor die geld wat beskikbaar gestel behoort te word vir die uitvoering van die aanbevelings van die raad;

(j) enige ander aangeleentheid rakende die omgewing wat die raad nodig ag of wat die Minister na hom verwys, ondersoek.

Administratiewe werk verbonde aan werksaamhede van raad word deur beamptes en werknemers van Departement verrig

6. Die administratiewe werk verbonde aan die verrigting van die werksaamhede van die raad word, onderworpe aan die opdragte van die voorsitter van die raad, of enige ander lid of lede van die raad wat vir dié doel deur die raad aangewys is, deur beamptes en werknemers van die Departement verrig.

(8) The Minister shall determine—

(a) the manner of the calling of, the quorum for and the procedure at meetings of the council, including the manner in which votes shall be cast and the number of votes required for a decision of the council;

(b) the manner of the keeping of the minutes of such meetings and other records and the manner in which the result of the deliberations of the council shall be conveyed to the Minister;

(c) the form and manner of issuing of any summons by the Director-General in terms of section 7.

(9) If both the chairman and the deputy chairman are absent from any meeting of the council, the members present thereat may elect one of their number to preside at that meeting.

Functions of council

5. The council may do anything which is necessary to achieve its object and may—

(a) give advice on any aspect with regard to the conservation and utilization of the environment;

(b) recommend to any person who performs any act which is directed at the environment or may have an influence thereon, priorities in respect of the performance of such acts;

(c) give advice with regard to the co-ordination of the conduct of all persons who perform such acts;

(d) where the necessary State institutions do not exist, make recommendations to the competent authority with regard to the establishment of such institutions for the carrying out of functions with regard to the environment;

(e) recommend to the competent authority the transfer of functions with regard to the environment from one department of State or authority to another;

(f) where in its opinion the need exists, recommend to the competent authority the passing of legislation;

(g) where it deems it necessary for the achievement of its object, cause to be carried out or initiate and co-ordinate investigations, studies, surveys and research by interested persons with regard to any aspect of the environment;

(h) make recommendations as to the steps which can be taken to bring about a better understanding and awareness of environmental matters by members of the public;

(i) make recommendations as to the funds which should be made available for the carrying out of the recommendations of the council;

(j) investigate any other matter concerning the environment which the council deems necessary or which the Minister may refer to it.

Administrative work connected with functions of council to be performed by officers and employees of Department

6. The administrative work connected with the performance of the functions of the council shall, subject to the directions of the chairman of the council, or any other member or members designated for that purpose by the council be carried out by officers and employees of the Department.

Dagvaarding van persone vir doeleindes van sekere ondersoeke, afneem van getuienis, voorlegging van voorwerpe en misdrywe deur sodanige persone

7. (1) Die Direkteur-generaal kan vir die doeleindes van 'n ondersoek in artikel 5 (1) (g) beoog, iemand wat na sy oordeel in staat is om inligting te verstrek aangaande die onderwerp van daardie ondersoek, onder sy handtekening dagvaar om op 'n in die dagvaarding vermelde tyd en plek voor hom te verskyn om ondervra te word of om 'n boek, aantekening, stuk of voorwerp wat op gemelde onderwerp betrekking het, voor te lê.

(2) 'n Dagvaarding in hierdie artikel vermeld, moet so na as moontlik wees aan die vorm ingevolge artikel 4 (8) (c) bepaal, en kan beteken word òf deur dit per aangetekende pos aan die betrokke persoon te stuur òf deur dit te beteken op dieselfde wyse as die dagvaarding van iemand wat gedagvaar word om as 'n getuie in 'n strafsaak voor 'n landdroshof te verskyn.

(3) Getuienis wat ingevolge hierdie artikel afgelê word, word genotuleer en die notule daarvan of daardie gedeelte van die notule wat die Direkteur-generaal goedvind word tesame met enige boek, aantekening, stuk of voorwerp wat ingevolge hierdie artikel voorgelê is, aan die raad deurgestuur.

(4) Iemand wat nadat hy behoorlik ingevolge subartikel (1) gedagvaar is—

(a) weier, of sonder genoegsame rede versuim, om op dié in die dagvaarding vermelde tyd en plek aanwesig te wees by die ondersoek tersaaklike getuienis te lewer;

(b) weier om die eed af te lê of 'n bevestiging te maak wanneer hy deur die Direkteur-generaal versoek word om dit te doen;

(c) weier om 'n boek, aantekening, stuk of voorwerp voor telê wat hy ingevolge die dagvaarding verplig is om voor te lê; of

(d) voor die Direkteur-generaal verskyn, maar weier om 'n vraag wettiglik aan hom gestel, te beantwoord of volledig en bevredigend na sy beste wete en oortuiging te beantwoord;

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R200: Met dien verstande dat iedereen wat aldus gedagvaar is op al die privilegies geregtig is waarop 'n getuie wat gedagvaar is om voor 'n provinsiale afdeling van die Hooggeregshof getuienis af te lê, geregtig is.

Komitees

8. Die raad—

(a) moet 'n komitee met die naam "Die Tegniese Komitee vir Vaste Afval en Rommelstrooiing" en 'n ander komitee met die naam "Die Tegniese Komitee vir Geraasbekamping" instel; en

(b) kan, met die goedkeuring van die Minister, ander komitees instel om hom by die verrigting van sy werksaamhede by te staan.

Tegniese Komitee vir Vaste Afval en Rommelstrooiing

9. Die werksaamhede van "Die Tegniese Komitee vir Vaste Afval en Rommelstrooiing" is—

(a) om die raad van advies te dien met betrekking tot—

(i) middele om die beheer van vaste afval en die bestryding en voorkoming van rommelstrooiing te bewerkstellig, met inbegrip van die regulering van die ontwikkeling, vermindering, benutting en wegdoen

Summoning of persons for purposes of certain investigations, taking of evidence, production of things and offences by such persons

7. (1) The Director-General may for the purpose of any investigation comtemplated in section 5 (1) (g) under his hand summons any person who in his opinion is able to give information concerning the subject of that investigation, to appear before him at a time and place specified in the summons to be interrogated or to produce any book, record, document or object which relates to the said subject.

(2) Any summons referred to in this section shall correspond as closely as possible to the form determined in terms of section 4 (8) (c), and may be served either by sending it by registered post to the person concerned or by serving it in the same manner as the summons of a person who is subpoenaed to attend as a witness any criminal proceedings in a magistrate's court.

(3) Evidence given in terms of this section shall be recorded and the record thereof, or that part of the record which the Director-General may deem fit, shall be transmitted to the council together with any book, record, document or thing which was produced in terms of this section.

(4) Any person who having been duly summoned in terms of subsection (1)—

(a) refuses or fails without sufficient cause, to be present at the time and place specified in the summons and to give relevant evidence at the enquiry;

(b) refuses to take the oath or to make an affirmation when required by the Director-General to do so;

(c) refuses to produce any book, record, document or thing which he is obliged to submit in terms of the summons; or

(d) appears before the Director-General but refuses to answer any question lawfully put to him or to answer fully and satisfactorily to the best of his knowledge and belief;

shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R200: Provided that any person so summoned shall be entitled to all the privileges to which a witness summoned to give evidence before a provincial division of the Supreme Court, is entitled.

Committees

8. The council—

(a) shall establish a committee to be known as "The Technical Committee for Solid Waste and Littering" and another committee to be known as "The Technical Committee for the Combating of Noise"; and

(b) may, with the approval of the Minister, establish other committees in order to assist it in the performance of its functions.

Technical Committee for Solid Waste and Littering

9. The functions of "The Technical Committee for Solid Waste and Littering" shall be—

(a) to advise the council with regard to—

(i) ways and means of effecting the control of solid waste and the combating and prevention of littering, including the regulation of the generation, reduction, utilization and disposal of solid waste, the

van vaste afval, die teweegbring van die herwinning, beskikking, voordelige gebruik en hergebruik van vaste afval en die totstandbrenging van die sorterings van vaste afval by die oorspring daarvan; en

(ii) alle bestaande en beoogde relevante wette, regulasies, ordonnansies en verordeninge, insluitende die regulasies in artikel 13 (3) beoog, asook oor die koördinering en wysiging daarvan;

en om aanbevelings daaroor aan die raad te doen;

(b) om die raad in die algemeen oor enige aangeleentheid rakende die beheer van vaste afval en rommelstrooiing wat die komitee nodig ag of wat die raad na die komitee verwys, te adviseer en om aanbevelings daaroor aan die raad te doen;

(c) om navorsing te doen of te laat doen met die oog op die beheer van vaste afval en die bestryding en voorkoming van rommelstrooiing, met inbegrip van die bestudering van maatreëls buite die Republiek daarvoor geneem, en om daaroor aan die raad verslag te doen;

(d) om die bedrywighede van persone en instansies gemoeid met die beheer van vaste afval en rommelstrooiing te koördineer, en anti-rommelstrooiveldtogte aan te wakker en aan te moedig.

Tegniese Komitee vir Geraasbekamping

10. Die werksaamhede van "Die Tegniese Komitee vir Geraasbekamping" is—

(a) om die raad van advies te dien met betrekking tot—

(i) alle sake rakende die beheer, vermindering en voorkoming van geraasbesoedeling; en

(ii) alle bestaande en beoogde relevante wette, regulasies, ordonnansies en verordeninge, insluitende die regulasies in artikel 13 (3) beoog, asook oor die koördinering en wysiging daarvan;

en om aanbevelings daaroor aan die raad te doen;

(b) om die raad in die algemeen oor enige aangeleentheid in verband met geraasbesoedeling wat die komitee nodig ag of wat die raad na die komitee verwys, te adviseer, en om aanbevelings daaroor aan die raad te doen;

(c) om maatreëls wat buite die Republiek vir die beheer van geraasbesoedeling geneem word, te bestudeer en om daaroor aan die raad verslag te doen; en

(d) om belangstelling in die probleme van geraasbesoedeling aan te wakker en vir daardie doel, in oorleg met die Departement die lewering van lesings en toesprake, die hou van besprekings, en die vertoning en hou van illustrasies, rolprente en uitstallings wat verband hou met daardie probleme, te reël.

Instelling van bestuurskomitees ten opsigte van natuurgebiede

11. (1) Die Minister kan ten opsigte van 'n natuurgebied 'n komitee, wat 'n bestuurskomitee heet, instel om hom van advies te dien met betrekking tot die bestuur en ontwikkeling van daardie natuurgebied.

(2) Die Minister kan by kennisgewing in die *Staatskoerant* voorskrifte uitvaardig met betrekking tot die bestuur en ontwikkeling van grond geleë in so 'n natuurgebied.

(3) Die Minister bepaal die ledetal van 'n bestuurskomitee.

effecting of the recovery, recycling, advantageous use and re-use of solid waste and the accomplishing of the sorting of solid waste at its source; and

(ii) all existing and contemplated relevant laws, regulations, ordinances and by-laws, including the regulations contemplated in section 13 (3), as well as the co-ordination and amendment thereof;

and to make recommendations thereon to the council;

(b) to advise the council generally on any matter concerning the control of solid waste and littering which the committee may think fit or which the council may refer to the committee and to make recommendations thereon to the council;

(c) to undertake or to cause to be undertaken research with a view to the control of solid waste and the abatement and prevention of littering, including the study of measures taken therefor outside the Republic, and to report to the council thereon;

(d) to co-ordinate the activities of persons and instances concerned with the control of solid waste and littering, and to stimulate and encourage anti-littering campaigns.

Technical Committee for the Combating of Noise

10. The functions of "The Technical Commitee for the Combating of Noise" shall be—

(a) to advise the council on—

(i) all matters regarding the control, reduction and prevention of noise pollution; and

(ii) all existing and contemplated relevant laws, regulations, ordinances and by-laws, including the regulations contemplated in section 13 (3), as well as the co-ordination and amendment thereof;

and to make recommendations thereon to the council;

(b) to advise the council generally on any matter with regard to noise pollution which the committee may deem necessary on which the council may refer to the committee, and to make recommendations thereon to the council;

(c) to study measures taken outside the Republic for the control of noise pollution and to report thereon to the council; and

(d) to stimulate interest in the problems of noise pollution, and for that purpose to arrange, in consultation with the Department, the delivery of lectures and speeches, the holding of discussions, the display and holding of illustrations, films and exhibitions which are connected with those problems.

Establishment of management committees in respect of nature areas

11. (1) The Minister may in respect of any nature area, appoint a committee, to be known as a management committee, to advise him as to the management and development of that nature area.

(2) The Minister may by notice in the *Gazette* issue directions relating to the management and development of land situated in any such nature area.

(3) The Minister shall determine the membership of a management committee.

(4) Die lede van 'n bestuurskomitee word deur die Minister aangestel en bestaan uit persone—

(a) wat die volgende departemente, administrasies, besture en eienaars verteenwoordig, naamlik:

(i) Die Departement en enige ander Staatsdepartement wat na die oordeel van die Minister in die bestuurskomitee verteenwoordig behoort te word;

(ii) elke betrokke provinsiale administrasie;

(iii) elke plaaslike bestuur wie se regsgebied in die geheel of ten dele in die betrokke natuurgebied val;

(iv) die eienaars van grond in die natuurgebied;

(b) wat na die oordeel van die Minister bystand betreffende die werksaamhede van die komitee kan verleen.

(5) Indien 'n aanbeveling van die bestuurskomitee aan die Minister nie vir 'n lid of lede van sodanige komitee aanvaarbaar is nie, kan daardie lid of lede, binne 'n tydperk van 60 dae vanaf die doen van die aanbeveling, sy of hul voorstel met betrekking tot die betrokke aangeleentheid aan die Minister voorlê.

Aanstelling van ere-omgewingsbewaringbeamptes

12. (1) Die Direkteur-generaal kan van tyd tot tyd persone as ere-omgewingsbewaringbeamptes aanstel en die aldus aangestelde ere-omgewingsbewaringbeamptes verrig dié werksaamhede met betrekking tot omgewingsbewaring wat voorgeskryf word.

(2) Die Direkteur-generaal kan te eniger tyd, sonder om redes te verstrek, die aanstelling van 'n ere-omgewingsbewaringbeampte summier intrek.

Regulasies

13. (1) Die Minister kan regulasies uitvaardig—

(a) betreffende die hou van vergaderings deur 'n bestuurskomitee, met inbegrip van die kworum en prosedure op sodanige vergaderings;

(b) wat die werksaamhede van 'n bestuurskomitee voorskryf;

(c) wat die vergoeding en toelaes voorskryf wat betaalbaar is aan die lede van 'n bestuurskomitee wat nie in die heeltydse diens van die Staat of 'n plaaslike bestuur is nie;

(d) betreffende enigiets wat ingevolge hierdie Wet voorgeskryf moet of kan word.

(2) Regulasies ingevolge subartikel (1) (c) en enige ander regulasie wat die besteding van Staatsgeld sal meebring, word slegs met die instemming van die Minister van Finansies uitgevaardig.

(3) Die Minister kan na raadpleging van die raad regulasies uitvaardig—

(a) met die oog op—

(i) die beheer van vaste afval en die bestryding en voorkoming van rommelstrooiing; en

(ii) die verklaring van sodanige regulasies van toepassing op provinsiale administrasies en plaaslike besture;

The above tariffs are subject to the following conditions: (i) Abnormal and special loads subject to prior quotation. (ii) A load constituting less than 75% of the maximum payload of the vehicle(s) is subject to special quotation. (iii) Loading/unloading time is calculculated as follows: (a) Truck loads: 6 minutes per ton (calculated on the vhicle carrying capacity) is free of charge. Thereafter demurrage is charged at R25 per hour or part thereof. (b) General goods, as per truck loads but the free period is 18 minutes per ton (calculated on the actual tonnage per addressee). (iv) Loading is the responsibility of the addressee. (v) Small consignments must be collected from the transport contractor's store. (vi) If consignments with a mass of up to 100 kg must be loaded at consignor's premises an additional amount of R1 per consignment will be levied for order costs.

		Volwassenes	Skoolkinders of kinders onder 12 jaar
SPRINGBOK NA/TO:	km	R	R
A. Mesklip	20	1,00	0,50
Kamieskroon	68	2,05	1,05
Kharkams	80	2,55	1,35
Garies	115	3,10	1,55
Bitterfontein	180	4,55	2,35
B. Steinkopf	54	2,70	1,40
Vioolsdrift	120	5,00	2,50
C. Drierivier	40	1,70	0,85
Komaggas	65	2,70	1,40
Langhoogte/Bontekoei	80	3,40	1,70
Port Nolloth	140	6,15	3,10
Okiep	8	0,80	0,50
Nababeep	20	1,00	0,60
PORT NOLLOTH NA/TO:			
A. Steinkopf	86	4,45	2,30
Okiep/Springbok	140	6,15	3,05
B. Langhoogte/Bontekoei	80	3,30	1,70
Komaggas	110	4,40	2,20
Drierivier	130	4,90	2,45
Springbok	140	6,15	3,10
BITTERFONTEIN NA/TO:			
Garies	65	2,50	1,30
Kharkams	100	2,55	1,40
Kamieskroon	112	3,10	1,55
Mesklip	160	3,70	1,90
Springbok	180	4,60	2,35

Sleutel	*Tarief Tariff*	*Key*
Alle goedere nie spesiaal geklassifiseer nie.	1.	All goods not specially classified.
Sement, vars groente, vrugte, brood, suiwelprodukte, fyngoed in sakke soos suiker asook steenkool, ens.	2.	Cement, fresh vegetables, fruit, bread, dairy products, bagged goods such as sugar, coal, etc.
Veevoer (insluitende kaf), saad, kunsmis, windpompdele, omheiningsmateriaal, meel in sakke.	3.	Fodder, (including chaff), seed, fertilizer, windmill parts, fencing material, flour in bags.
Meubels en alle ligte lywige goedere soos tenks, ens.	4.	Furniture and all light bulky goods such as tanks, etc.
Petrol, diesel en kragparaffien in grootmaat (sent per liter).	5.	Bulk petrol, power paraffin and diesolene (cents per litre).

University of Fort Hare
Together in Excellence

BITTERFONTEIN NA/TO	Sent Cent per liter litre 1.	2.	3.	4.	Sent Cent per liter litre 5.
Alexanderbaai/Bay	554	471	442	637	Soos van tyd tot tyd in ooreenkoms met oliemaatskappye vasgestel. As determined from time to time in agreement with oil companies.
Carolusberg	266	228	215	309	
Concordia	266	228	215	309	
Kamieskroon	179	152	143	203	
Nababeep	266	228	215	309	
Okiep	266	228	215	309	
Port Nolloth	438	373	352	504	
Springbok	249	212	200	289	
Steinkopf	319	271	254	366	
Vioolsdrift	475	403	380	546	
Noordoewer	475	403	380	546	
Garies	—	89	—	—	

SPRINGBOK NA/TO	1.	PORT NOLLOTH NA/TO	1.	2.	STEINKOPF NA/TO	1.
Alexanderbaai/Bay	327	Alexanderbaai/Bay	151		Bitterfontein	280
Garies	124	Nababeep	219	184	Nababeep	103
Kamieskroon	80	Okiep	208	176	Okiep	90
Port Nolloth	219	Springbok	219	184	Port Nolloth	155
Steinkopf	103	Steinkopf	155	134	Springbok	103
Vioolsdrift	225	Vioolsdrift	273	231		
Bitterfontein	175	Bitterfontein	393			

OKIEP NA/TO	1.	VIOOLSDRIFT NA/TO	1.
Port Nolloth	208	Port Nolloth	273
Bitterfontein	181		

Special tariffs to: BITTERFONTEIN
Spesiale tariewe na:

	Sent/Cent per skaap/sheep	Tarief/Tariff	1.
VAN/FROM:		VAN/FROM:	
Port Nolloth	121	Nababeep	192
Steinkopf	88	Alexanderbaai/Bay	502
Springbok	69	Kamieskroon	124
Kamieskroon	53		

Bogenoemde tariewe is onderworpe aan die volgende voorwaardes: (i) Abnormale en spesiale vragte voorafgaande ooreenkoms. (ii) Waar 'n vrag minder as 75 persent van die maksimum dravermoë van die voertuig(e) is, is dit onderhewig aan voorafgaande ooreenkoms. (iii) Laai/aflaaityd word as volg uitgewerk: (a) Trokvragte: 6 minute per ton (op dravermoë van voertuig bereken) is kosteloos; daarna is staangeld gehef teen R25 per uur of gedeelte daarvan. (b) Algemene goedere, soos vir trokvragte maar kostelose tydperk is 18 minute per ton (op werklike tonnemaat per geadresseerde). (iv) Aflaai is die verantwoordelikheid van die geadresseerde. (v) Klein besendings moet by die vervoerkontrakteur se stoor afgehaal word. (vi) Indien besendings met 'n massa van tot 100 kg by die afstuurders gelaai moet word sal 'n addisionele R1 per besending vir bestelkoste gehef word.

The above tariffs are subject to the following conditions: (i) Abnormal and special loads subject to prior quotation. (ii) A load constituting less than 75 per cent of the maximum payload of the vehicle(s) is subject to special quotation. (iii) Loading/unloading time is calculated as follows: (a) Truck loads: 6 minutes per ton (calculated on the vehicle carrying capacity) is free of charge. Thereafter demurrage is charged at R25 per hour or part thereof. (b) General goods, as per truck loads but the free period is 18 minutes per ton (calculated on the actual tonnage per addressee). (iv) Loading is the responsibility of the addressee. (v) Small consignments must be collected from the transport contractor's store. (vi) If consignments with a mass of up to 100 kg must be loaded at consignor's premises an additional amount of R1 per consignment will be levied for order costs.

H/OP8006/23/02—CARNARVON. (2) Pieter John Adams, Carnarvon; vervanging van voertuig. (3) Een motorkar—CAO 425—1 382 kg. (4) Nie-Blanke taxipassasiers en hulle persoonlike besittings. (5) (i) Binne 'n gebied met 'n straal van 5 km vanaf staanplek te Sterrenbergstraat 22, Carnarvon. (ii) Toevallige ritte.

H/OP8006/24/06—CAPE TOWN. (2) Maria Christina Elizabeth Gunter, Bothasig; replacement of vehicle. (3) One motor-car to be purchased—4 passengers. (4) White taxi passengers and their personal effects. (5) (i) Within an area with a radius of 5 km of Central Municipal White Taxi Rank. (ii) Casual trips.

H/OP8006/24/05—CERES. (2) Joseph Dawid Kruger, Ceres; nuwe aansoek. (3) Een voertuig aangekoop te word—8 sitplekke. (4) Nie-Blanke taxipassasiers en hulle persoonlike besittings. (5) (i) Binne 'n gebied met 'n straal van 5 km vanaf taxistaanplek, oorkant Reid se winkel, Vosstraat, Ceres. (ii) Toevallige ritte binne 'n gebied met 'n straal van 160 km vanaf taxistaanplek, oorkant Reid se winkel, Vosstraat, Ceres.

H/OP8006/20/01—PORTERVILLE. (2) Getruida Magrietha Otto, Porterville; vervanging van voertuig. (3) Een kombi—CEX 2260—8 sitplekke. (4) Nie-Blanke taxipassasiers en hulle persoonlike besittings. (5) (i) Binne 'n gebied met 'n straal van 5 km vanaf taxistaanplek te Porterstraat, Porterville. (ii) Toevallige ritte.

H/OP8006/20/02—CAPE TOWN. (2) Igwaan Taxis (Pty) Ltd, Lansdowne; replacement of vehicle and increase in fares. (3) One motor-car—CA 107-775—4 passengers. (4) Non-White taxi passengers and their personal effects. (5) (i) Within an area with a radius of 5 km of Central Area Municipal Non-White Taxi Rank. (ii) Casual trips. *Existing tariff:* (i) Start (flag fall) 30c. (ii) For each 200 metres or part thereof 10c. *Proposed new tariff:* (i) Start (flag fall) 60c. (ii) For each 125 metres or part thereof 10c.

H/OP8006/23/01—WALVISBAAI. (2) Josafat Hugo, Walvisbaai; vervanging van voertuig. (3) Een motorkar—CWB 5190—5 sitplekke. (4) Nie meer as 6 Swart taxipassasiers (drywer ingesluit) asook hulle persoonlike bagasie op bona fide-taxiritte nie. (5) Binne die Munisipale Gebied van Walvisbaai.

University of Fort Hare
Together in Excellence

SUID-KAAPSE BOSSE EN BOME

deur

F. VON BREITENBACH

'n Gids tot die inheemse bosse van George, Knysna en Tsitsikama; hul verskillende tipes; hul bestuur en geskiedenis; hul bome en struike, varings en kruidagtige plante, grasse en klimplante; hul slange, voëls en soogdiere.

Met 'n blaarsleutel tot en beskrywings van 100 bosboomsoorte.

328 bladsye, 470 illustrasies (foto's en lyntekeninge), omvattende register, volband.

Prys R10 (plus 4% verkoopbelasting) • Buiteland R12,50

Verkrygbaar by Die Staatsdrukker, Pretoria en Kaapstad

SOUTHERN CAPE FORESTS AND TREES

by

F. VON BREITENBACH

A guide to the indigenous forests of George, Knysna and Tsitsikama; their different types; their management and history; their trees and shrubs, ferns and herbs, grasses and lianes; their snakes, birds and mammals.

With a leaf-key to and descriptions of 100 forest tree species.

328 pages, 470 illustrations (photographs and line drawings), comprehensive index, hard cover.

Price R10 • Abroad R12,50.

University of Fort Hare
Together in Excellence

University of Fort Hare
Together in Excellence

INHOUD

No.		Bladsy No.	Staatskoerant No.
Vervoer, Departement van			
Aansoeke om openbare padvervoerpermitte		1	7141

CONTENTS

No.		Page No.	Gazette No.
Transport, Department of			
Applications for public road carrier permits		1	7141

7142
University of Fort Hare
Together in Excellence

STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer *Registered at the Post Office as a Newspaper*

PRYS + 1c AVB 20c PRICE + 1c GST
BUITELANDS 30c ABROAD
POSVRY · POST FREE

VOL. 182] KAAPSTAD, 1 AUGUSTUS 1980 [No. 7142
CAPE TOWN, 1 AUGUST 1980

University of Fort Hare
Together in Excellence

KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 1517. 1 Augustus 1980.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 88 van 1980: Wet op Swart Arbeid (Oordrag van Werksaamhede), 1980.

OFFICE OF THE PRIME MINISTER

No. 1517. 1 August 1980.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 88 of 1980: Black Labour (Transfer of Functions) Act, 1980.

WET

Om voorsiening te maak vir die oorgang op beamptes in die Departement van Mannekragbenutting en sekere ander persone van sekere werksaamhede ingevolge die Wet op Swart Arbeid, 1964, en sekere regulasies.

(*Engelse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op 1 Julie 1980.*)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Oorgang van sekere werksaamhede.

1. (1) Die Staatspresident kan by proklamasie in die *Staatskoerant* verklaar dat vanaf 'n datum daarin vermeld enige werksaamheid met betrekking tot indiensneming of indiensplasing van Swartes deur of ingevolge die Wet op Swart Arbeid, 1964 (Wet No. 67 van 1964), of die Swart Arbeidregulasies, 1965, afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R.1892 van 3 Desember 1965, aan enige beampte opgedra en in genoemde proklamasie vermeld, oorgaan op 'n beampte of kategorie beamptes in die Departement van Mannekragbenutting, of op enige ander persoon ongeag of hy 'n beampte is soos omskryf in artikel 1 van die Staatsdienswet, 1957 (Wet No. 54 van 1957), insgelyks vermeld.

(2) Die Staatspresident kan op dergelike wyse 'n proklamasie kragtens subartikel (1) uitgevaardig, herroep of van tyd tot tyd wysig.

Kort titel.

2. Hierdie Wet heet die Wet op Swart Arbeid (Oordrag van Werksaamhede), 1980.

ACT

To provide for the devolution upon officers of the Department of Manpower Utilization and certain other persons of certain functions in terms of the Black Labour Act, 1964, and certain regulations.

(English text signed by the State President.)
(Assented to 1 July 1980.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Devolution of certain functions.

1. (1) The State President may by proclamation in the *Gazette* declare that as from a date specified therein any function relating to the employment or the placing in employment of Blacks, assigned by or in terms of the Black Labour Act, 1964 (Act No. 67 of 1964), or the Black Labour Regulations, 1965, published by Government Notice No. R.1892 of 3 December 1965, to any officer and specified in the said proclamation, shall devolve upon an officer or a category of officers of the Department of Manpower Utilization, or upon any other person irrespective of whether he is an officer as defined in section 1 of the Public Service Act, 1957 (Act No. 54 of 1957), similarly specified.

(2) The State President may in like manner repeal or from time to time amend any proclamation issued under subsection (1).

Short title.

2. This Act shall be called the Black Labour (Transfer of Functions) Act, 1980.

7143
University of Fort Hare
Together in Excellence

STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

IN LUMINE TUO VIDE BIMUS LUMEN

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

University of Fort Hare

GOVERNMENT GAZETTE

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer *Registered at the Post Office as a Newspaper*

PRYS + 1c AVB 20c PRICE + 1c GST
BUITELANDS 30c ABROAD
POSVRY · POST FREE

VOL. 182] KAAPSTAD, 1 AUGUSTUS 1980 [No. 7143
CAPE TOWN, 1 AUGUST 1980

KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 1518. 1 Augustus 1980.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 90 van 1980: Wysigingswet op Beperking en Bekendmaking van Finansieringskoste, 1980.

OFFICE OF THE PRIME MINISTER

No. 1518. 1 August 1980.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 90 of 1980: Limitation and Disclosure of Finance Charges Amendment Act, 1980.

Wet No. 90, 1980 WYSIGINGSWET OP BEPERKING EN BEKENDMAKING VAN FINANSIERINGSKOSTE, 1980

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[ ] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

_____ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

WET

Tot wysiging van die Wet op Beperking en Bekendmaking van Finansieringskoste, 1968, betreffende woordomskrywings; om die bepalings van voormelde Wet van toepassing te maak ten opsigte van sekere huurtransaksies; betreffende die finansieringskostekoerse wat ten opsigte van geldleningstransaksies, krediettransaksies en huurtransaksies beding, geëis of ontvang mag word; om die finansieringskoste te beperk ten opsigte van geldleningstransaksies wat deur sekere verbande gesekureer word; betreffende die besonderhede wat deur sekere verhuurders in verband met huurtransaksies vermeld moet word; die besonderhede in skuldaktes aangaande die betaling voor die vervaldatums van hoofskulde en finansieringskoste ingevolge sekere transaksies; die versuim van skuldenare om die hoofskulde en finansieringskoste verskuldig ingevolge sekere transaksies te betaal op die datums ten opsigte waarvan hulle skriftelik aan die skuldeisers kennis gegee het dat hulle daardie hoofskulde en finansieringskoste sal betaal; die verhaal van sekere kostes wat in verband met sekere transaksies aangegaan is; die betaling voor die vervaldatums van gedeeltes van die hoofskulde en finansieringskoste ingevolge sekere transaksies; die gevolge van kennisgewings aangaande betaling voor die vervaldatums van die hoofskulde en finansieringskoste ingevolge sekere geldleningstransaksies en krediettransaksies; die gevolge van sekere ooreenkomste aangaande veranderings in die bedrae van paaiemente en aangaande die konsolidasie van die bedrae van hoofskulde en finansieringskoste wat ingevolge geldleningstransaksies en krediettransaksies betaalbaar is; die vervanging van roerende goedere wat ingevolge sekere huurtransaksies verhuur word; die gevolge van ooreenkomste aangaande veranderings in die bedrae wat ingevolge sekere huurtransaksies betaalbaar is; die beëindiging van huurtransaksies voor die verstryking van die betrokke huurtermyne; die gevolge van kennisgewings aangaande betaling voor die vervaldatums van die uitstaande hoofskulde en finansieringskoste ingevolge sekere huurtransaksies in gevalle waar sodanige transaksies beëindig is en in gevalle waar sodanige transaksies nie beëindig is nie; die betaling sonder kennisgewing voor die vervaldatums van die hoofskulde en finansieringskoste ingevolge sekere huurtransaksies in gevalle waar sodanige transaksies beëindig is en in gevalle waar sodanige transaksies nie beëindig is nie; die geldwaarde van roerende goedere by verstryking van die huurtermyne ingevolge, of by beëindiging van, die huurtransaksies waarkragtens sodanige goedere verhuur word; die verhaal van sekere bykomende finansieringskoste en regskoste ten opsigte van sekere huurtransaksies; die verstrekking van sekere inligting deur gelduitleners, kredietgewers en verhuurders

LIMITATION AND DISCLOSURE OF FINANCE CHARGES AMENDMENT ACT, 1980 **Act No. 90, 1980**

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

[ ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

Words underlined with solid line indicate insertions in existing enactments.

ACT

To amend the Limitation and Disclosure of Finance Charges Act, 1968, relating to definitions; to apply the provisions of the said Act in respect of certain leasing transactions: relating to the finance charge rates which may be stipulated for or demanded or received in respect of money lending transactions, credit transactions and leasing transactions; to limit the finance charges in respect of money lending transactions secured by certain bonds; relating to the particulars to be stated by certain lessors in respect of leasing transactions; the particulars in instruments of debt concerning the payment before the due dates of principal debts and finance charges owing in terms of certain transactions; the failure of debtors to pay the principal debts and finance charges owing in terms of certain transactions on the dates in respect of which they notified the creditors in writing that they would pay such principal debts and finance charges; the recovery of certain costs incurred in connection with certain transactions; the payment before the due dates of portions of the principal debts and finance charges in terms of certain transactions; the consequences of notices concerning the payment before the due dates of the principal debts and finance charges owing in terms of certain money lending transactions and credit transactions; the consequences of certain agreements concerning changes of the amounts of instalments and concerning the consolidation of the amounts of principal debts and finance charges payable in terms of money lending transactions and credit transactions; the replacement of movable property leased in terms of certain leasing transactions; the consequences of agreements concerning changes of the amounts payable in terms of certain leasing transactions; the termination of leasing transactions before the expiry of the leases in question; the consequences of notices concerning payment before the due dates of the principal debts and finance charges owing in terms of certain leasing transactions in cases where such transactions have been terminated and in cases where such transactions have not been terminated; the payment without notice before the due dates of the principal debts and finance charges owing in terms of certain leasing transactions in cases where such transactions have been terminated and in cases where such transactions have not been terminated; the money value of movable property at the expiry of the leases in terms of, or at the termination of, the leasing transactions under which such property is being leased; the recovery of certain additional finance charges and legal costs in respect of certain leasing transactions; the furnishing of certain information by moneylenders, credit grantors and lessors to borrowers, credit receivers and lessees; the recovery of costs in connection with the repair and

Wet No. 90, 1980 WYSIGINGSWET OP BEPERKING EN BEKENDMAKING VAN FINANSIERINGSKOSTE, 1980

aan geldopnemers, kredietopnemers en huurders; die verhaal van koste in verband met die herstel en instandhouding van roerende goedere wat ingevolge sekere huurtransaksies verhuur word; en vrystellings van die bepalings van voormelde Wet; en om voorsiening te maak vir die verwysing deur die Registrateur van Finansiële Instellings van sekere regsvrae vir opinie deur die Hooggeregshof; en om voorsiening te maak vir bykomstige aangeleenthede.

(*Engelse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op 1 Julie 1980.*)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 73 van 1968, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 76 van 1970 en artikel 1 van Wet 62 van 1974.

1. Artikel 1 van die Wet op Beperking en Bekendmaking van Finansieringskoste, 1968 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

(a) deur die volgende omskrywings voor die omskrywing van „finansieringskoste" in te voeg:

„'bestuurder', met betrekking tot 'n kredietkaartskema, 'n bestuurder soos bedoel in die omskrywing van kredietkaartskema;

'boekwaarde', met betrekking tot roerende goed wat ingevolge 'n huurtransaksie verhuur word, die geldwaarde van daardie goed by verstryking van die huurtermyn, soos deur die verhuurder by die aangaan van daardie transaksie bepaal;

'bytelkoers per jaar' 'n koers wat bereken word deur die finansieringskoste per jaar as 'n persentasie van die hoofskuld uit te druk;";

(b) deur die omskrywing van „finansieringskoste" deur die volgende omskrywing te vervang:

„'finansieringskoste' die totaal van enige geldwaardige teenprestasie wat 'n geldopnemer of kredietopnemer of huurder uit hoofde van 'n geldleningstransaksie of 'n krediettransaksie of 'n huurtransaksie, **[buite en behalwe 'n in artikel 5 (1) *(b)* bedoelde bedrag en enige geldwaardige teenprestasie wat uitdruklik deur hierdie Wet by die hoofskuld ingesluit word]** hetsy as deel van die hoofskuld of andersins, regstreeks of onregstreeks aan 'n gelduitlener of kredietgewer of verhuurder of aan of ten behoewe van 'n tussenganger tussen hom en 'n gelduitlener of kredietgewer of verhuurder, gegee het of verskuldig is, en **[sluit dit]** ook, **[in]** in die geval van 'n ooreenkoms waarkragtens goedere verkoop word op 'n voorwaarde waarvolgens daardie goedere teruggekoop word teen 'n hoër prys, die verskil tussen die hoër prys waarteen die goedere teruggekoop word en die laer prys waarteen die goedere verkoop word, maar nie ook—

(a) grootboekgelde nie;

(b) 'n bedrag bedoel in artikel 5 (1) *(b)* nie;

(c) die koste bedoel in artikel 5 (1) *(e)* of *(f)* nie;

(d) die koste vir herstel en instandhouding van die roerende goed wat ingevolge 'n huurtransaksie verhuur is nie;

(e) enige geldwaardige teenprestasie wat uitdruklik deur hierdie Wet by die hoofskuld ingesluit word nie;

(f) enige onderskrywingsgelde nie;";

(c) deur die omskrywing van „geldleningstransaksie" deur die volgende omskrywing te vervang:

„'geldleningstransaksie' 'n transaksie wat, in watter vorm dit ook al is, en ongeag of dit deel uitmaak

maintenance of movable property leased in terms of certain leasing transactions; and exemptions from the provisions of the said Act; and to provide for the reference by the Registrar of Financial Institutions of certain questions of law for the opinion of the Supreme Court; and to provide for incidental matters.

(English text signed by the State President.)
(Assented to 1 July 1980.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 73 of 1968, as amended by section 1 of Act 76 of 1970 and section 1 of Act 62 of 1974.

1. Section 1 of the Limitation and Disclosure of Finance Charges Act, 1968 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

(a) by the insertion before the definition of ''annual finance charge rate'' of the following definition:
'''annual add-on rate' means a rate calculated by expressing the annual finance charges as a percentage of the principal debt;'';

(b) by the insertion after the definition of ''annual finance charge rate'' of the following definition:
'''book value' means, in relation to movable property leased in terms of a leasing transaction, the money value of such property at the expiry of the lease, as determined by the lessor at the time of the conclusion of such transaction;'';

(c) by the insertion after the definition of ''borrower'' of the following definitions:
'''credit card' means any document of identification, irrespective of the form thereof, issued in connection with a credit card scheme by a manager to a credit card holder;
'credit card holder' means a credit card holder referred to in the definition of credit card scheme;
'credit card scheme' means any arrangement or scheme under which—
(a) any person (in this definition referred to as a manager) carrying on such arrangement or scheme—
(i) authorizes any person (in this definition referred to as a credit card holder) in terms of, and on the conditions of, an agreement between the manager and the credit card holder—
(aa) to purchase any goods or obtain any services on the strength of a valid credit card issued to him by such manager from any person (in this definition referred to as a supplier) authorized by such manager in terms of, and on the conditions of, an agreement between such manager and the supplier to sell goods or render services to any such credit card holder on the strength of a valid credit card issued to him by such manager;
(bb) to obtain an amount of cash from such manager on the strength of a

van 'n ander transaksie of nie, wesenlik een van geldleen is, en **[sluit dit]** ook—

(a) 'n ooreenkoms **[in]** waarkragtens goedere verkoop word op 'n voorwaarde waarvolgens daardie goedere teruggekoop word teen 'n hoër prys, in watter geval die laer prys waarteen die goedere verkoop word by die toepassing van hierdie Wet geag word 'n som geld te wees wat uitgeleen is;

(b) 'n ooreenkoms waarkragtens goedere verkoop of dienste gelewer word aan of 'n kontantbedrag verkry word deur 'n kredietkaarthouer ingevolge 'n kredietkaartskema, in watter geval die prys waarteen daardie goedere aldus verkoop of daardie dienste aldus gelewer of daardie kontantbedrag aldus verkry is, by die toepassing van hierdie Wet geag word 'n som geld te wees wat deur die betrokke bestuurder aan daardie kredietkaarthouer uitgeleen is;

(c) 'n transaksie waarkragtens onroerende goed verkoop word teen betaling deur die koper aan, of aan enigiemand ten behoewe van, die verkoper van 'n som geld op 'n bepaalde of bepaalbare toekomstige datum of in die geheel of gedeeltelik in paaiemente oor 'n tydperk in die toekoms, in watter geval daardie som geld, uitgesonderd finansieringskoste, by die toepassing van hierdie Wet geag word 'n som geld te wees wat deur die verkoper aan die koper uitgeleen is;

(d) 'n transaksie waarkragtens 'n som geld wat verskuldig is ten opsigte van veranderings of verbeterings aan onroerende goed deur 'n skuldenaar betaal moet word op 'n bepaalde of bepaalbare toekomstige datum of in die geheel of gedeeltelik in paaiemente oor 'n tydperk in die toekoms, in watter geval daardie som geld by die toepassing van hierdie Wet geag word 'n som geld te wees wat aan die skuldenaar uitgeleen is;'';

(d) deur die omskrywing van „gelduitlener'' deur die volgende omskrywing te vervang:

„'gelduitlener'—

(a) iemand wat 'n lening van 'n som geld ingevolge 'n geldleningstransaksie aan 'n voornemende geldopnemer of 'n geldopnemer toestaan of toegestaan het; **[of]**

(b) iemand op wie die regte of die regte en verpligtinge van 'n gelduitlener ten opsigte van 'n geldleningstransaksie, hetsy deur oordrag, sessie of andersins, oorgegaan het; **[en]**

(c) die houer van 'n skuldakte wat in verband met 'n geldleningstransaksie verly is;

(d) 'n bestuurder;'';

(e) deur die omskrywing van „grootboekgelde'' deur die volgende omskrywing te vervang:

„'grootboekgelde' gelde wat 'n **[in]** bankinstelling soos omskryf in artikel 1 (1) van die Bankwet, 1965 (Wet No. 23 van 1965), **[omskrewe bankinstelling]** hef vir die hou van 'n **[rekening]** tjekrekening ten behoewe van 'n kliënt waaruit opvragings deur daardie kliënt deur middel van **[tjeks]** 'n tjek wat in aanmerking kom vir klaring deur die verrekeningsbanke van Suid-Afrika gedoen kan word en wat aldus gehef word hetsy die rekening 'n debetsaldo of 'n kreditsaldo toon;'';

(f) deur die omskrywing van „hoofskuld'' deur die volgende omskrywing te vervang:

valid credit card issued to him by such manager;

(ii) in terms of, and on the conditions of, an agreement between himself and a supplier undertakes to pay for any goods purchased or services obtained from such supplier by a credit card holder on the strength of a valid credit card issued to him by such manager;

(b) a supplier in terms of, and on the conditions of, an agreement between himself and a manager undertakes to sell goods or render services to a credit card holder on the strength of a valid credit card issued to him by such manager;

(c) a credit card holder in terms of, and on the conditions of, an agreement between himself and a manager undertakes—

(i) to pay to such manager any amount paid by such manager to a supplier in respect of goods sold or services rendered by such supplier to such credit card holder on the strength of a valid credit card issued to him by such manager;

(ii) to repay to such manager any amount of cash obtained by such credit card holder from such manager on the strength of a valid credit card issued to him by such manager;'';

(d) by the substitution for the definition of ''credit receiver'' of the following definition:

'''credit receiver' means any **[natural]** person to whom a credit grantor has granted credit in terms of a credit transaction, or any **[natural]** person to whom, whether by delegation, cession or otherwise, the rights and obligations of a credit receiver in respect of a credit transaction have passed;'';

(e) by the substitution for the definition of ''credit transaction'' of the following definition:

'''credit transaction' means any transaction, whatever its form may be, by which—

(a) a credit grantor and a credit receiver agree that the credit grantor sell or supply to the credit receiver movable property or services **[intended mainly for personal, family, household or farming purposes]** against payment by the credit receiver to the credit grantor of a stated or determinable sum of money at a stated or determinable future date or in whole or in part in instalments over a period in the future; or

(b) a credit grantor and a credit receiver agree that the credit grantor transfer or grant to the credit receiver the use or enjoyment of movable property or services **[intended mainly for personal, family, household or farming purposes]** against payment by the credit receiver to the credit grantor of a stated or determinable sum of money at a stated or determinable future date or in whole or in part in instalments over a period in the future, but does not include any transaction by which it is agreed at the time of the conclusion of the

University of Fort Hare
Together in Excellence

Wet No. 90, 1980 WYSIGINGSWET OP BEPERKING EN BEKENDMAKING VAN FINANSIERINGSKOSTE, 1980

,,,hoofskuld', met betrekking tot—

(a) 'n geldleningstransaksie—

(i) die kontantbedrag geld wat werklik deur of ten behoewe van 'n geldopnemer ingevolge bedoelde transaksie ontvang is; plus

(ii) die koste ten opsigte van seëlregte wat werklik deur die gelduitlener in verband met bedoelde transaksie betaal is of betaal moet word en aan hom deur die geldopnemer verskuldig is; plus

(iii) indien die gelduitlener kragtens 'n geskrewe ooreenkoms tussen hom en die geldopnemer daartoe gemagtig is—

(aa) waar die geldlening in die geheel of gedeeltelik deur 'n verband op onroerende goed of 'n notariële verband op roerende goed gesekureer is—

[(i)] *(aaa)* die koste wat werklik deur die gelduitlener ten opsigte van die opstelling, verlyding en registrasie van die verband betaal is of betaal moet word; **[en**

(ii)] *(bbb)* belastingvorderings, **[en]** ander fiskale heffings en lisensiegelde en verpligte heffings ten opsigte van 'n deeltitelskema aan 'n regspersoon ingestel ingevolge artikel 28 van die Wet op Deeltitels, 1971 (Wet No. 66 van 1971), **[en brandversekeringspremies]** wat werklik deur die gelduitlener betaal is of betaal moet word ten opsigte van die betrokke goed;

(ccc) premies wat werklik deur die gelduitlener betaal is of betaal moet word aan 'n versekeraar geregistreer ingevolge die Versekeringswet, 1943 (Wet No. 27 van 1943), met inbegrip van 'n versekeraar van Lloyds wat ingevolge daardie Wet gemagtig is om versekeringsbesigheid in die Republiek te dryf, ten opsigte van 'n versekeringspolis ingevolge waarvan die betrokke goed verseker is teen verlies of skade deur brand, oproer, openbare onrus, aardskudding en verlies aan inkomste veroorsaak en teen enige ander verlies of skade waarteen sodanige goed gewoonlik verseker word;

(ddd) koste wat werklik deur die gelduitlener betaal is aan iemand wat vir eie rekening of as vennoot in 'n prokureursfirma of as lid van 'n professionele maatskappy as prokureur praktiseer, ten opsigte van die opstelling van die dokumente, met inbegrip van die betrokke skuldakte, waarin die betrokke geldleningstransaksie beliggaam is;

IN LUMINE TUO VIDE BIMUS LUMEN
University of Fort Hare
Together in Excellence

transaction **[(i)]** that the debtor, or any person on his behalf, shall at no stage during the period during which the use or enjoyment of movable property is granted to him or thereafter, acquire ownership of such property and that after the expiration of the said period, he shall not retain the possession, use or enjoyment of the property concerned; **[and (ii) that the creditor shall, after the return to him of the movable property, apart from arrear instalments, not collect any further payments from the debtor unless at the time the agreement was entered into, agreement was reached in writing on the depreciated value of the said property at any material stage of the agreement and that upon termination of the agreement an adjustment shall be made only for the difference between the agreed depreciated value and the actual market value of the said property at that particular time;]**'';

(f) by the insertion after the definition of ''credit transaction'' of the following definition:

''<u>'debenture' means—</u>

<u>*(a)* a debenture created and issued in terms of, and in respect of which the person issuing it has complied with, the provisions of the Companies Act, 1973 (Act No. 61 of 1973);</u>

<u>*(b)* a security as defined in section 1 (1) of the Exchequer and Audit Act, 1975 (Act No. 66 of 1975);</u>

<u>*(c)* any bill, bond, security or any other document issued as evidence of the borrowing of money by any institution, council or body contemplated in section 84 (1) *(f)* of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961 (Act No. 32 of 1961), or by the Electricity Supply Commission or the Rand Water Board or by any other institution, council or body designated for the purposes of this paragraph by the Registrar by notice in the *Gazette*;</u>'';

(g) by the substitution for the definition of ''finance charges'' of the following definition:

''finance charges' means the total of any valuable consideration, which **[apart from any amount referred to in section 5 (1) *(b)* and any valuable consideration which is specifically included in the principal debt by this Act]** a borrower or credit receiver <u>or lessee</u> has given or is owing, whether as part of the principal debt or otherwise, directly or indirectly, to a moneylender or credit grantor <u>or lessor</u> or to or on behalf of any intermediary between himself and a moneylender or credit grantor <u>or lessor</u> in terms of a money lending transaction or a credit transaction <u>or a leasing transaction</u>, and includes, in the case of an agreement in terms of which goods are sold under a condition of repurchase of such goods at a higher price, the difference between the higher price at which the goods are repurchased and the lower price at which the goods are sold, but does not include—

Wet No. 90, 1980 WYSIGINGSWET OP BEPERKING EN BEKENDMAKING VAN FINANSIERINGSKOSTE, 1980

(bb) premies wat werklik deur die gelduitlener betaal is of betaal moet word aan 'n versekeraar geregistreer ingevolge die Versekeringswet, 1943, soos ooreengekom tussen die versekerde en daardie versekeraar ten opsigte van 'n **[versekeringspolis]** lewenspolis wat as sekuriteit vir die terugbetaling van die lening aan die gelduitlener gesedeer is; **[en]**

(cc) premies wat werklik deur die gelduitlener betaal is of betaal moet word aan 'n versekeraar geregistreer ingevolge die Versekeringswet, 1943, met inbegrip van 'n versekeraar van Lloyds wat ingevolge daardie Wet gemagtig is om versekeringsbesigheid in die Republiek te dryf, ten opsigte van 'n versekeringspolis oor roerende goed ingevolge waarvan daardie goed verseker is teen verlies of skade veroorsaak deur brand, oproer, openbare onrus, aardskudding en verlies aan inkomste en teen enige ander verlies of skade waarteen sodanige goed gewoonlik verseker word **[wat aan die gelduitlener verpand is]** en wat as sekuriteit vir die terugbetaling van die lening dien; **[of]**

(dd) premies wat werklik deur 'n gelduitlener vir versekering ingevolge die Wet op Verpligte Motorvoertuigversekering, 1972 (Wet No. 56 van 1972), ten behoewe van 'n geldopnemer betaal is;

(ee) bedrae wat ten opsigte van fiskale koste, seëlregte en hereregte bestee is; of

(b) 'n krediettransaksie—

(i) die verkoopprys van roerende goed of dienste, of, indien toepaslik, die verskil tussen die verkoopprys van roerende goed of dienste en die kontantbedrag geld of die ooreengekome redelike waarde van goedere wat deur die kredietopnemer aan die kredietgewer betaal of gelewer is of betaal of gelewer moet word vir aanwending ter vermindering van bedoelde verkoopprys; of

(ii) die verskil tussen die totale geldsom, uitgesonderd finansieringskoste, wat deur die kredietgewer vir die gebruik of genot van roerende goed of dienste gevorder word en die kontantbedrag geld of die ooreengekome redelike waarde van goedere wat deur die kredietopnemer aan die kredietgewer betaal of gelewer is of betaal of gelewer moet word vir verrekening teen bedoelde geldsom; plus

(iii) die koste ten opsigte van seëlregte wat werklik deur die kredietgewer in verband met bedoelde transaksie betaal is of betaal moet word en aan hom deur die kredietopnemer verskuldig is; plus

(iv) indien die kredietgewer kragtens 'n

(a) a ledger fee;
(b) any amount referred to in section 5 (1) *(b)*;
(c) the costs referred to in section 5 (1) *(e)* or *(f)*;
(d) the costs of repair and maintenance of the movable property leased in terms of a leasing transaction;
(e) any valuable consideration specifically included in the principal debt by this Act,
(f) any underwriting fee;'';

(h) by the substitution for the definition of ''instrument of debt'' of the following definition:
'''instrument of debt' includes a negotiable instrument, bond, written contract or agreement or other document containing the terms and conditions of any contract or agreement in connection with a money lending transaction or a credit transaction or a leasing transaction, but does not include any covering bond in so far as it purports to convey security for future advances;'';

(i) by the insertion after the definition of ''instrument of debt'' of the following definitions:
'''intermediary' means any director, manager or employee of, and any person who acts on behalf of, a moneylender or a credit grantor or a lessor, and any person, except the moneylender or the credit grantor or the lessor concerned, who receives an application from any person who intends to borrow money in terms of a money lending transaction or to obtain credit in terms of a credit transaction or to lease movable property in terms of a leasing transaction, or who in any manner acts on behalf of any person so intending in any negotiations relating to such loan, obtaining or lease;
'leasing transaction' means any transaction, whatever its form may be, by which a lessor leases movable property to a lessee against payment by the lessee to the lessor of a stated or determinable sum of money at a stated or determinable future date or in whole or in part in instalments over a period in the future, but does not include any transaction by which it is agreed at the time of the conclusion of the transaction that the debtor or any person on his behalf shall at any stage during or after the expiry of the lease or after the termination of the transaction become the owner of such movable property or after such expiry or termination, except in the circumstances referred to in section 6K, retain the possession or use or enjoyment of such movable property;'';

(j) by the substitution for the definition of ''ledger fee'' of the following definition:
'''ledger fee' means a fee charged by a banking institution as defined in section 1 (1) of the Banks Act, 1965 (Act No. 23 of 1965), for keeping [an] on behalf of a client a cheque account from which withdrawals may be made by such client by means of a cheque which is eligible for clearing through the clearing house system of the clearing banks of South Africa and which is so charged whether the account shows a debit balance or a credit balance;'';

geskrewe ooreenkoms tussen hom en die kredietopnemer daartoe gemagtig is—

(aa) waar goed ingevolge 'n notariële verband of 'n verband op onroerende goed aan die kredietgewer as sekuriteit in verband met bedoelde transaksie verpand of verhipotekeer is, die koste wat werklik deur die kredietgewer betaal is of betaal moet word ten opsigte van die opstelling, verlyding en registrasie van die verband;

(bb) premies wat werklik deur die kredietgewer betaal is of betaal moet word aan 'n versekeraar geregistreer ingevolge die Versekeringswet, 1943, met inbegrip van 'n versekeraar van Lloyds wat ingevolge daardie Wet gemagtig is om versekeringsbesigheid in die Republiek te dryf, ten opsigte van 'n versekeringspolis **[oor]** ingevolge waarvan die goed wat verkoop is en enige ander goed wat as sekuriteit in verband met bedoelde transaksie dien, verseker is teen verlies of skade veroorsaak deur brand, oproer, openbare onrus, aardskudding en verlies aan inkomste en teen enige ander verlies of skade waarteen sodanige goed gewoonlik verseker word; **[en]**

(cc) premies wat werklik deur die kredietgewer betaal is of betaal moet word aan 'n versekeraar geregistreer ingevolge die Versekeringswet, 1943, soos ooreengekom tussen die versekerde en daardie versekeraar ten opsigte van 'n lewenspolis en wat aan die kredietgewer as sekuriteit in verband met bedoelde transaksie gesedeer is;

(dd) premies wat werklik deur 'n kredietgewer vir versekering ingevolge die Wet op Verpligte Motorvoertuigversekering, 1972, ten behoewe van 'n kredietopnemer betaal is;

[*(cc)***]** *(ee)* belastingvorderings, **[en]** ander fiskale heffings en lisensiegelde **[en ander gelde]** wat in verband met bedoelde transaksie betaalbaar is en wat werklik deur die kredietgewer betaal is of betaal moet word;

(ff) koste wat werklik deur die kredietgewer betaal is aan iemand wat vir eie rekening of as vennoot in 'n prokureursfirma of as lid van 'n professionele maatskappy as prokureur praktiseer, ten opsigte van die opstelling van die dokumente, met inbegrip van die betrokke skuldakte, waarin die betrokke krediettransaksie beliggaam is; of

(c) 'n huurtransaksie—

(i) die verskil tussen—

(aa) die kontantprys waarteen die roerende goed wat ingevolge bedoelde transaksie verhuur word normaalweg

(k) by the insertion after the definition of ''ledger fee'' of the following definitions:

'''lessee' means any person who leases movable property in terms of a leasing transaction, and includes any person to whom, whether by delegation, cession or otherwise, the rights and obligations of a lessee in respect of a leasing transaction, have passed;

'lessor' means any person who leases or has leased movable property to a lessee in terms of a leasing transaction, and includes any person to whom, whether by delegation, cession or otherwise, the rights or the rights and obligations of a lessor in respect of a leasing transaction have passed;

'manager', in relation to a credit card scheme, means a manager referred to in the definition of credit card scheme;'';

(l) by the substitution for the definition of ''moneylender'' of the following definition:

'''moneylender' means—

(a) any person who is granting or has granted a loan of a sum of money to a prospective borrower or to a borrower in terms of a money lending transaction; **[or]**

(b) any person to whom, whether by delegation, cession or otherwise, the rights or the rights and obligations of a moneylender in respect of a money lending transaction have passed; **[and]**

(c) the holder of an instrument of debt executed in respect of a money lending transaction;

(d) any manager;'';

(m) by the substitution for the definition of ''money lending transaction'' of the following definition:

'''money lending transaction' means any transaction which, whatever its form may be, and whether or not it forms part of another transaction, is substantially one of money lending, and includes—

(a) any agreement in terms of which goods are sold under a condition of repurchase of such goods at a higher price, in which case the lower price at which the goods are sold shall for the purposes of this Act be deemed to be a sum of money lent;

(b) any transaction under which goods are purchased by or services are rendered to or any amount of cash is obtained by a credit card holder in terms of a credit card scheme, in which case the price at which the goods are so purchased or such services are so rendered or such amount of cash is so obtained shall for the purposes of this Act be deemed to be a sum of money lent by the manager concerned to such credit card holder;

(c) any transaction under which immovable property is sold against payment by the purchaser to, or to any person on behalf of, the seller of a sum of money at a stated or determinable future

deur die verhuurder op die datum waarop bedoelde transaksie aangegaan word, verkoop word of, indien die verhuurder nie 'n handelaar is wat normaalweg enige sodanige roerende goed verkoop nie, die redelike geldwaarde van daardie roerende goed soos ooreengekom deur die verhuurder en die huurder of, wanneer toepaslik, die geldwaarde wat ingevolge artikel 6K ten opsigte van sodanige roerende goed bepaal is; en

(bb) die som van—

(aaa) die kontantbedrag geld wat op die datum van bedoelde transaksie deur of ten behoewe van die huurder aan of ten behoewe van die verhuurder betaal is of betaal moet word;

(bbb) die ooreengekome redelike waarde van goedere wat deur die huurder aan die verhuurder gelewer is of gelewer moet word vir aanwending ter vermindering van die kontantprys, redelike geldwaarde of geldwaarde bedoel in paragraaf (i) *(aa)*; en

(ccc) die teenswoordige waarde van die boekwaarde van die goed wat ingevolge bedoelde transaksie verhuur word; plus

(ii) die koste ten opsigte van seëlregte wat werklik deur die verhuurder in verband met bedoelde transaksie betaal is of betaal moet word en aan hom deur die huurder verskuldig is; plus

(iii) indien die verhuurder kragtens 'n geskrewe ooreenkoms tussen hom en die huurder daartoe gemagtig is—

(aa) waar goed ingevolge 'n notariële verband of 'n verband op onroerende goed aan die verhuurder as sekuriteit in verband met bedoelde transaksie verpand of verhipotekeer is, die koste wat werklik deur die verhuurder betaal is of betaal moet word ten opsigte van die opstelling, verlyding en registrasie van die verband;

(bb) premies wat werklik deur die verhuurder betaal is of betaal moet word aan 'n versekeraar geregistreer ingevolge die Versekeringswet, 1943, met inbegrip van 'n versekeraar van Lloyds wat ingevolge daardie Wet gemagtig is om versekeringsbesigheid in die Republiek te dryf, ten opsigte van 'n versekeringspolis ingevolge waarvan die goed wat verhuur is en enige ander goed wat as sekuriteit in verband met bedoelde transaksie dien, verseker is teen verlies of skade veroorsaak deur brand, oproer, openbare onrus, aardskudding en verlies aan inkomste en teen enige ander verlies of skade waarteen sodanige goed normaalweg verseker word;

(cc) premies wat werklik deur die verhuurder betaal is of betaal moet word aan 'n versekeraar geregistreer ingevolge die Versekeringswet,

IN LUMINE TUO VIDE BIMUS LUMEN
University of Fort Hare
Together in Excellence

date or in whole or in part in instalments over a period in the future, in which case such sum, excluding finance charges, shall for the purposes of this Act be deemed to be a sum of money lent by the seller to the purchaser;

(d) any transaction in terms of which a sum of money owing for alterations or improvements to immovable property is to be paid by a debtor at a stated or determinable future date or in whole or in part in instalments over a period in the future, in which case such sum of money shall for the purposes of this Act be deemed to be a sum of money lent to the debtor;'';

(n) by the substitution in the definition of ''period'' for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:
'''period' means, where the parties to an agreement in connection with a money lending transaction or a credit transaction or a leasing transaction have agreed that the sum of money payable in connection with the transaction—'';

(o) by the insertion after the definition of ''period'' of the following definition:
